DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

VRYE Weekblad

14 Julie1989 Tel: (011) 836-2151 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)



Mandela: Die man op wie die wêreld wag

Só lyk die man op wie miljoene Suid-Afrikaners se hoop vir 'n nuwe, vreedsame toekoms rus. Die man wat saam met PW Botha tee gedrink het en toe teruggestuur is tronk toe. Die man wat hom in sy eerste openbare verklaring sedert Junie 1964 tot 'n klimaat van vrede verbind het. Dit is 'n gesig wat 'n kwarteeu laas in die openbaar gesien is. Op bladsye 10 en 11 is daar nog foto's van hom voor hy Robbeneiland toe gestuur is.

Skets deur Alistair Findlay

Sisulu eerste vry - 2

Min dae vir Mandela - en nog minder vir Sisulu

Max du Preez en Elsabé Wessels

DIT LYK of die regering oorgehaal is om die tweede fase van sy "Mandela-plan" in werking te stel: die vrylating van minstens twee senior politieke aangehoudenes, Walter Sisulu en Oscar Mpetha.

Vrye Weekblad het op goeie gesag verneem dat dié twee leiers baie binnekort - vóór die verkiesing - vrygelaat gaan word en dat die eerste stappe in dié verband reeds geneem is.

Een teorie is dat die NP-leier, FW de Klerk, 'n stappie verder wil gaan as die koppie tee in Tuynhuys voor hy president George Bush in Washington gaan ontmoet.

Mandela self versoek geruime tyd reeds hul vrylating weens hul swak gesondheid. Sisulu, wat in 1964 saam met Mandela lewenslank tronk toe gestuur is, is 77 jaar oud. Hy is die man van Albertina Sisulu wat verlede week met Bush en dié week met die Britse premier, Margaret Thatcher, beraadslaag het.

Die 79-jarige Govan Mbeki wat ook in die Rivonia-verhoor tot lewenslange tronkstraf gevonnis is, is in 1987 weens swak gesondheid vrygelaat.

Die 80-jarige Mpetha, 'n Kaapse vakbondleier, is in 1984 tot 10 jaar gevangenistraf gevonnis.

Maar terwyl die hele wêreld Mandela se dae in die tronk nou aftel, speel die regering steeds kat en muis oor die vrylatingdatum van Suid-Afrika se bekendste politieke gevangene. Daar word wyd aanvaar dat dit nie vóór die algemene verkiesing op 6 September sal wees nie.

Dat die regering nie veel langer kan uitstel nie, is egter duidelik. Buiten die beloftes wat wyd aan Westerse leiers gemaak is - en die toenemende druk uit dié geledere - kan die buitengewone "welwillendheidsbesoek" aan Tuynhuis nie ongedaan gemaak word nie.

Boonop het Mandela klaarblyklik die regering se nuwe voorwaarde vir vrylating - dat hy hom tot vreedsame naasbestaan uitspreek eerder as om "geweld af te sweer" - nagekom met sy verklaring wat prominent en herhaaldelik op TV- en radiobulletins van die SAUK gelees is.

Die minister van Justisie, Kobie Coetsee, het Woensdag op 'n openbare vergadering die Tuynhuis-besoek as 'n "deurbraak" beskryf.

Die minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, het dit vroeër as "waarskynlik die belangrikste ontwikkeling in die onlangse geskiedenis" bestempel.

Coetsee was ook by verlede week se gesprek in Tuynhuis, en volgens bronne het verskeie ander kabinetslede Mandela ook in die jongste tyd gesien.

In sy verklaring Woensdag het Mandela gesê dialoog "met die breë demokratiese beweging, en in besonder die ANC, is die enigste manier om geweld te beëindig en vrede te bewerkstelling. Hy sê sy "vrylating is nie nou ter sprake nie", maar dat hy nou 'n "bydrae wil lewer om 'n klimaat vir onderhandeling te skep."

Dit was slegs die tweede keer sedert 1964 dat toestemming gegee is dat Mandela aangehaal word. In 1985 het sy dogter Zinzi toestemming ontvang om 'n verklaring van haar pa aan te haal waarin hy gesê het: "Slegs vry mense kan onderhandel, 'n gevangene kan nie 'n kontrak sluit nie."

Die gesprek met Botha het gemengde reaksie in die versetbewegings gehad en daar is selfs tekens van verwarring.

Die vakbondbeweging Cosatu het met ongewone drif gereageer en by monde van sy president, Elijah Barayi, die regering met geweld gedreig as daar nie binne ses maande met die ANC onderhandel word nie.

Volgens die lyfblad van die Kommunistiese Party in die Sowjet-Unie, Pravda, is die ontmoeting 'n direkte erkenning van Mandela se geweldige persoonlike gewildheid en die invloed van die ANC. Die blad sien dit as 'n verandering van Pretoria se standpunt oor die ANC, maar waarsku dat dit in 'n publisiteitset omskep kan word.

Die gesprek is wyd in die Weste geloof, hoewel al die regerings gesê het hulle sal met niks minder as 'n onvoorwaardelike vrylating tevrede wees nie.

Erkende swart leiers stel steeds die onvoorwaardelike vrylating van Nelson Mandela en ander politieke gevangenis as een van die voorvereistes voordat enige samesprekings met die regering oorweeg sal word.

Die leier van Inkatha, Mangosuthu Buthelezi, het dié week voorsien dat 'n vry Mandela ook vrede tussen strydende swart groepe in Suid-Afrika kan bewerkstellig.

Buthelezi sê egter hy sal met die regering onderhandel voordat Mandela en ander politieke leiers vrygelaat is nie en die regering die einde van die huidige grondwetlike bedeling aangekondig het nie.

Ander tuislandleiers het ook die ontmoeting verwelkom.

Jacques Pauw

'n KIESSTELSEL wat die Nasionale Party bevoordeel, gaan ná die verkiesing op 6 September weer beteken dat dié party baie meer setels in die Parlement gaan hê as sy ware steun onder die wit kiesers.

Volgens kiesersstatistiek wat pas deur die minister van Binnelandse Sake, Stoffel Botha, bekend gemaak is, sou 'n herafbakening van kiesafdelings voor die verkiesing 'n baie getrouer weergawe van die ware steun van partye gegee het.

So byvoorbeeld is daar kiesafdelings wat tot 8,8 keer groter as 'n ander is. Maar tog geniet elkeen op die ou end gelyke status in die Parlement.

Volgens die statistiek kan 3 170 667 blankes in die 166 kiesafdelings gaan stem - 'n gemiddeld van 19 100 kiesers per kiesafdeling.

Die grootste kiesafdeling, Noordrand in Transvaal, het 43 637 kiesers vergeleke met Walvisbaai wat die kleinste is met net 4 951 kiesers (8,8 keer groter). En tog kies elkeen een lid vir die Parlement.

Daar is talle ander kiesafdelings in veral Transvaal wat buite verhouding groot is. Soos Bethal (30 934), Helderkruin (32 410), Modderfontein (30 099), Pretoria-Oos (38 867) en Wonderboom (30 077).

Daarenteen is daar verskeie kiesafdelings in Kaapland met minder as tienduisend kiesers: Aliwal (9 817), Beaufort-Wes (8 926), De Aar (9 995), Graaff-Reinet (9 455), Namakwaland (9 934) en Prieska (8 148).

Transvaal het byna sestig persent van die kiesers (1 700 747), maar net 45 persent (76) van die kiesafdelings. Aan die ander kant het Kaapland 27 persent van die kiesers (861 651), maar 34 persent (56) van die setels.

Hierdie wanbalans is vir beide die Konserwatiewe Party en die Demokratiese Party nadelig. Die KP se steun is uitsluitlik in Transvaal geleë, terwyl die DP se steun in stedelike gebiede lê wat tans baie swaar met kiesers gelaai is.

Herafbakening moet hoofsaaklik in veral Transvaal in die PWV-gebied plaasvind en kon verskeie nuwe setels binne DP-bereik geplaas het.

Herafbakening kan ook die KP van nuwe setels ontneem. KP-setels soos Witbank, Randfontein, Overvaal, Middelburg, Losberg en Delmas het almal meer as 22 000 kiesers en kan herafgebaken te word.

Die invloed van die huidige kiesstelsel op die parlementêre politiek blyk duidelik uit die resultate van die Mei 1987-verkiesing.

In daardie verkiesing het die NP 52,7 persent van die steun by die stembus gekry, maar uiteindelik 74 persent (123 uit die 166) van die setels gewen.

Daarteenoor het die KP 26,4 persent steun by die stembus gekry, maar net 13,3 persent (22 uit die 166) van die setels gewen. Die feit dat die HNP die KP in talle grenssetels opponeer het, het hier 'n invloed gehad.

Die PFP/NRP/Onafhanklikes-ooreenkoms het byna agtien persent van die stemme op hom verenig, maar net 12,6 (21 uit die 166) van die setels gewen.

Dit is interessant dat die HNP en die KP in die laaste verkiesing 42 persent van die stemme in die Vrystaat op hul verenig het, maar nie een setel kon wen nie. Die NP het 56 persent van die stemme gekry en al die setels gewen.

* Die grootste kiesafdeling in die land is Phoenix in Natal in die Huis van Afgevaardigdes wat 62 271 kiesers het. Dit is elf keer groter as die kiesafdeling Noordwes-Kaap wat net 5 511 kiesers het. Daar is volgens die statistiek nie een Indiër-kieser in die Vrystaat nie.

NELSON SE VERKLARING

MANDELA-TEXT
JOHANNESBURG JULY 12 SAPA
HEREWITH THE FULL TEXT OF NELSON MANDELA'S STATEMENT AS RELEASED BY THE PRISONS DEPARTMENT:

+THE STATEMENT ISSUED BY THE MINISTER OF JUSTICE, MR KOBIE COETZEE, ON THE MEETING BETWEEN THE STATE PRESIDENT AND MYSELF IS AN ACCURATE REFLECTION OF WHAT HAPPENED AT THE MEETING. THE STATEMENT, HOWEVER, CONSTITUTES NO DEVIATION FROM THE POSITION I HAVE TAKEN OVER THE PAST 28 YEARS, NAMELY THAT DIALOGUE WITH THE MASS DEMOCRATIC MOVEMENT, AND IN PARTICULAR, WITH THE AFRICAN NATIONAL CONGRESS, IS THE ONLY WAY OF ENDING VIOLENCE AND BRINGING PEACE TO OUR COUNTRY.

+I MAKE THIS STATEMENT IN RESPONSE TO COMMENTS IN THE MEDIA CONCERNING THE MEETING WITH THE STATE PRESIDENT. I BELIEVE, HOWEVER, THAT AT THIS EARLY STAGE FURTHER STATEMENTS TO THE PRESS AS A MEANS OF CONDUCTING POSSIBLE FUTURE DISCUSSIONS WOULD NOT BE THE APPROPRIATE COURSE OF ACTION TO PROMOTE PEACEFUL DEVELOPMENT.

+I WOULD LIKE TO CONFIRM THAT MY RELEASE IS NOT AN ISSUE AT THIS STAGE. AS IMPLIED IN THE ORIGINAL STATEMENT, I ONLY WOULD LIKE TO CONTRIBUTE TO THE CREATION OF A CLIMATE WHICH WOULD PROMOTE PEACE IN SOUTH AFRICA.+

ENDS TEXT.
SAPA /NO/ JS

Onderhandel binne ses maande, dreig Cosatu



Die opening van Cosatu se kongres ***Foto: Gavin Sinclair***

Charles Leonard

Die vakbondbeweging Cosatu het die regering dié week met 'n toetrede tot militante optrede gedreig as onderhandelings met die ANC nie binne ses maande begin nie.

"Ek gee die regering, Staatspresident PW Botha, en die leier van die Nasionale Party, FW de Klerk, ses maande tyd om met die ANC te onderhandel. As hulle dit nie doen nie, sal die gewapende stryd voortduur," het Elijah Barayi in sy presidensiële rede op Cosatu se derde nasionale kongres gesê.

Dit is die mees uitdagende posisie wat dié vakbondgroep nog ingeneem het, en dui waarskynlik op 'n groeiende militantheid onder werkers wat nog spanning in die UDF/ANC-kamp kan veroorsaak.

In 'n uitstalsaal by Nasrec buite Johannesburg het Barayi 'n beroep op die werkers gedoen om hul fundamentele klasse-belange te handhaaf, veral "noudat die moraal van die kabinet op sy laagste is en die regerende blok in verskillende rigtings opkraak".

Hy het aan die bykans 2 000 afgevaardigdes in hul rooi en swart Cosatu-sweetpakke gesê: "Die gebied waaraan ons onmiddellike aandag moet gee, is die beplanning van die roete na magsoorname. Ons werkers het hul slaafse onderdanigheid aan die vyand lankal reeds laat vaar. Die werkers wil vryheid hê en niks minder nie. Daarom moet Cosatu verseker dat daar 'n verskuiwing na bewuste, georganiseerde militante aktiwiteite is."

Cosatu sien nie FW de Klerk as "'n nuwe man met 'n nuwe hart nie".

"Daar word desperaat probeer om ons te oortuig dat De Klerk, 'n rassis in sy diepste wese, vertrou kan word met die inisiatief vir verandering.

"Moet hom asseblief nie aan ons probeer verkoop nie. Hy is nie 'n goeie kopie nie."

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

Die Demokrate se fopspeen-brigade

Elsabé Wessels

DIE Demokratiese Party durf die algemene verkiesing met 'n dinamiese fopspeen-brigade aan. Meer as 15 van die kandidate wat reeds aangewys is, is jonger as 35 jaar. Elf is jonger as 33 en vier van die kandidate is nog in hul twintigerjare.

Die DP se "jongspan" is nie net proefkonyne nie. Hulle is in sleutelkiesafelings op meriete genomineer, het die mede-leier van die DP, dr Zach de Beer, dié week gesê. Die jong kandidate het heelwat ouer teenstanders in strawwe nominasiestryde uitgeskakel. "Ons het die beste mense in die veld gekies," sê De Beer. Sewe van die party se 22 kandidate in die Suid-Transvaal is jonger as 34.

De Beer self hou steeds die rekord vir die jongste persoon om as lid van die Volksraad verkies te word. Hy was 24 jaar oud toe hy as parlementslid vir die ou Verenigde Party gekies is.

Die meerderheid van die "jongspan" is professionele mense wat vir die eerste keer hul merk in die politiek probeer maak. De Beer en streeksorganiseerders het die jong kandidate as "uiters dinamies" en "toegewyd" beskryf.

"Die ou mense het die land so opgemors, die jonges sal tot ons redding moet kom," sê 'n DP-organiseerder op Stellenbosch. "Dit is nie net ons kandidate wat jonk is nie - ons trek ook jong kiesers," het hy bygevoeg.

Een van die party se jongste kandidate is hierdie week op Stellenbosch genomineer. Die 26-jarige Hennie Bester, wat tans sy diensplig doen, het sy ontslag uit die Weermag verkry om dié sleutelkiesafdeling vir die DP te beveg.

Bester is 'n oud-Matie wat in 1985 opspraak verwek het toe hy as 'n lid van die Studenteraad 'n reis vir studenteleiers na Lusaka gereël wat onder dwang van die universiteitsowerhede afgestel is. Die studente se paspoorte is ook deur die regering teruggetrek. Bester, wat aktief betrokke was in studente politiek, het sy LLB aan Stellenbosch en 'n meestersgraad in die regte aan Cambridge verwerf.

Die party se jongste kandidaat is die 25-jarige Michele Güttler van Kaapstad. Dié jong Engelse onderwyseres staan in Tygervallei. Guttler, wat 'n meestersgraad in teologie aan die Universiteit van Kaapstad verwerf het, is nasionale jeugvoorsitter van die DP. Sy is ook nou betrokke by buite-parlementêre politieke inisiatiewe. Guttler het aktief deelgeneem aan die "oop stad-veldtog" in Kaapstad en spreek haar sterk uit teen die groepsgebiedewet. "My kiesafeling staan kol-kol soos 'n wit tuisland tussen die swart en bruingebiede op die Kaapse Vlakte," sê Guttler. Oor haar jeugdigheid is Guttler baie selfversekerd. "Jong stemme is nodig om jong mense in die politiek te lok," sê sy.

Ander kandidate in hul twintigerjare is die 26-jarige Donald Cockart wat in Meyerton staan en die 27-jarige Elmarie Neilson wat in Pretoria-Sentraal staan. Cockart is 'n eiendomsagent en Neilson 'n prokureur.

Die jongste kandidaat in Natal is die 31-jarige Gus Janse van Rensburg wat in Umlazi staan. Van Rensburg, 'n meganiese ingenieur, is 'n voormalige vlootoffisier met sewe jaar diens in die staandemag. "Jonk is ek wel, maar ek sien kans daarvoor. Die beginsels waarvoor die DP staan, steun ek al jare. Maar nou het hulle vir die eerste keer 'n party bymekaar wat die regte beeld na buite dra," sê Van Rensburg.

Tony Leon

"Ek wil nie net die Nasionale Party pakslae gee nie. Dit is vir my belangrik om die alternatiewe uit te wys wat voordele vir kieselr inhou," sê hy.

Van Rensburg het hom spesifiek oor diensplig uitgespreek en gesê hy is ten gunste van alternatiewe diensplig. "Ek is ook ten gunste van 'n realistiese uitfassering van diensplig en 'n beter professionele weermag."

Een van die eerste "jong leeus" om ervare ouer kandidate uit te stof, was die 32-jarige Tony Leon, leier van die DP in die Johannesburgse stadsraad. Leon is na 'n strawwe nominasiestryd as Helen Suzman se opvolger in Houghton aangewys.

'n Mede-stadsraadslid, die 31-jarige Lester Fuchs, het verskeie ander hoopvolle kandidate uitgestof om die Hillbrow-setel te beveg.

Ander jong kandidate in die Suid-Transvaal is Geoff Engel, 33, wat in Bezuidenhout staan, Norman McFarlane, 33, wat in Florida staan, dr Theuns de Bruyn, 34, wat in Helderkruin staan en Christiaan du Preez, 33, wat in Vereeniging staan.

In die Noord-Transvaal staan die 34-jarige Gavin Weiman in Koedoespoort en in Natal staan die 33-jarige "huisvrou" Barbara Buys in Kliprivier en die 35-jarige oud-Matie en boer Wessel Nel in Mooirivier.

Party-leier Adéle in sielsieke-hospitaal

Jacques Pauw

DIE bekende vegter vir vroueregte en nou aspirant-politikus, Adéle Marie van der Spuy, is laat verlede week in die maksimum-sekuriteitsafdeling van die Sterkfontein Hospitaal naby Johannesburg opgeneem waar haar toestand as maniese psigose gediagnoseer is.

Van der Spuy, 46, wat vir 'n onbepaalde tyd onder bewaking is, het verlede Vrydag buite beheer geraak en geweldadig opgetree, vermeem Vrye Weekblad.

Van der Spuy, lid van 'n gesiene Afrikaanse familie en president van die SA Vrouestigting, het oor die jare bekendheid verwerf vir die miljoen handtekeninge wat sy vir vroueregte ingesamel het. Sy is 'n oud-model en uitgewer van die werke van Olive Schreiner.

Sy het verlede week aangekondig dat sy die Meriete Party gaan stig en ook teen dr Zach de Beer, mede-leier van die Demokratiese Party, in die verkiesing op 6 September gaan staan. Sy het reeds sowat 200 handtekeninge ingesamel om haar party wettig te kon stig.

Sy is ook verlede week deur twee prokureurs-generaal te woord gestaan nadat sy 'n klagte van hooogverraad teen Staatspresident PW Botha gelê het weens die regering se hantering van die onafhanklikwording van Namibia.

Sy het afgelope jare sonder sukses verskeie klagtes teen die Staatspresident aanhangig gemaak.

Vrye Weekblad verneem dat Van der Spuy verlede week pamflette en nominasievorms van haar party onder talle advokate in die Johannesburgse balie versprei het om steun vir haar saak te probeer werf.

Die voorsitter van die plaaslike vereniging van die advokate-vereniging, adv Max Labe, het van die dokumente gekonfiskeer. Van der Spuy het hierna 'n klag van diefstal teen hom gelê.

Vrydagmiddag het chaos en geweld in die advokate-kantore uitgebreek toe Van der Spuy haar dokumente probeer terugkry het. Sy is kort hierna in Sterkfontein opgeneem.

Van der Spuy het in die laaste tyd vertel dat haar lewe bedreig word, haar man, adv Adriaan van der Spuy, deur spioene ontvoer is en dat die kommuniste Suid-Afrika binne die volgende drie weke met geweld gaan probeer oorneem.

Adv Don Brunette, prokureur-generaal van Transvaal, het bevestig dat hy Van der Spuy verlede Donderdag gesien het nadat sy vroeër in die week 'n onderhoud met adv Klaus von Lieres, prokureur-generaal van die Witwatersrand, gehad het.

Sy het verskeie beëdigde verklarings by die polisie ingedien. Sy het die dokumente onderteken as Adéle Marie Bekker Pretorius van der Spuy.

"Sy wou 'n klagte van hoogverraad teen die Staatspresident indien. Haar feite was egter ontbloot van alle waarheid.

"Sy het nie mooi geweet waarvan sy praat nie. Sy het groot bewerings teen groot mense gemaak. Sy het gepraat van moord en allerhande ander snaakse dinge. 'n Jaar gelede het sy ook 'n klagte die Staatspresident ingedien," sê teen Brunette.

NP-raadslid ook by ANC

Anton Steenkamp

'n NP-stadsraadslid, Stephan van Metzinger, is onder die groep van 27 Suid-Afrikaners wat in Lusaka aangekom het vir samesprekings met verteenwoordigers van die African National Congress.

Van Metzinger, stadsraadslid van Randburg en voormalige LPR vir Noordrand, het volgens vriende na aan hom dit oorweeg om saam met mede-raadslid Pieter Pieterse na die DP oor te loop.

Van Metzinger, 'n aandelemakelaar, het volgens 'n mede-raadslid self versoek om saam te gaan op die toer na Namibia, Zimbabwe en Zambië wat deur Idasa gereël is.

Volgens die bron het die minister van verdediging, genl Magnus Malan, hom afgeraai om saam te gaan, maar die NP-koukus het die keuse aan hom oorgelaat.

Van Metzinger het dié week gesê hy verwag nie probleme van die party af as hy by die huis kom nie. "Ek het dit met my koukus uitgeklaar," het hy gesê.

"Ek is hier as 'n sakeman, en nie in my hoedanigheid as 'n ampsdraer van die NP nie.

"In elk geval, die staatspresident praat dan met die leier van die ANC, hoekom kan lede van die NP nie met lede van die ANC praat nie?"

Twee DP-stadsraadslede van Randburg, André Jacobs en Gary Cooney, maak ook die toer mee.

Die groep van 27 het die afgelope week in Harare samesprekings gevoer met kabinetministers in die Zanu-regering, sakemanne, akademici, lidmate van die NG Kerk, verteenwoordigers van die ANC, Westerse en Oosblok-diplomate, vakbondleiers, kerkleiers en oud-eerste minister Ian Smith.

Die groep het gister (Donderdag) in Lusaka aangekom vir samesprekings met die ANC en keer Sondag terug na Suid-Afrika.

Met 'n keuse tussen vooraanstaande handelsname soos: Snowflake meelblom, Iwisa en Impala mielieprodukte, Epic olie, Blossom margarien, Kraft margarien en slaaisouse, Epol troeteldierkos en veevoer, Peck's Anchovette en Redro Vissmeer, Mama's pasteie, Nice 'n Easy geriefskos en Blue Ribbon brood, sal u winkelmandjie beslis propvol prima-gehalte Premier-produkte gelaai wees.

Nogtans is dit vir ons hier by Premier nie genoeg om bloot die hoogste standaarde te handhaaf nie. Deur middel van verskeie vindingryke programme, streef ons voortdurend daarna om hierdie standaarde te verhoog, sodat ons u selfs beter waarde kan bied.

En selfs dit is nie vir ons voldoende nie. Ons verbintenis tot die verhoging van standaarde strek verder as ons produkte. By Premier is ons toegewy aan die verbetering van die lewensgehalte van ons personeel en die gemeenskap as 'n geheel.

Want slegs een ding is vir ons so belangrik soos voedselgehalte – en dit is lewensgehalte.

Premier Food Industries

HUNT LASCARIS TBWA

'n Skerp daling in Natal-sterftes



Mangosutho Buthelezi

DURBAN - Volgens groepe wat die politieke geweld in Natal monitor, is daar 'n skerp daling in sterftes sedert die leiers van die strydende faksies in Junie met vredesamesprekings begin het.

Die monitorgroepe sê dat 16 mense in die Pietermaritzburg-gebied gedurende Junie gewelddadig gesterf het - 'n skerp daling van die gemiddelde van 50 per maand gedurende die laaste twee jaar.

In Durban is nege geweld-verwante sterftes aangeteken - 'n skerp daling van die maandelikse gemiddeld van 40.

Die groepe waarsku egter dat die daling in geweld dalk net tydelik kan wees en nie noodwendig aan die vredesamesprekings tussen Inkatha en die UDF/Cosatu gekoppel moet word nie. Sedert 1986 het meer as 2 000 mense in die stryd om beheer oor die gebied gesterf. Baie van die slagoffers is doodgekap of uitgebrand.

Die UDF/Cosatu-alliansie, wat as die interne vleuel van die ANC gereken word, ondersteun ekonomiese sanksies in die stryd teen apartheid. Inkatha verwerp die sanksie-beleid.

Na 'n reeks samesprekings tussen die twee groepe in Junie, het die leiers van die twee groepe aangekondig dat hulle op 'n gemeenskaplike strategie besluit het. Hulle wou geen besonderhede bekend maak nie.

'n Groot vredeskonferensie word vir Augustus in Londen tussen die uitgeweke ANC-leier, Oliver Tambo, Inkatha-president Mangosutho Buthelezi en die leiers van die UDF en Cosatu beplan. - AFP

SA en buurstate se toekoms één

Die hele Suider-Afrika gons oor die nuwe gees van vrede en onderhandeling wat nou aan die orde van die dag is - ook in Suid-Afrika. ANTON STEENKAMP, wat op 'n toer van die Frontliniestate is, het wyd met diplomate en politici in Zimbabwe gesels

HARARE - Dat die toekoms van die hele suidelike Afrika baie nou saamhang met die toekoms van Suid-Afrika, blyk duidelik uit die opinies van 'n wye reeks politici en ander leiers in Zimbabwe.

Westerse diplomate en hul eweknieë uit die Oos-blok in Harare is dit eens dat die kansé van 'n onderhandelde oplossing in SA nog nooit so goed was soos nou nie.

In Namibia is die VV-vredesplan op dreef na samesprèkings tussen SA, Angola en Kuba.

In Angola groei die moontlikheid van 'n skikking tussen die MPLA-regering en Unita en selfs in Mosambiek lyk dit asof die Frelimo-regering in die rigting van onderhandeling met die MNR-rebelle beweeg.

Uit uitsprake van die Britse en Wes-Duitse diplomate hier kom dit voor asof FW de Klerk op sy Europese besoek aan dié leiers laat blyk het dat hy ná die verkiesing op 6 September daadwerklike stappe gaan doen om apartheid af te skaf en hulle is bereid om hom die kans te gee.

Die diplomate van die Sowjet-Unie en Kuba is minder optimisties, maar hulle hou vol dat Suid-Afrikaners hul eie toekoms moet uitwerk.

Die Sowjet-Unie kan slegs druk op die Suid-Afrikaanse regering uitoefen deur hul volgehoue steun aan die ANC.

Die ANC se standpunt is duidelik: hulle is bereid om te onderhandel op 'n gelyke voet, wat vier vereistes voorveronderstel:

Die opheffing van die noodtoestand, die vrylating van Nelson Mandela en ander politieke gevangenes, die opheffing van die verbod op die ANC en ander politieke organisasies, en die afskaffing van apartheidswetgewing.

Hoewel president PW Botha se ontmoeting met Nelson Mandela gesien word as 'n erkenning van die legitimiteit van die ANC en algemeen verwag word dat Mandela kort na die verkiesing vrygelaat sal word, heers daar skeptisisme oor die Suid-Afrikaanse regering se wil tot onderhandeling.

Eddie Cross, 'n oud-direkteur van die Beira Corridor Group, wys daarop dat daar sedert 1984 'n houdingsverandering ten opsigte van destabilisasie van die buurstate is van Suid-Afrika se kant af.

Tussen 1980 en 1984 was Suid-Afrika daarop uit om die buurstate se ekonomie te ontwrig, die vestiging van ANC basisse te verhoed, en rebellegroepe te ontwikkel. Dit het gelei tot die verwoesting van die infrastruktuur in Angola en Mosambiek en die verlies van duisende lewens in dié lande.

President Samora Machel van Mosambiek het dus geen keuse gehad anders as om die Verdrag van Nkomati te onderteken in 1984 en selfs daarna, in Desember 1984, het die SAW Beira se hawe aangeval.

Sedertdien was daar egter 'n besef by Suid-Afrika dat dié beleid kontraproduktief is vir sy verhoudings met die Weste, meen Cross.

Suid-Afrika het dus met 'n beleid van konstruktiewe betrokkenheid begin en teen Oktober verlede jaar alle formele hulp aan die MNR gestaak.

Handelsbetrekkinge met die buurstate het die afgelope 18 maande met meer as 50 persent gegroei.

Terselfdertyd het die Sowjet-Unie hul beleid onder Brezhnev van steun vir streekskonflikte gestaak, veral weens ekonomiese oorwegings en Gorbatsjof se hervormings.

Nou dat die skikkings in Namibia, Angola en Mosambiek op die kaarte is, is Suid-Afrika die enigste wat oorbly.

'Maak ongeregtigheid ongedaan'

Elsabé Wessels

Die identifisering en regstelling van geskiedkundige ongeregtighede wat teen groot gedeeltes van die Suid-Afrikaanse gemeenskap gepleeg is, kan deur 'n handves van mensregte in 'n post-apartheid Suid-Afrika afdwingbaar gemaak word.

Dit is die mening van lede van Regslui vir Menseregte ná gesprekke met die ANC verlede naweek.

Die implemetering van "affirmative action"-programme om maatskaplike, kulturele en ekonomiese regte aan histories-verontregte groepe te verseker, was een van die belangrike onderwerpe wat op die konferensie bespreek is.

Die aanstip van spesifieke stappe in 'n handves van menseregte kan verseker dat regstellingsprogramme uitgevoer word, het lede van die afvaardiging hierdie week in Johannesburg gesê.

Die ontmoeting tussen bestuurslede van Regslui vir Menseregte in Lusaka was 'n voorsetting van vorige gesprekke oor die beskerming van menseregte in 'n toekomstige Suid-Afrika wat regslui van binne Suid-Afrika reeds met ANC-leiers gevoer het.

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie se werksdokument oor groeps- en menseregte en die grondwetlike riglyne van die ANC het as vertrekpunte vir die konferensie gedien.

Alhoewel die ANC homself teen die verskansing van politieke regte vir eksklusiewe groepe uitgespreek het, het hulle hul steun toegesê aan die erkenning en handhawing van taal-, kultuur- en godsdiensregte, soos uiteengesit in die Regskommissieverslag, sê die nasionale voorsitter van Regslui vir Menseregte, adv Jules Browde, SC.

In kritiek wat op die Regskommissie se verslag gelewer is, het die verskansing van wit voorregte, die behoud van ras-eksklusiewe skole en geriewe, kapitalistiese ondernemings en eiendomsbesit onder skoot gekom.

Alhoewel die twee afvaardigings nie 'n gesamentlike verklaring uitgereik het nie, was daar ooreenstemming dat die beskerming van individuele menseregte in 'n handves van menseregte beskerm behoort te word.

Die ANC het reeds sy steun toegesê aan 'n handves van menseregte in sy grondwetlike riglyne wat verlede jaar gepubliseer is.

Volgens Browde was daar eenstemmigheid onder die twee afvaardigings dat internasionaal-aanvaarde basiese burger- en politieke regte beskerming behoort te geniet soos die vryheid van arbitrêre inhegtenisname en aanhouding; vryheid van fisieke en geestelike marteling; die reg tot 'n regverdige verhoor; spraak- en persvryheid; en die reg tot gesinslewe.

Ander bestuurslede van Regslui vir Menseregte wat die konferensie bygewoon het, was Brian Currin, Peter Mothle, Seth Nthai, Reeves Mabitsi, Barry Jammy en John Dugard.

Die ANC-afvaardiging het die president van die ANC, Oliver Tambo, Thabo Mbeki, Joe Slovo, Pallo Jordan, Jack Simons, Zola Skweyiha, Ntozintle Jabodwana, Teddy Pekane, Penwell Maduna, Ngwako Ramathlodi en Brigitte Mabandla ingesluit.

Kaapse Demokrate

Video-aand:

Geskiedenis, konflik en verset in Namibia

Plek: Middelkampus
Lesingsaal 1
Fakulteit Opvoedkunde
Universiteit van Kaapstad

Datum: 17 Julie 1989

Tyd: 7.30 nm

VAKATURE

Die SACHED Trust, 'n onafhanklike organisasie wat nie-rassige opvoeding bevorder, het 'n pos beskikbaar vir

Wiskunde-koördineerder

in een van sy projekte by Turret Korrespondensie Kollege

TKK ('n afstandsopvoedingsprojek) het sentra in Oos-Kaapland, Natal en die PWV-gebied waar 'n matriek-hulpprogram aangebied word. Materiaal vir die programme word sentraal ontwikkel.

Ons is op soek na 'n voltydse persoon, verkieslik in ons Johannesburg-kantoor, wat:

- wiskundehulpmateriaal in die vorm van opdragte, memo's, riglyne ens vir drie groepe studente sal ontwikkel;
- met die ander opvoedingsentra sal skakel;
- nou sal saamwerk met die ander vakkoördineerders.

Die suksesvolle kandidaat moet twee jaar ondervinding in wiskunde-onderwys op hoërskoolvlak hê.

Skriftelike aansoeke met 'n CV kan gestuur word aan:
SACHED Trust
Departement Personeel-ontwikkeling en -opleiding
Posbus 11350
Johannesburg
2000
Sluitingsdatum vir aansoeke: 31 Julie 1989

Voer die bose gees

Victor Munnik

DAAR is 'n ou geloof dat 'n bose gees onder die Victoria-watervalle woon. Hy kan net tevrede gestel word deur kosbaarhede in die water te gooi.

Iets is dié week deur 45 Afrikaanse skrywers en literatore wat met die ANC gaan gesels het, in die water gegooi: die tradisie van 'n selfstandige Afrikaanse letterkunde.

Hierdie beswering van die apartheidsmonster gaan nog wyd uitkring.

Dit gaan gevoel word wanneer die Afrikaanse Skrywersgilde in September in Johannesburg byeenkom oor 'n voorstel dat hul grondwet verander word sodat die Gilde-lede hulself vereenselwig met die strewe na 'n nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika.

Bekommerde geluide oor die grondwetvoorstel word al van talle onrustige Gilde-lede gehoor.

Intussen sal die proses van Afrikaanse skrywers wat aansluit by die Congress of South African Writers (Cosaw) voortgaan - soos op die Waterval-kongres besluit is. Cosaw is deel van die breë demokratiese beweging se poging om kunstenaars in Suid-Afrika te organiseer.

Een van die pligte van Cosaw is om - saam met ander kultuurorganisasies - die kultuurboikot toe te pas.

Die kultuurboikot - wat in sy nuwe vorm deur die skrywers "verwelkom" is - is steeds gerig op die isolering van apartheidskultuur en enige invloei van kultuur wat die apartheidsbestel kan versterk. Maar sterker klem word nou gelê op die bevordering van kultuur wat 'n nuwe, demokratiese Suid-Afrika aanhelp.

Terselfdertyd het die kongresgangers besluit dat skrywers en ander kultuurwerkers wat hulself binne establishment-strukture bevind, hul teenwoordigheid moet gebruik "om die doelwitte van die breë demokratiese beweging te bereik".

Daarmee saam gaan egter dat die alternatiewe media - uitgewers, tydskrifte, koerante, teaters - deurentyd versterk moet word.

Seker die ingrypendste besluit oor die langtermyn is dat 'n aparte Afrikaanse letterkunde, wat tot dusver 'n steunpilaar vir apartheid was, deel moet word van 'n Suid-Afrikaanse letterkunde. Dit impliseer 'n herstrukturering van die hele bedryf van die Afrikaanse letterkunde.

Die eerste is universiteitsdepartemente van Afrikaans wat herstruktureer moet word as departemente van Suid-Afrikaanse letterkunde. Dit gebeur reeds by die Universiteit van Wes-Kaapland.



Pallo Jordan, inligtingshoof van die ANC, en André P Brink

Altesame 45 mense, meeste Afrikaanse skrywers, hetdae lank by die Victoria-watervalle in Zimbabwe samesprekings gevoer met die ANC. Vrye Weekblad se RYK HATTINGH en VICTOR MUNNIK was ook daar

Wat sê prof Johan Degenaar hier vir Barbara Masekela, kultuurhoof van die ANC?

Skrywers kry raad: bevry Afrikaans van apartheid

Victor Munnik

DAAR was een keer 'n skrywer, 'n wit meisie uit die Vrystaat - vertel Mongane Serote - wat by die ANC in Londen kom raad vra het.

Sy wou raad hê oor 'n roman wat sy wou skryf.

Die roman het gespruit uit 'n gebeurtenis wat sy as jong kind meegemaak het. Hulle was een Sondag op pad terug van die kerk af, toe haar pa sien die plaas-arbeiders hou partytjie. Dit het hom kwaad gemaak.

Toe sien hy hulle eet van sy hoenders. Dit het hom nog kwater gemaak.

Hy het 'n graaf gevat en 'n arbeider doodgeslaan.

Daarvoor is hy tien jaar tronk toe. Toe sy dogter hom in die tronk besoek, kon hy niks sê nie, hy het net gehuil.

Maar die vader waarvoor sy liefde en respek gehad het, en wat sy gedink het haar altyd sou beskerm, was nie haar enigste verlies nie.

Die swartvrou wat haar grootgemaak het, het elke Sondagoggend die arbeider se graf skoongemaak en blomme daar gaan sit.

Die skrywer het besef dat dit deel is van 'n groter patroon. Sy het 'n aktivis in die Kaap geword, en toe Londen toe gegaan met haar vraag: wat is die verhouding tussen haar skryfwerk en nasionale bevryding?

Die ANC is geen orakel nie, dis 'n bevrydingsbeweging, het ANC-lede telkens by die vierdaagse kongres beklemtoon.

Maar dat die skrywers van alle kante raad en advies gekry het, is baie waar.

Soveel so dat prosaskrywer Menán du Plessis gesê het: "Aan ons is op die eerste dag van die kongres gesê daar is geen orakel hier nie. Maar vir 'n plek sonder orakels was daar tot dusver vreeslik baie woorde van wysheid. Mense sê vir ons wat ons moet skryf, hoe ons moet skryf, met watter aangeleenthede ons ons moet bemoei."

Miskien is daar baie raad nodig vir skrywers wat so 'n geweldige taak op die skouers geneem het: om Suid-Afrika en Afrikaans van apartheid te bevry, en 'n Suid-Afrikaanse kultuur te skep.

Breyten Breytenbach het (op Engels) gesê:

"As julle, my mede-Afrikaners, my sou vra om raad, sou ek sê, nogal skepties en deurmekaar en onklaar: hy wat alleen reis, reis die vinnigste, maar saam sal ons die verste kom. Julle het ewe veel rede, miskien selfs meer, om betrokke te wees in 'n proses van transformasie as diegene teen wie apartheid gemik is. Julle het niemand se toestemming nodig om by die stryd aan te sluit nie.

"Skuldgevoelens en selfkastyding is selfkoesterende gevoelens, maar 'n besef van verantwoordelikheid kry 'n mens aan die beweeg. Pasop vir die jubeling in die boetekleed. Maak die kelders skoon. Pasop vir die korrupsie van lyding en van selfbejammering. Moenie julself gaan verkoop as dappere vegters nié.

"Om teen apartheid gekant te wees, is normaal, nie heroïes nie. Herken die verskuilde rassisme van die wit wêreld daarbuite wat jou op hulle hande sal dra en jou dapperheid sal besing, terwyl hulle gerieflik vergeet van jou swart kamerade.

"Moenie voordeel put uit anti-rassisme nie. Moenie Suid-Afrika verander in 'n eksperimentele terrein vir jou skrywersgrille en fantasieë nie. Bly beweeg, ver anderkant bevryding. Niks word vir ewig gewen of gevestig nie. Of, waarskynlik, vir ewig verloor nie.

"Weet dat jy, ons, bevoorreg is ver bo wat ons verdien, omdat ons deel in skryf en stryd en in Afrika.

"Onthou dit is die edelste saak wat die mensdom hom kan verbeel, wat deeglik die moeite werd is om voor te leef. Mooiloop."

Uitgeweke digter Jeremy Cronin het die buitelyne van die taak geskets:

"Om deel te hê aan die stryd vir 'n nasionale letterkunde sal ons die verdedigers van aparte, eksklusiewe letterkundes... sowel as die hekwagters van die Hoë Kuns, Goeie Smaak en Elitistiese Waardes moet aanpak."

Prof Ampie Coetzee het die Afrikaanse skrywers geroskam:

"Onlangs prosatekste wys 'n hipergesofistikeerde intertekstualiteit, 'n verheerliking van 'teks' en 'ecriture', fotojoernalistiek met 'n tikmasjien en 'n mistifikasie van Suid-Afrikaanse werklikhede. Dit lyk of daar 'n afwesigheid van historiese bewussyn, anargisme en 'n neiging is om op die monumente van die voorvaders te k... Karakters in romans wen nooit in hul protes teen die stelsel nie, slawe en meesters word nooit in die Hegeliaanse sin bevry nie. Die privaatlewens van enkelinge is byna belangriker as die sosiale situasies waarin hulle hulself bevind - al is hulle op die grens waar hulle teen Swapo veg.

"Die feit van die saak is dat die Afrikaanse skrywer vasgevang is in ideologie; die ideologie van kapitalisme, die ideologie van apartheid, en die ideologie van die literêre kanon en die formalistiese estetika."

Dominee en digter Patrick Petersen het die klokke laat lui:

"Die kuns moet terugkeer na die people en digkuns na aktiewe betrokkenheid by die mass democratic movement. Poësie moet 'n briefbom raak: dit moet in jou gesig ontplof. Dit moet slapelose nagte in die hand werk, laat organiseer, fyn beplan, dit moet die stilte deurbreek, straat toe, versperrings deurbreek, podium toe en die swartmagteken gee."

En 'n ANC-lid het voorspel: "Ons sal 'n nasionale letterkunde hê wat tragies is, omdat daar tragedies in ons land afspeel, wat komies is, omdat ons mense sterk genoeg is om vir hulself en vir ander te lag, wat satiries is sodat ons deurentyd ons gemeenskap kan verbeter, en wat gevoed word uit 'n ryke verskeidenheid van bronne."

Iewers is 'n lyk besig om lewend te word...

Ryk Hattingh

"JO jô jô jô," sing die Black Merchants die aand voor ons terugkeer na dié gebreekte land. En 'n entjie verder natuurlik die watervalle, wat óók met geduldige ongeduld aanhoudend deur die rots vreet.

"We are not in a hurry. We are revolutionaries. We have all the time in the world," sê iemand.

En ons dans. Jô jô jô jô, sing die Black Merchants.

En vyf dae se stemme maal deur my kop, want ons het nie net gepraat nie, ons het geluister ook.

En die stemme praat:

"Bevry die Suid-Afrikaanse grondwet."

"Werk tussen jou eie mense."

"Not everybody is at the same stage of consciousness."

"Afrikaanse letterkunde (met 'n kleinletter) moet meer toegankelik vir die mense wees."

"Vergeet die sonbesiepoësie. Laat julle verse briefbomme wees wat in die leser se gesig ontplof."

"Gee die skrywers 'n kans om te droom oor die werklikheid."

En om my sien ek die werklikheid. En ek droom.

Om 'n tafel sit Pallo Jordan en praat met Jeanne Goosen, Etienne van Heerden en nog 'n klomp mede-Suid-Afrikaners. Hy praat Afrikaans. Hy vertel sy geskiedenis. Ek mag hom nie aanhaal nie. Hy lag, en ek haal aan: "Ha ha ha."

By 'n ander tafel sit Barbara Masekela en praat met 'n ander groep mede-Suid-Afrikaners. Sy praat Engels. Sy vertel haar geskiedenis. Ek mag haar nie aanhaal nie. Sy lag, en ek haal aan: "Ha ha ha."

"Hoezit broer," sê Wally Serote. "Droom jy lekker?" En ek en Wally en Yolande en Breyten dans. Jô jô jô jô.

Baie is gesê, gemeenskaplikhede uitgewys, verskille bygelê, bande gesmee, apartheid en sy instandhouders vervloek. Maar dis eintlik die Afrikaanse letterkunde wat deurgeloop het.

Die nuwe Suid-Afrikaanse letterkunde wat die wyduiteenlopendheid van die Suid-Afrikaanse gemeenskap moet weerspieël, is in werklikheid besig om reeds deur te breek. "Iewers is 'n lyk besig om weer lewend te word," sê Breyten. En ek glo hom.

Hy sê ook dat hy steeds vryer voel in Afrikaans, vlugtiger.

En ons dans. Die tyd raak min. Ons moet haas huis toe gaan. Terug Republiek toe. Noodtoestand toe. Apartheid toe.

Maar die stemme sal nie stil word nie. Niemand wat saam was, sal die ervaring en die gesigte en die stemme en die waterval ooit vergeet nie. Nooit nie.

Niks sal ooit weer dieselfde wees nie.

Jô jô jô jô, ons moet groet, want die orkeslede bêre hulle instrumente. Die dans is verby.

Albie Sachs groet met sy linkerhand, sy enigste. Pallo Jordan, Steve Tshwete, Barbara Masekela en soveel ander omhels ons, en ek kan nie aanhaal wat hulle sê nie, want dié soort hartseer wil nie verwoord word nie.

"Dag broer," sê Wally. "Droom saam met die mense." Hy steek sy gesig weg in 'n sakdoek. Die busbestuurder trap onrustig rond.

Breyten omhels vir Jeanne Goosen, en ek bêre my gesig in 'n sakdoek.

In die agtergrond hoor ek die waterval vreet. Ek hoor die stemme.

Nuwe Warrior wil Franse opkeil

Therese Jauffret

HAMBURG - Rainbow Warrior II, die nuwe vlagskip van die die ekologiese groep Greenpeace, is dié week te water gelaat, presies vier jaar nadat Franse geheime agente die organisasie se oorspronklike skip gesink het.

Toe die groen en wit skip van die skeepshelling die water binnegly en sy koninklike blou seile met wit duiwe daarop oopvou, het 200 lede van Greenpeace weereens onderneem om hul nuwe skip soos sy voorganger teen Franse kerntoetse in die Suidsee te gebruik.

Daar was 'n minuut van stilte vir die Portugese fotograaf Fernando Pereira, wat dood is toe Franse agente die eerste skip in die hawe van Auckland, Nieu-Seeland, gesink het.

Rainbow Warrior II is 'n 540-ton treiler wat teen 'n koste van 3,7 miljoen dollar omskep is, en is toegerus met drie maste.

Die koste van die aankoop en toerusting is in 'n groot mate gedra deur lede en ondersteuners van Greenpeace, het die organisasie gesê. Frankryk het egter ook 8 miljoen dollar aan die organisasie uitbetaal.

Die sinking van die skip het verhoudinge tussen Nieu-Seeland en Frankryk versuur.

Parys het ministeriële besoeke aan Wellington verbied totdat arbitrasie oor die insident afgehandel is, het Nieu-Seeland se Minister van Buitelandse Sake, Russell Marshall, Maandag in Wellington gesê.

In Parys het 'n woordvoerder van dié land se Departement van Buitelandse Sake geweier om kommentaar te lewer, maar waarnemers sien dit as 'n bevestiging van Marshall se stelling.

Die woordvoerder het egter gesê dat eerste minister Michel Rocard nie in Nieu-Seeland sal aandoen op sy toer deur die Suidsee nie.

Marshall het gesê: "Daar is geen twyfel dat die dralende dispuut tussen Frankryk en Nieu-Seeland wat nou na arbitrasie verwys is die verhouding tussen die twee lande raak nie."

Die voormalige Franse minister van Buitelandse Sake Charles Hernu moes bedank nadat besonderhede van die aanval op die lappe gekom het.

Die geheime agente, majoor Alain Mafart en kaptein Dominique Prieur, is in Nieu-Seeland tot tien jaar tronkstraf gevonnis maar hul vonnis is verminder tot drie jaar op 'n afgeleë Franse ring-eiland in die Suidsee.

Albei agente is "om mediese redes" deur Frankryk gerepatrieer voordat hulle hul vonnis uitgedien het.

Ondanks druk van Nieu-Seeland, het nie een van die agente na die eiland teruggekeer nie en die aangeleentheid sal nou deur internasionale arbitrasie besleg word.

'n Paneel van die VVO sal op 30 Oktober ontmoet om te beslis of Frankryk 'n internasionale ooreenkoms verbreek het deur die twee agente te repatrieer voordat hulle hul vonnisse uitgedien het. - AFP

Omdat verpakkingstegnologie so gespesialiseerd geword het, is Metal Box vandag sewe onafhanklike ondernemings wat elk op 'n spesifieke terrein konsentreer.

Ons werk saam deurdat ons mekaar se tegnologiese bronne, kundigheid en navorsingsfasiliteite deel en deur ons oorsese bondgenote gerugsteun word. Tog ding ons almal met mekaar mee om besigheid.

Dus kan u op Metal Box staatmaak om u die beste in verpakkingsekonomie, opsies en dienste te bied.

Ons gediversifiseerde verpakkingsafdeling word Divpac genoem.

Elke dag van u lewe is ons produkte in menigte vorm êrens naby u — van houers vir skoenpolitoer tot herverseëlbare oliekanne, versierende blikprodukte en — Pssst! — spuitkannetjies natuurlik.

MB SAAM BEWAAR ONS DIE BETER DINGE IN DIE LEWE.

Metal Box Suid-Afrika Beperk

U5 PARTNERS IN ADVERTISING 00742

Suurreën knak Europese woude

GENEVE - Lugbesoedeling is nog steeds besig om Europa se woude uit te roei en moet verminder word om die woude nuwe lewe te gee, waarsku 'n verslag van die VVO wat onlangs hier verskyn het.

"As die huidige besoedeling vir 'n lang tyd voortduur of die besoedelingsvlak styg, sal dit die lewe van woude oor groot dele van Europa bedreig," sê die VVO se ekonomiese komitee vir Europa in sy verslag.

Ou bome en bome hoog bo seevlak verloor meer blare as jong bome en bome in laerliggende gebiede.

'n Hele aantal duisend hektaar woude sal na verwagting in die volgende vyf tot tien jaar op berge in Duitsland sowel as in Tsjeggo-Slowakye en in Pole uitsterf, sê die verslag.

Die verslag dek 65 persent van Oos- en Wes-Europa se 161 miljoen hektaar woude en stel 'n duidelike verband tussen besoedeling - dikwels in die vorm van suurreën - en die destabilisering van die woude se gesondheid.

Eikebome van meer as 60 jaar oud was veral kwesbaar in 1988, en dit het 'n "kritieke vlak" in Oostenryk, België, Tsjeggo-Slowakye, Wes-Duitsland, Luxemburg, Nederland en Brittanje bereik.

Nege lande en streke beskou besoedeling as die grootste enkele oorsaak vir die sterwende woude, met inbegrip van Oostenryk, Wes-Duitsland, Toskane in Sentraal-Italië, Tsjeggo-Slowakye, Pole en Switserland, sê die verslag.

Maar die meeste ander lande - 25 is deur die studie ondersoek - beskou dit net as 'n bydraende faktor.

Die toestand van woude moet voortdurend gemonitor word, sê die verslag.

"'n Vermindering van lugbesoedeling sal die toestand van die woude verbeter en verdere agteruitgang vertraag."

Te midde van dié somberheid, het die studie gevind dat "die gesondheid van die Noorse spardenne verlede jaar effe verbeter het, hoewel ouer spardenne in tien ander lande agteruitgegaan het".

Die denneboom bly egter die boom wat die ergste getref is.

Tien lande het berig dat dennebome ouer as 60 jaar meer as 10 persent van hul naalde verloor het.

Maar die syfer styg so hoog as 64 persent in Wes-Duitsland en 38 persent in Toskane. - AFP

Regering peuter net met die kaart

Leeuwfontein, 'n gemeenskap van 15 000 mense 20 kilometer buite Zeerust in die Wes-Transvaal, is onlangs by Bophuthatswana ingelyf. Bloedige gevegte, waarin 12 mense dood is, het twee naweke gelede daar plaasgevind. Volgens inligtingstukke van die Transvaal Rural Action Committee het die regering met gedwonge inlywings slegs 'n plaasvervanger gevind vir gedwonge verskuiwings. CHARLES LEONARD doen verslag



Hoofman John Sebogodi, sy seun Pupsey en sy vrou, voor hul huis in Braklaagte, wat nou by Bophuthatswana ingelyf is. Hoe veg jy teen die regering se pen, vra Pupsey. Foto: Gill de Vlieg (Afrapix)

DIE groot staatsnydokter het een van die mees gehate gelaatstrekke van die tuislandbeleid, gedwonge verskuiwings, uitgesny.

In die plek daarvan het nog 'n uitgroeisel verskyn - gedwonge inlywing.

Die meesterplan van die Nasionale Party, wat veral vorm begin aanneem het met Hendrik Verwoerd se tuislandbeleid, het onder toenemende druk begin kom vanweë swart migrasie na die stede, asook die feit dat swartmense hulself as 'n integrale deel van Suid-Afrika sien.

In 'n stadium het dit gelyk asof die staat minder klem lê op sy beleid dat swartmense in etnies-afgebakende tuislande hoort.

Instromingsbeheer is afgestel en daar is erken dat die stedelike swartman politieke regte buite die tuislande het.

Tog gaan die regering hardnekkig voort met sy tuislandbeleid.

Syfers, in 'n verslag van die Transvaal Rural Action Committee (Trac), wys dat 3,5 miljoen mense tussen 1960 en 1982 gedwonge na tuislande verskuif is.

Ondanks teenstand teen hul verskuiwings, was hulle eenvoudig nie opgewasse teen die gespierdheid van die staat nie, en is hulle soos stukke op 'n skaakbord verskuif.

In Februarie 1984 het die staat die gemeenskap van Mogopa in die Wes-Transvaal verwyder.

Die plaaslike en internasionale reaksie het die regering laat besef dat die politieke koste van gedwonge verskuiwings te hoog is.

Later daardie jaar het Enos Mabuza, die hoofminister van KaNgwane, geweier om die Oos-Transvaalse gemeenskappe van Driefontein en KwaNgema te administreer. Hulle het gedwonge verskuiwing in die gesig gestaar na 'n stuk grond wat vir KaNgwane bestem was.

Dit het vir die staat 'n ernstige hoofpyn geword omdat die doel van gedwonge verskuiwings was om mense in die tuislande af te laai. As die tuislande dit nie wou aanvaar nie, was die beleid onuitvoerbaar.

In Februarie die volgende jaar het die minister in bevel van verskuiwings, Gerrit Viljoen, aangekondig dat die beleid heroorweeg word en dat "daar geen verdere gedwonge verskuiwings sou wees nie".

Die ystervuis het twee jaar lank verslap en gemeenskappe wat gebruiksreg op hul grond het - by Driefontein, KwaNgema en Daggakraal, asook Huhudi by Vryburg in Noord-Kaapland - is begenadig.

Die vuis is egter weer gebal met die afkondiging van die noodtoestand wat die regering in staat gestel het om voort te gaan met gedwonge verskuiwings.

Langa, buite Uitenhage, en die Kaapse township, Crossroads, was die bloedige slagoffers van 'n staat met 'n noodtoestand as sy wapen.

Met al sy mag ten spyt het dit al moeiliker geword vir die staat om mense fisies te verskuif en 'n nuwe plan is beraam: Gedwonge inlywing.

Swartmense en hul grond word by die tuislande ingedeel deur die kaart van Suid-Afrika so 'n bietjie te verander.

Daar word met grense gepeuter en gemeenskappe wat vroeër binne Suid-Afrika was, bevind hulle skielik in onafhanklike en nie-onafhanklike tuislande.

Gedwonge verskuiwing was 'n fisiese proses: Mense moes getel word, eiendom moes waardeer word, vervoerreëlings moes vir die mense en hul besittings getref word. Met elke stap kon die mense fisies weerstand bied.

Gedwonge inlywing is iets heeltemaal anders. Die toerusting is nie gewere, traangas en vragmotors nie, maar wel 'n burokratiese pen.

Soos hoofman Pupsey Sebogodi van Braklaagte, wat by Bophuthatswana ingelyf gaan word, sê: "Hoe kan 'n mens teen 'n pen veg?"

Die gevolg van gedwonge inlywing is dat die staat nou agteroor kan sit, omdat hulle nie meer bekommerd hoef te wees oor die "ingelyftes" se politieke aspirasies of hul materiële behoeftes nie.

Die rede vir inlywing is nie net om "soort by soort" te kry en kolletjies te konsolideer nie.

Ander redes is regstreeks polities en kan verbind word aan pogings om "onafhanklikheid" meer aantreklik te maak.

Groot hompe grond met baie mense maak dit aanloklik.

Debbie Newton van die National Committee Against Removals sê gedwonge inlywing is dikwels baie gewelddadiger as gedwonge verskuiwings.

In die Trac-verslag word vertel hoe talle mense in Moutse dood is. Op die vooraand van hul inlywing by KwaNdebele, het regerings-georganiseerde vigilantes die gebied binnegeval.

Altesaam 300 mans is ontvoer en na KwaNdebele geneem waar hulle wreed aangerand en gemartel is. Party is in die proses dood. Ander inwoners is te lyf gegaan en hul eiendom is beskadig en gesteel.

In Peelton en Potsdam het die Ciskeise polisie en vigilantes dié gebiede binnegeval en leiers aangeval.

In Braklaagte en Leeuwfontein in die Wes-Transvaal was daar die afgelope drie maande massa-arrestasies en massa-aanrandings deur die veiligheidsmagte van Bophuthatswana.

Die mense word gedwing om hul lojaliteit aan die leier van dié tuisland, Lucas Mangope, te verklaar.

Onlangs is 12 mense in Leeuwfontein dood in onrus rondom hul gedwonge inlywing by Bophuthatswana.

Die mense van dié bedreigde gebiede reageer heftig weens hul diepgewortelde haat vir die tuislandstelsel.

Hulle wil hul politieke regte in hul geboorteland, Suid-Afrika, uitoefen, en sien ook nie kans vir die armoede en onderdrukkking in die tuislande nie.

Suid-Afrika is nie juis bekend vir die wonderlike lewenstoestande van swartmense nie, maar selfs dit is beter as in die tuislande.

Pensioene is dikwels laer of bestaan glad nie, daar is 'n tekort aan mediese dienste en skoolgaan is baie duurder. Die tuisland-administrasies is ook korrup.

Meestal vind onderhandelings oor grond net tussen die Suid-Afrikaanse regering en tuislandregerings plaas.

Paul van der Merwe, wat langs Leeuwfontein boer, sê: "Die grootste fout wat die regering maak, is om nooit met die mense self te onderhandel nie."

Wanneer baie van dié gebiede hulle oë uitvee, is hulle deel van die tuislande.

Die Trac-verslag sluit só af: "Totdat die Suid-Afrikaanse regering nie aanvaar dat swartmense nie deel van die tuislande wil wees nie, en totdat alle Suid-Afrikaners nie gelyke burgerskap in ons land het nie, sal die geweld en rampspoed wat met inlywing gepaard gaan nie eindig nie."

Medici stig Biko-trust

Die medici wat verantwoordelik was vir die ondersoek na die dood van die Swart Bewussynsleier Steve Biko het 'n Steve Biko Mediese Etiek Trustfonds gestig.

Proff Phillip Tobias en Trefor Jenkins van Wits universiteit en prof France Ames van die Universiteit van Kaapstad het R17 000 in 1984 by kollegas en die publiek ingesamel om die regskoste vir die hofgeding tussen hulle en die Suid-Afrikaanse Mediese en Tandheelkundige Raad te dek.

Die Hooggeregshof het ten gunste van die professore beslis en die Raad is beveel om 'n dissiplinêre ondersoek na die dokters wat Biko kort voor sy dood behandel het, te loods.

Die geld is nooit vir regsonkostes gebruik nie en is tussen Wits en UK verdeel.

Die Steve Biko Mediese Etiek Trustfonds sal gebruik word om die hoogste standaard van professionele etiek in die mediese praktyk in Suid-Afrika te bevorder en veral waar dit van toepassing is op die mediese sorg van gevangenes en aangehoudenes.

IDASA
Nasionale Direkteur

Die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika poog om 'n klimaat vir ware onderhandeling te skep tussen alle Suid-Afrikaners wat 'n vreedsame oorgang tot 'n verenigde nie-rassige demokrasie in ons land verlang. IDASA se volgehoue groei gedurende die afgelope drie jaar weerspieël die ware behoefte wat bestaan vir sy ondersteuningsrol en die uitdaging om verdere strategieë vir verandering te ontwikkel.

Die nuwe pos van Nasionale Direkteur is geskep om die bestuur van IDASA se hoofkantoor in Kaapstad te versterk, en om die streeksprogramme deur die hele Suid-Afrika te ondersteun. U sal ten volle betrokke wees by die ontwikkeling van strategie en personeelkundigheid, begroting en die nasionale en internasionale implementering van projekte. U sal nou saamwerk met die Uitvoerende Direkteur en, wanneer nodig, namens hom optree.

Hierdie sleutelpos vereis 'n innemende, self-versekerde, volkome tweetalige persoon (waarskynlik 35/45 jaar oud), met 'n wye verskeidenheid bestuursvaardighede en 'n bewese rekord van prestasie in die sosiopolitieke sfeer. Dit is u wens om 'n positiewe bydrae tot Suid-Afrika se toekoms te lewer en u is ewe tuis in die townships as in die raadskamers in u strewe om IDASA se doelwitte te bereik.

IDASA se Direksie sal die verlangde kandidaat kies, en 'n aantreklike pakket wat gelykstaan met die uitvoerende pos sal beding word. Tree asseblief met Bill Sewell van Anchor Renwick Bestuursdienste in verbinding vir 'n inleidende vertroulike gesprek oor hierdie stimulerende pos: Kantoor (021) 21-1190 of Tuis (021) 685-6559.

UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

Diploma Vir Opvoeders Van Volwassenes 1990

Aansoeke word ingewag vir toelating tot die Universiteit se tweejaar- deeltydse Diploma vir Opvoeders van Volwassenes, wat in Februarie 1990 begin. Die kursus, wat vir salarisdoeleindes erken word deur die Departement van Nasionale Opvoeding, word gerig op die behoeftes van diegene wat betrokke is by volwasse-opvoeding in formele of nie-formele omgewings en bied die geleentheid vir gespesialiseerde studie.

Studente in vorige kursusse het uit diverse werksomgewings gekom, wat insluit gemeenskapsontwikkelingsprojekte, industriële opleiding, onderrig in tersiêre inrigtings, basiese opvoeding vir volwassenes (insluitendgeletterdheid), onderrig by volwasse-opvoedingsentrums, personeelontwikkelingsprogramme, gesondheidsopvoeding, godsdiensonderrig en opvoedkundige programme by biblioteke en museums.

Die kursus is oop vir almal met die minimumkwalifikasie van 'n tweejaar- naskoolse matriekSertifikaat. Dit word nie as korrespondensiekursus aangebied nie. Deelnemers moet in die Kaapstad-omgewing woonagtig wees en klasse kan bywoon.

Nadere besonderhede kan verkry word by die Kursussekretaris, Departement Volwasse-opvoeding en Buitemuurse Studie, Universiteit van Kaapstad, Rondebosch 7700 (telefoon: (021) 650-3250).

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September 1989.

Bates Wells Werwing Kaap ● 882C



Die potlood is magtiger as die swaard

OOR die jare het die regering die vryheid van die pers stelselmatig ingekort. 'n Mens mag nie meer sê wat jy wil nie, en jy mag sekerlik nie skryf wat jy sien nie.

Koerante word gereeld hof toe gesleep omdat hulle die "veiligheid van die staat" sou bedreig, en heelparty koerante is al verbied of vir tydperke deur die staat gesluit.

Maar daar is een vorm van kommentaar en inligting wat byna onaantasbaar is: satire en spotprente.

Van dié kuns is Abe Berry 'n meester - die afgelope veertig jaar al.

Berry se werk het hoofsaaklik in The Star verskyn. Hy het nou 'n boek met sy werk oor die afgelope veertig jaar gepubliseer: Act by Act - 40 years of Nationalist rule in South Africa. A cartoon history of apartheid.

Dit word deur Lowry Publishers uitgegee.





WOODMEAD SCHOOL

benodig die dienste van 'n
AFRIKAANSE ONDERWYSER
(Tweede Taal) vir St 6 - 10
vanaf Januarie 1990

Woodmead School, geleë tussen Johannesburg en Pretoria is 'n onafhanklike, nie-rassige, progressiewe skool vir seuns en dogters.

Aansoeke moet voor 21 Julie gedoen word.
Stuur volle besonderhede aan:
THE HEADMASTER
Posbus 68068
BRYANSTON 2021
of skakel (011) 708 1849 vir verdere inligting

FIVE FREEDOMS FORUM

Verslag oor Lusaka

Publieke vergadering

Woensdag 19 Julie
Tyd: 8 nm
Plek: Senate House SH6
Wits universiteit

Van kerk tot oorgangskamp

Anton Steenkamp

WINDHOEK - Döbra, sowat 17 kilometer noord van Windhoek, was tot onlangs 'n stil, klein sendingstasie met weinig meer as 'n kerkie en 'n kliniek.

Vandag is dit die woonplek van 2380 Namibiane wat die afgelope maand teruggekeer het uit ballingskap in Angola, Zambië en ander Afrika-lande.

Sowat 200 terugkerendes is reeds uit die kamp uit, terug by hulle gesinne. Maar hierdie klomp wag nog, kan hul gesinne nie opspoor nie, of wil nie die oorgangskamp verlaat nie.

Die kamp, wat deur die VVO se Hoë Kommissie vir Vlugtelinge (UNHCR) in samewerking met die Raad van Kerke van Namibia (CCN) bestuur word, is veronderstel om 'n oorgangskamp te wees waar terugkerendes tot ses dae lank kan bly voordat hulle met hul gesinne verenig word.

Maar tydens 'n besoek aan die kamp het honderde mense wat na jarelange ballingskap nie hul gesinne kon opspoor nie doelloos in die kamp rondgedwaal met min hoop op 'n ander blyplek of vaste werk.

Party van hulle erken openlik dat hulle bang is om voor onafhanklikheid in die noorde van Namibia te gaan woon. Dit is bekend dat Koevoet, die berugte para-militêre polisie-eenheid, se lede opgeneem is in die SWA Polisie (Swapol) en in die noorde diens doen.

Onder die terugkerendes is baie mense wie se familielede deur Koevoet doodgemaak is of self onder Koevoet deurgeloop het.

Ek gesels met 'n jong man wat pas teruggekeer het uit Lusaka. Hy het 15 jaar gelede die land verlaat om by Swapo aan te sluit. Intussen het hy onderwys ontvang aan die United Nations Institute of Namibia (UNIN).

Hy hoop om 'n pos te kry in die nuwe regering - soos die ander terugkerendes twyfel hy nie dat Swapo die verkiesing sal wen nie - maar intussen weet hy nie waarheen om te gaan nie.

Teoreties behoort die terugkerendes binne ses dae hul gesinne op te spoor. Dan word hulle vervoer na een van 54 sekondêre kampe dwarsoor die land, waarvan die meeste in die noorde is.

In die kamp kry hulle drie maaltye 'n dag, drie komberse, 'n matras, 'n bord en eetgerei. Wanneer hulle vertrek, kry hulle R10 vir vervoerkoste asook 'n sak (Suid-Afrikaanse) mieliemeel, kookolie en boontjies om hulle oor die weg te help.

Die atmosfeer in die kamp is polities optimisties en oorweldigend ten gunste van Swapo. Daar is egter bitter min om te doen, en diegene wat nie die vooruitsig het om binnekort die kamp te verlaat nie, staan lusteloos en verveeld rond.

Die suster by die kliniek vertel dat sy die afgelope drie weke 100 gevalle van malaria moes behandel. Sommige mense begin kla van maagprobleme met 20 toilette vir elke 320 mense en daar is nie genoeg water vir 'n langtermyn-woongebied nie.

Die algemene gevoel is dat die terugkerendes oorweldigend vir Swapo gaan stem. Die probleem is waar hulle almal gaan werk kry in 'n onafhanklike Namibia - die werkloosheidsyfer staan op 40 persent.

Bobby Kennedy se dogter help in Namibia

DIE jongste van die vermoorde Amerikaanse politikus Robert Kennedy se elf kinders, Rory Kennedy, 20, het twee weke gelede in Namibia aangekom waar sy humanitêre werk by vlugtelingkampe in die noorde van die land doen. Rory, wat gebore is ses maande nadat haar pa doodgeskiet is, toer saam met 'n vriendin Suzanne Keating, 22, deur die land. Rory onderneem die reis as onder meer deel van haar studies in die menseregte aan die Brown Universiteit in Rhode Island. Die twee het die Döbra-kamp vir terugkerende vlugtelinge besoek waar hulle die VVO se Hoë Kommissaris met van die papierwerk gehelp het. Haar broer Michael, die sesde van die elf kinders, gaan hom by haar aansluit.



Só het die wiel gedraai in Namibia. Kosie Pretorius, leier van die Nasionale Party in die land, skud blad en deel 'n grapple met Hage Geinob, hoof van Swapo se verkiesingsveldtog en lid van die organisasie se Uitvoerende Bestuur. Pretorius het as 'n welvillendsheidsgebaar by die Swapo-kantore gaan tee drink. *Foto: Len Ward.*

Ek is in SA opgelei, sê Renamo-lid

MAPUTO - 'n Voormalige bevelvoerder van Renamo het hier beskryf hoe hy in Suid-Afrika opgelei is en op sendings na Namibia, Zimbabwe en Mosambiek gestuur is.

Neva Benson Mazive, wat ingevolge die Maputo-regering se amnestie-wet homself oorgegee het, het aan joernaliste vertel dat hy en sy broer in 1982 gedwing is om by Renamo aan te sluit. Hy was toe maar 12 jaar oud.

Hy en sy broer was per bus op pad na Inhambane toe die bus deur Renamo-rebelle aangeval is. Die passasiers is ontvoer, en hy het vier maande lank in 'n rebellekamp by Inhambane militêre opleiding ontvang.

Nadat hy aan lokvalle op die hoofweg deur Inhambane deelgeneem het, is hy na Suid-Afrika gestuur waar hy opleiding in valskermspring, verkenning, infiltrasie- en sabotasietegnieke ontvang het.

Hy sê die kursus is deur drie Suid-Afrikaanse offisiere, 'n majoor, 'n kaptein en 'n sersant by Phalaborwa in die Oos-Transvaal aangebied.

Ongeveer 50 Mosambiekers het aan die kursus deelgeneem en sowat 22 het dit geslaag. Hulle het Engels en Shona geleer "sodat ons Zimbabwe makliker kon infiltreer".

Daar was ook rebelle van Zimbabwe, Angola, Tanzanië en Zambië in die kamp.

Mazive was daarna ses maande lank in Namibia, en het saam met die Suid-Afrikaanse Weermag teen Swapo in Angola geveg.

Hy beweer dat hy daarna saam met verskeie "Zimbabwiese rebelle" na Zimbabwe oorgeplaas is.

Hy moes op ANC-basisse sploeneer, maar dit is deur Zimbabwe se veiligheidsdiens in die wiele gery. - AFP

Ek bly, sê Savimbi

ABIDJAN - Die leier van Unita, Jonas Savimbi, het hier gesê hy is nie van plan om Angola te verlaat nie.

Op 'n perskonferensie wat gehou is ná 'n ontmoeting met die president van die Ivoorkus, Felix Houphouet-Boigny, het Savimbi gesê hy is van plan om Unita se leier te bly.

Unita het einde verlede maand tot 'n skietstilstand met die Angolese regering ooreengekom.

Savimbi het gesê die MPLA-regering het hom "gevra om die land te verlaat" maar dat Unita se sentrale komitee voorgestel het dat hy as kandidaat in 'n presidentsverkiesing staan. - AFP

'SA moordkommando in Botswana'

GABORONE - 'n Suid-Afrikaanse moordkommando is die afgelope twee weke in Botswana om vermeende "vryheidsvegters" wat op pad is na Suid-Afrika om die lewe te bring, berig die koerant The Reporter.

Volgens die koerant, 'n onafhanklike weekblad, het dié mense kontak met swart vlugtelinge in Botswana wat "na Suid-Afrika oorgeloop het".

"Hulle dink omdat hulle swart is kan hulle maklik met mense meng, hulle beplande teikens dophou en gemaklike gesprekke in sosiale plekke hê sonder dat onraad gemerk word," lui die berig.

Die koerant beweer dat die kommando dieselfde groep is wat aanvalle op anti-apartheidsaktiviste binne Suid-Afrika loods.

Die Suid-Afrikaanse regering ontken deurgaans enige betrokkenheid by aanvalle op aktiviste binne en buite Suid-Afrika. Die koerant sê hy beskik oor name van mense wat by die aanvalle betrokke is, insluitende 'n sleutelfiguur in Gaborone wat "geen vaste beroep het nie en 'n besige sosiale lewe lei".

Na bewering is 'n voormalige verteenwoordiger van die verbode PAC in Botswana en sy vrou lede van die kommando. Hy het na bewering in 1985 na Suid-Afrika gevlug.

Die Appèlhof in Botswana het Dinsdag die appèl van twee Suid-Afrikaners wat elk 10 jaar tronk toe gestuur is, van die hand gewys.

Johannes Basson, 25, en Theodore Hermansen, 30, is in Desember verlede jaar skuldig bevind aan poging tot moord op drie polisiemanne. Hulle was lede van 'n groep van sewe wat 'n onsuksesvolle klopjag in Gaborone uitgevoer het.

Die appèlhof het egter agt houe, wat deel van die vonnis was, ter syde gestel. - AFP

'Die jare van aanhouding het sy verdraagsaamheid en sy sin vir deernis so verdiep dat hy 'n oplossing vir almal soek'

Die man op wie die wêreld wag

DIE man waarop die wêreld wag, Nelson Rolihlahla Mandela, is gebore as die seun van 'n Tembu-hoofman in die Transkei in 1918.

Hy het reeds meer as 'n derde van sy lewe agter tralies deurgebring as een van die wêreld se grootste lewende martelare. Vir die meeste mense in Suid-Afrika en in die res van die wêreld is hy die simbool van vrede en vryheid in 'n verdeelde en onderdrukte land.

Konings, kerklikes, presidente en ander beroemdes het hom deur die jare vir sy moed en durf besing. Strate, kinders en beurse is na hom vernoem. Tog weet 'n hele generasie in Suid-Afrika nie eens hoe hy lyk nie. Sy stem is 27 jaar laas in die Rivonia-hofsaak gehoor.

Diegene wat hom egter in die afgelope jare besoek het, sê dat Mandela min verander het. Hy is ouer en gryser. Hy glo steeds onwrikbaar aan dieselfde ideaal as op daardie dag in April 1964 toe hy die hof vir die laaste keer toegespreek het: 'n verenigde en nie-rassige Suid-Afrika en 'n vrye en demokratiese gemeenskap.

DIE wêreld se bekendste gevangene Nelson Mandela het verlede week onverwags 'n besoek aan Staatspresident PW Botha in Tuynhuis gebring. Daar is egter 'n hele generasie in Suid-Afrika wat nog nooit die geleentheid gehad het om hierdie man te leer ken of te sien nie. JACQUES PAUW probeer die mens Nelson Mandela ontdek deur te kyk na wat hyself en ander al van hom gesê het. Foto's deur JÜRGEN SCHADEBERG met vergunning van die BAILEY'S AFRICAN PHOTO ARCHIVES.

NELSON MANDELA (middel) saam met dr James Moroka, gewese president-generaal van die ANC (links) en dr Y Dadoo van die Indian Congress. Hierdie foto is geneem met die aanvang van die versetveldtog (Defiance Campaign) van 1952.

Mandela in sy eie woorde

"Ek het nog altyd die ideaal van 'n demokratiese en vrye gemeenskap nagestreef. Dit is 'n ideaal waarvoor ek leef en hoop om te bereik. Maar daar is tans geen alternatief vir die gewapende stryd nie. Daar is nie onder die huidige bewind ruimte vir 'n vreedsame stryd nie." - Mandela aan John Lofton en Cal Thomas, twee Amerikaanse joernaliste wat in 1985 in Pollsmoor 'n onderhoud met hom gevoer het.

"Witmense in Suid-Afrika hoort hier; dit is hulle huis. Ons wil hê hulle moet saam met ons hier woon en die mag met ons deel." - Mandela aan 'n Amerikaanse joernalis in 1986.

"Daar is twee alternatiewe voor jou. Of jy gee gehoor aan ons eise, en jy mag nog die land van ekonomiese ondergang, siviele onrus en bitterheid red, of jy gaan voort met jou huidige beleid wat ons nooit sal ophou beveg nie." - Uittreksel uit 'n brief wat Mandela in Junie 1961 aan Hendrik Verwoerd op die vooraand van Republiekwording geskryf het.

"Ek het 'n uiters parmantige brief van iemand met die naam Nelson Mandela ontvang. Ek is nie van plan om daarop te reageer nie." - Verwoerd in die Parlement oor Mandela se brief.

"Laat Botha wys hy is anders as Malan, Strijdom en Verwoerd. Laat hy geweld afsweer. Laat hy sê hy sal geweld aftakel. Laat hy die ANC ontban. Laat hy almal vrylaat wat weens hul teenkanting teen apartheid in die tronk sit, ingeperk is of in ballingskap sit." - Mandela in Februarie 1985 in antwoord op PW Botha se eis dat hy eers geweld moet afsweer voor hy vrygelaat kan word.

"Ek het my lewe gewy aan die swartmense se stryd. Ek het teen wit oorheersing geveg, en ek het teen swart oorheersing geveg. Ek begeer 'n demokratiese en vrye gemeenskap waar alle mense in vrede en gelykheid saamleef. Dit is 'n ideaal waarvoor ek bereid is om te sterf.

"Swartmense wil 'n regverdige aandeel in Suid-Afrika hê. Bowe al wil ons gelyke politieke regte hê, want sonder dit is ons gebreke permanent. Ek weet dit klink rewolusionêr vir die wittes van hierdie land, want dit maak die meerderheid stemgeregtigdes swart. Daarom vrees die witman demokrasie." - Mandela se verklaring tydens die Rivonia-verhoor, 20 April 1964.

"Op my ouderdom verwag mens dat jeugdrange al moes gekwyn het. Maar die blote aanskoue van jou, selfs net as ek aan jou dink, ontlont 'n duisend vure in my." - Mandela in 'n tronkbrief aan Winnie Mandela.

Lofbetuigings van oral

"Sy gesig is in my geheue vasgeëts. Na dekades agter tralies kan ek steeds die lang, regop gestalte, die jeugdige gesig en die potlooddun snorretjie sien. Diegene wat nog nooit vir Nelson Mandela gesien het nie, idealiseer hom vir sy politieke standpunte. Baie onthou hom egter as prokureur saam met Tambo. Vir 'n swartman om deur 'n swartman in 'n hof verdedig te word, was 'n nuwe ding." - oud-joernalis Doc Bikitsha oor Mandela op sy sewentigste verjaardag verlede jaar.

"Mandela is 'n man wat baie gely het vir die regte van sy mense. Sy lyding is 'n getuienis waarvoor hy 'n hoë prys betaal, maar wat waardering van almal uitlok wat besorg is oor menseregte. In hierdie dae dink ek op 'n baie spesiale manier aan hom." - Pous Johannes Paulus II se boodskap aan Mandela tydens sy sewentigste verjaarsdag verlede jaar.

"Vir die mense het die naam Nelson Mandela 'n magiese betekenis. Ek is verstom oor hoe 'n hele generasie wat hom nooit geken of gesien het nie, hierdie hoë waardering vir hom het. Mandela se krag in die tronk, sy vermoë om nie net te oorleef nie maar steeds so 'n sterk leidende figuur te bly, was nog altyd 'n geweldige aansporing vir iemand soos ek." - Allan Boesak op Mandela se sewentigste verjaardag.

"To Nelson Mandela - on his 70th birthday - God bless and warm regards - Mike Tyson." - Verjaardaggroete en 'n paar van die swaargewigkampioen se rooi bokshandskoene.

Dít sê diegene wat hom besoek het

"Rolihlala Nelson Mandela is Suid-Afrika se hoop. Nie net vir die stemloses nie, maar vir die hele land, die regering inkluis. Toe ek hom verlede week gesien het, was hy onberispelik in 'n driestukpak geklee - 'n staatsman, gereed om sy land te lei.

"Mandela is 'n jeugdige 70 - lank en sjarmant, sonder 'n ons vet aan sy lyf. Hy oefen gereeld in sy gimnasium. Daar is grys in sy hare, maar nie 'n plooi op sy gesig nie. Hy lag spontaan en uit sy maag uit en hy het 'n goeie aptyt.

"Mandela soek vryheid vir sy land, nie vir homself nie. Die jare van aanhouding het sy verdraagsaamheid en sy sin vir deernis só verdiep dat hy 'n oplossing vir almal soek. Die vraag waarop hy konsentreer is hoe om ernstige verdeeldheid in Suid-Afrika te versoen." - Fatima Meer, vriend en biograaf, ná 'n besoek aan Mandela in Mei vanjaar.

"Die dilemma van PW Botha is waar Mandela die meeste gevaar inhou: agter tralies of as 'n vry man. Die tiran gaan gaan dood en sy bewind eindig; die martelaar gaan dood en sy heerskappy begin." - die Statebond se Eminent Persons Group (EPG) oor Mandela na hulle hom in 1986 besoek het.

"Mandela is nie 'n man vir geweld of tirannie nie. Hy het 'n visie van vrede en voorspoed vir almal in die land. Hy het ook aan my gesê dat hy spyt is oor die Pretoria-bom van 1983." - Lord Bethell doen verslag oor sy besoek aan Mandela in 1985.

"Hy is 'n ware Afrika-nasionalis, beslis nie 'n kommunis nie. Hy is die enigste man wat in staat is om radikales in die townships te beheer én met die regering te onderhandel.

"Vir alle gematigde mense in Suid-Afrika kan hy 'n leier wees. Hy is hoogs intelligent en baie gematig. Hy is nie 'n geweldenaar nie. Hy is steeds in baie goeie kontak met die wêreld daar buite. Hy weet presies wat aangaan." - Helen Suzman, wat Mandela verskeie kere in die tronk besoek het.

NELSON MANDELA buite die Johannesburgse Hoogeregshof tydens die hoogverraadsaak van 1956 wat vier jaar lank geduur het. Mandela is saam met 156 aktiviste verhoor, maar uiteindelik op al die aanklagte vrygespreek.

Die regering en sy vrylating

"Die regering is ferm oor sy beleid dat gevangenes op Robbeneiland wat lewenslange tronkstraf uitdien vir misdade teen die veiligheid van die staat, nooit vrygelaat sal word nie." - Jimmy Kruger, gewese minister van Justisie, in 1977.

"Daardie mense wat vra vir die vrylating van Nelson Mandela moet weet hulle vra vir die vrylating van 'n terroris." - Louis le Grange, gewese minister van Polisie, in 1980.

"Die regering sal, op 'n verantwoordelike wyse, die saak oorweeg en as ons die samewerking van meneer Mandela kry soos dusver die geval was, glo ek sal ons positiewe resultate kry. Ek dink nie op sy ouderdom en in sy toestand is dit raadsaam vir hom om terug te gaan tronk toe nie en ek hoop hy sal dit vir my moontlik maak om menslik op te tree sodat ons kan vrede hê in Suid-Afrika.

"Ek is bereid om meneer Mandela vry te laat as hy sou sê hy sweer geweld af as 'n manier om politieke doelwitte te bereik, en as hy nie met 'n veldtog sou begin om geweld in Suid-Afrika te bevorder nie." - Staatspresident PW Botha by die Natalse kongres van die Nasionale Party in Augustus verlede jaar.

"Ons beweeg nou weg van daardie misleidende aspek van die afswering van geweld. Daar is nou 'n duideliker benadering en die Staatspresident het ook al gesê dat Mandela hom bloot moet verbind tot die bevordering van vrede." - Stoffel van der Merwe op die vooraand van die NP-kongres verlede maand.

En as Rolihlahla vrygelaat word...

"Sy vrylating sal die land tot stilstand dwing. Miljoene swartmense sal opruk om hul messias te groet." - Winnie Mandela.

"Dit gaan vir baie mense 'n skok wees om te sien hoe ingelig en gematig hy is. Ek dink verligte Afrikaners gaan van hom hou." - Aggrey Klaaste, redakteur van die Sowetan.

"Sy vrylating sal vir die grootste meerderheid Suid-Afrikaners groot vreugde bring. Hy kan die belangrikste brug in Suid-Afrika tussen wit en swart wees." - Beyers Naudé.

"Hy moet nóú vrygelaat word. As hy in die tronk moet doodgaan, sal dit gesien word as die stelsel wat hom doodgemaak het. Die uiteinde daarvan sal so verskriklik wees dat ek nie eens daaraan wil dink nie." - Ntatho Motlana, swart gemeenskapsleier van Soweto in 1988.

"Nelson Mandela het die spil geword waarom Suid-Afrikaanse protespolitiek draai. Volgens meningsopnames geniet hy steeds die lojaliteit van die meerderheid landsburgers. Hy word gesien as die moontlikste kandidaat vir leier van 'n nie-rassige Suid-Afrika - soos Jomo Kenyatta en Robert Mugabe van gevangene na president." - Peter Godwin; Londense Sunday Times.

Toe praat ek met 'n hogere Nat

EK wonder dikwels of die destydse oplossing, apartheid, die resultaat was van diepgaande akademiese gesprekke en asketiese filosofiese besinning, en of dit nie dalk rondom 'n vleisbraaivuur uitgetoor is nie.

Die gedagte kom nou die aand weer by my op toe ek met een van die mees senior Nasionaliste praat.

Dis winter en vieserig koud in die Kaap, en as jy dit kan bybring, is Durban net die plek vir 'n week of twee.

Ons braai vleis en die wind waai net reg, sodat mens lank kan kuier sonder dat die rook jou pla. Nou eers besef ek dat daar die hele aand nie 'n enkele woord oor rugby gepraat is nie, 'n rekord wat na my mening opgeteken behoort te word!

Maar voor die eerste vleisie (en dis skaapvleis uit die Karoo) nog omgedraai word, is die vet in die politieke vuur.

Die praatjies loop uiteraard rondom die verkiesing. Van sy kant af nog steeds met die ou geykte argumente dat die Demokratiese Party net die wolf van die ou Progge, waarmee hy polities grootgeword het, in nuwe skaapsklere is.

Van my kant af treiter ek so 'n bietjie oor KP-skoonskip in die Transvaalse en Vrystaatse platteland, oor die debakel van Linden en oor die nuwe Staatspresident.

Dis snaaks.

As jy nou met Nasionaliste praat, kry jy waaragtig nie iemand wat nié 'n FW-man is nie! Dié aand hoor ek dat hy loshande die briljantste man in die Parlement is, en dat my gespreksgenoot eintlik al tien jaar gelede gemeen het dat De Klerk by Vorster gaan oorneem.

(Maar hy't vergeet dat ons tien jaar gelede 'n Kaapse herfsgesels gehad het en hoe opgewonde hy was oor die feit dat die Kaap weer 'n Eerste Minister gaan hê...)

Soos die gesprek vorder, verloor die jonges (dis die kleinkinders) belangstelling en gaan soek vermaak elders. Maar die vrouens praat saam en dis hulle wat weier om sonder meer die gemeenplasighede te aanvaar. Die patriarg het lank nie meer alleenseggenskap nie.

En so hoort dit ook, want wat hy sê, laat mens sidder.

Wat die "nuwe plan" ook al mag sê, is dit duidelik dat hierdie gerespekteerde verteenwoordiger van die regeringsparty géén toekomsvisie het nie. En daarom ook nie 'n enkele oplossing vir enige van die maatskaplike probleme om ons nie.

Alles is gereduseer tot die swartes wat "aanteel soos rotte en kom afpak in die stede", asof hierdie maatskaplike patroon uniek aan Suid-Afrika is. Ons ekonomie kan dit nie hanteer nie, en daardeur spruit die teelaarde vir rewolusie.

As jy verder "die swartes" stemreg gee, skep jy die verwagting by hulle dat hulle met politieke mag die land sal kan oorneem, iets wat "ons" nie kan toelaat nie. Dus is dit beter dat jy nie 'n situasie skep waarin sulke verwagtings verydel gaan word en rewolusie ontspruit nie.

Hoe lyk die toekoms dan? Nouja, 'n gewapende stryd sal 'n klompie jare lank gevoer word, maar my realistiese gespreksgenoot aanvaar ook dat die swart meerderheid uiteindelik die oorlog sal wen.

"En dan?" wil sy dogter weet, wat vroeër die aand reeds gepleit het vir 'n aanvaarding van 'n lae lewenspeil en 'n uitskakeling van lewensverlies en die gepaardgaande haat van wapenkonflik.

"Dan is dit húlle probleem," antwoord die verligte Nasionalis. "Dan moet die wêreld maar sien wat hulle kan doen."

Ons sit toe al binne om koffie te drink, want selfs in Durban kan dit Julie-nagte koud wees. Dis mooi uit die woonstel en jy kan die vuurtoring sy knipperlig tot anderkant die donker sien sein.

Eenkant sit van die groter kinders en televisie kyk; van die kleintjies het na die dag se gejollery orals op die vloer en op skote aan die slaap geraak.

En dis toe ek so na hulle kyk wat ek die oog van sy skoondogter vang en ek kan sien hoe sy binne in haar skree: "Nee! Nee! Nee!"

Verbitterde, handewringende Ian Smith glo nie in demokrasie nie

DIE afgelope week in Harare was 'n vreemde ervaring in meer as een opsig.

Verlede Vrydagaand is daar 'n skemerkelk-onthaal gehou ter ere van die Idasa-groep van 27 in die Holiday Inn, op die hoek van Samora Machel- en Vyfdestraat.

Elke tweede persoon met wie ek gesels, is 'n Oosblok-diplomaat. Hulle was baie meer geïnteresseerd daarin om ons te ontmoet as die Westerse diplomate, hoor ons by die organiseerders.

Lewendige, regte egte Russe, Romeniërs en Kubane! So dis hoe die Totale Aanslag lyk ...

Die Russe, 'n joviale lotjie, vertel met groot smaak hoe die meeste Suid-Afrikaners wat hulle ontmoet, erg verbaas is dat hulle nie horings en lang sterte het nie.

Ek word voorgestel aan Derek Hanekom, 'n oud-Suid-Afrikaner wat nou in Harare woon.

Ons vind uit dat ons opponente was in die jaarlikse interskole atletiekbyeenkoms - hy in Jan van Riebeeck, ek in die Hoërskool Bellville.

Wat doen hy deesdae? Nee, hy's verbonde aan die ANC in Harare. Hy en sy vrou het onderskeidelik drie en vier jaar tronkstraf in Suid-Afrika uitgedien vir die bevordering van die doelstellinge van die ANC.

Nog 'n Bellvilliet sluit by ons aan: "Ek werk vir Sanlam," stel hy hom voor en bars uit van die lag.

Moeketsi Mbeki, seun van Govan en broer van Thabo, gaan drink saam met ons 'n bier.

Hy woon deesdae in Harare, maar sal graag wil teruggaan huis toe, sê hy.

Dié verlange na die vaderland word weer en weer deur ANC-bannelinge uitgedruk.

Saterdag sit en luister ons na 'n plaaslike orkes in 'n klub, toe iemand 'n vroeë uitgawe van die Sunday Mail daar aanbring.

"Jailed nationalist leader comrade Nelson Mandela visited South African president PW Botha in his Cape Town offices ..."

Wat hét geword van PW se standpunt dat 'n mens nie met die duiwel praat nie? 'n Paar jaar gelede het hy sommer 'n mens se paspoort gevat as jy met Mandela se volgelinge wou praat, wat nog te sê van die grootbaas self!

Hier is die revolusie verby, en op die oog af kom almal goed oor die weg.

In die openbaar kuier almal saam, wit en swart, en heelparty toerlede merk op dat hulle in Harare veiliger voel as in Johannesburg.

Maar 'n paar witmense wil dit nog nie heeltemaal aanvaar en meewerk aan president Mugabe se beleid van versoening nie.

Ds Frans Maritz van die NG Kerk vat ons saam na 'n basaar in Bindura, sowat 100 km noord van Harare in 'n vooruitstrewende boeregemeenskap.

Ds Maritz woon gemaklik saam met die nuwe bestel, en sy twee dogters is in 'n staatskool wat oorwegend swart is.

Maar dieselfde geld nie vir al sy lidmate nie.

"Ons stuur maar ons kinders skool toe in die Republiek," vertel een van die boere.

Omdat die standaard van onderwys gedaal het na onafhanklikheid?

"Nee, die skole hier is nou omtrent heeltemal swart."

Ons ontmoet ook vir Ian Smith, destydse eerste minister van Rhodesië.

Hy tref jou as 'n verbitterde ou man wat handewringend vertel van hoe dit gaan met "our people" - die witmense.

"Ek glo nie in demokrasie nie," bieg hy. "Hierdie mense (die swartes) is nie reg daarvoor nie en verstaan dit nie."

'n Swart meisie wat langs my sit, skud haar kop. Iemand anders stap uit, maar sy bly sit.

"'n Mens moet luister na alle standpunte," sê sy na die tyd. "Dis die enigste manier waarop jy 'n rasionele keuse kan maak. Dít is demokrasie."

My vyf minute van roem

DIE eerste keer wat ek Soweto besoek het, was ek vyf minute lank beroemd.

Dit was in 1978, en Isaac Hayes het die land besoek. 'n Groepie van ons het besluit om sy konsert in Soweto by te woon.

Onder die skare van omtrent 18 000 het ons en 'n aantal fotograwe 'n groep van omtrent 20 blankes uitgemaak.

Dit was 'n euforiese geleentheid vir my soos ons hande gehou en gedans het met wie ook al langs ons was. As die musiek stadiger word, het ek agter 'n reus van 'n man gesit en teen sy rug geleun.

Ná die konsert het ons Soweto onmiddellik verlaat, vergesel deur 'n onwelkome polisie-motor.

In die volgende uitgawe van Newsweek was die opskrif van die hoofberig: Word die versperrings van apartheid afgebreek? Daar was ek, my wit vel teen die swart vel van die man teen wie ek geleun het.

Amper elf jaar later bevind ek myself 'n bietjie nader aan die realiteit van die grootste stad in Suider-Afrika. Ons is by die Soweto Youth Centre waar die ster van Falcon Crest, Lorenzo Lamas, 'n tjek van R100 000 namens Tiger Oats aan Ina Perlman, uitvoerende direkteur van Operasie Honger, gaan oorhandig.

Vroue en kinders van die Mshenguville-plakkerskamp is daar maar herken nie die aantreklike televisiester wat opreg praat oor die lot van die hongeres en huisloses nie.

"Dit laat my goed voel dat ek 'n deel van my tyd kan gee om iets terug te sit in hierdie land," sê hy.

Later hoor ek 'n vrou wat besig is om grys te word met 'n groep verslaggewers praat.

"Die hoofdoel, soos ek dit sien, is om geletterdheid onder ons mense te bevorder.

"En dit beteken dat hulle goeie Engels kan praat sodat hulle kan uitgaan in die wêreld en geld vir hul gesinne kan verdien."

Ek stel myself aan haar voor en vertel haar van die koerant waarvoor wie ek werk.

Julia Mailull slaan gemaklik na Afrikaans oor.

"Die ou mense, Verwoerd se mense, kan maar gaan slaap. Die jong mense, wit, bruin en swart, die volwassenes van die toekoms, besef hulle kan saam lewe in liefde.

"Ons moet deernis hê vir die witman wat selfsugtig is, wat dink iets sal van hom weggeneem word. Hy is 'n bang man.

"Ons moet net so deernis hê vir jong mense wat skree 'maak dood die Boer'. Hulle is kwaad en verstaan nie.

"Maar jy sien, daar is nie genoeg begrip nie. So skep ons ruimtes tussen onsself wat ons hopelik veiliger sal laat voel. Hierdie ruimte word segregasie genoem.

"En jy weet, dit is hierdie einste ruimte wat die terroriste gebruik om ons te infiltreer.

"Hoekom kan ons nie almal saamstaan nie? Ons is mos almal mense van God en dis ons almal se land dié."

MAKLIKER GESÊ

Gwynne Bramley Wray

Ope brief aan Nelson Mandela

Vat die hardekwas-Boere met jou saam!

Beste meneer Mandela

Ek het die vrymoedigheid om 'n brief aan jou te skryf, want ek weet jy is 'n intekenaar op Vrye Weekblad. Ek hoop net die Gevangenisdiens se sensors versnipper die brief nie te erg voor dit by jou uitkom nie.

Ek is 'n blekerige Afrikaanssprekende uit Kroonstad se wêreld. Ek weet al van jou van ek so 'n opgeskote klong van twaalf, dertien was. My held in daardie dae was Percy Yutar, die aanklaer wat die Rivonia-saak hanteer het. Ek het hom en jou veral leer ken uit 'n boek wat ek destyds 'n hele paar keer gelees het met die naam Rivonia: Masker af! Die verhaal van die klopjag op die plaas Lilliesleaf by Rivonia het soos 'n James Bond-storie gelees en my baie trots op ons polisiemag gemaak.

My grootste ideaal was om ook 'n aanklaer te word sodat ek gevaarlike kommuniste soos jy wat die Christelike blanke beskawing bedreig, tronk toe kon stuur.

In daardie dae was ek baie bang vir jou. Ons het aan die kant van die dorp gebly en ek het daagliks met my fiets skool toe moes ry. Die petrolopslagplek was op die pad skooltoe, en ek onthou nog die dag - was dit in 1962? - toe ons skielik rolle doringdraad en baie soldate om die plek gesien het. My pa het gesê dis die terroriste van die ANC wat dit wil kom opblaas, en dan is ons hele dorp in sy kanon.

Ek was nie regtig bang vir swartmense nie. Die swart kinders op die plaas was my maats net soos wit seuns my maats was, en die man wat in ons tuin gewerk het, sy naam was Jordaan, was amper soos my tweede pa.

Ek was net bang vir swartmense as hulle in 'n groep is - soos wanneer ons op 'n Sondagmiddag vir Alina, my ma se kombuishulp, in Seisoville moes gaan aflaai - of as hulle van Johannesburg is.

Laat in my hoërskooldae het Jordaan Germiston toe gegaan om meer geld op die spoorweë te verdien, en net 'n maand of wat later het sy lyk teruggekom. Hy is in 'n mesgeveg doodgesteek. Ek en my broers en susters was baie hartseer, en ons het geweet: die swartmense in die stede is onbeskaaf en gewelddadig.

Dís hoekom die polisie hulle by Sharpeville moes doodskiet, en dis hoekom die regering die ANC moes verbied. Boonop was stedelike swartmense baie vatbaar vir beïnvloeding deur Joodse kommuniste soos Goldreich en Wolpe. Ek het eers heelwat later uitgevind Bram Fischer was 'n Boer en nie 'n Jood nie.

Vir my was dit 'n oorwinning vir ons kant toe jy Robbeneiland toe gestuur is. Ek onthou nog hoe 'n oom van my gesê het die regering is sag op die kaffers, Mandela moes gehang het. Ek dink ek het nog met hom saamgestem.

Toe ek in standerd 9 was, het ek tweede gekom in my skool se debatkompetisie. Ek het gepraat oor die Bedreiging van die Kommunisme. Ek het gesê as jy 'n kat peper wil ingee, dan druk jy hom nie vas en dwing dit in sy bek in nie. Jy strooi dit op die mat waarop hy gewoonlik lê. As hy homself later lek, kry hy die peper in sonder dat hy dit weet. Die kommuniste is net so slinks, het ek gesê, en onder meer vertel van jou mooi woorde en kastige demokratiese beginsels terwyl jy eintlik agter Umkhonto we Sizwe gesit het.

Die eerste "vreemde" swartman met wie ek 'n behoorlike gesprek gevoer het, was 'n man wat as kok by die Heidelbergse Leërgimnasium gewerk het waar ek my diensplig gedoen het. Sy naam was Shadrack. (Swartmense het daardie tyd vir my nog nie vanne gehad nie.)

Shadrack het eintlik van Nigel af gekom en was baie wêreldwys. Hy het ewe goed Afrikaans en Engels gepraat en baie keer vir my kondensmelk uit die store gesteel wat ek sit en drink het as ons lang stukke gesels het. Dit was vir my snaaks dat dit my laat lekker voel het dat hy nie soos alle swartmense tot op daardie tydstip in my lewe vir my "baas" gesê het nie, maar my op my naam genoem het.

Ek en Shadrack het oor baie dinge gesels - nogal baie oor seks ook. Hy was nogal baie aktief in dié veld, as alles wat hy vertel het waar was. Maar hy het my ook na die musiek op Radio Bantu laat luister, en 'n bietjie vertel van die lewe in die townships.

Ná Shadrack het ek nooit weer so tuis gevoel wanneer my vriende van "kaffers" praat nie. Ná Heidelberg is ek na die Danie Theron Krygskool te Kimberley. Daar het ek die eerste keer in 'n vuisgeveg beland - toe ek 'n paar ander diensplig tiges wou keer wat een aand 'n bruin vrou wou molesteer. (Ek het nog die vuisgeveg verloor ook.) Daar is ek die eerste keer 'n kafferboetie genoem. Dit was 'n baie belangrike gebeurtenis in my lewe. My vriende kon nie verstaan hoekom ek dit gedoen het nie, want die vrou was dan net 'n "ghoffel". Dit is die eerste keer wat ek verstaan het wat rassisme is.

Maar toe ek universiteit toe is - Stellenbosch - het ek nog steeds geglo dat afsonderlike ontwikkeling reg en regverdig is en nie noodwendig rassisties is nie. Ons is net te anders om almal saamgegooi te word, en swartmense het nie 'n tradisie van demokrasie soos ons nie.

Maar toe het ek begin boeke lees. Twee boeke wat ek in my derde jaar skelm by 'n vriend geleen het, het veral 'n groot indruk gemaak: African Nationalism deur Ndabaningi Sithole, en Let my people go, deur Albert Luthuli. Die twyfel het diep binne-in my begin knaag, maar ek het dit vir myself gehou want dit is ongemaklik om anders oor dié belangrike dinge te dink as al jou vriende.

Toe ek in 1972 by Die Burger gaan werk het, het ek al begin besef: in dié nes gaan jy nie lank hou nie. Maar terselfdertyd was dit my mense - om anders te dink het beteken jy moet Engels word. En dit, soos oom John Vorster gesê het, was too ghastly to contemplate.

Maar die waterskeiding, kan ek nou insien, was toe ek vir Beeld die onluste in Soweto in 1976 moes dek. Ek het grootgeword met stories van dapper Boerehelde soos Krisjan de Wet, Koos de la Rey en Jopie Fourie. Die jong seuns en dogters wat ek in 1976 in Soweto in polisiekoeëls sien instap het, was vir my enige tyd net so dapper. En die bloedlus van die polisie net so walglik as die stories van die Engelse konsentrasiekampe en die onderdrukking van die mynstaking van 1922.

Daarna het dit net afdraende gegaan. 'n Paar jaar later het ek nog 'n Kroonstadseun, Patrick Lekota, ontmoet. Ek dink hy is een van die beste produkte wat my tuisdorp nog opgelewer het. En hy sit nou as UDF-leier in die tronk. In 1987 het ek in Dakar nóg 'n Kroonstadter ontmoet wat naam gemaak het vir homself: Pallo Jordan, nou die ANC se hoof van inligting. Ek het ontdek ek het meer met hom gemeen as met enigiemand wat saam met my in Kroonstad op skool was.

Al die persoonlike besonderhede verveel jou seker teen dié tyd. Maar ek wou dit vertel want ek glo jy gaan binnekort 'n geweldige belangrike leierskapsrol in ons land speel. En dan sal jy die Boere ook moet verstaan. Want hulle is hier om te bly. My storie is die storie van baie jong Afrikaners - ek was net gelukkig om later in my lewe ander werklikhede raak te sien wat my dalk nou effens linkser op die politieke spektrum plaas as baie van my stamgenote.

Dis vir Afrikaners moeiliker om politieke verandering te aanvaar as vir seker enigiemand anders in ons land. Maar glo my, hul rassisme en onbuigsaamheid is hoofsaaklik die resultaat van 'n jarelange manipulering deur magsugtige "volksvaders", 'n totale gebrek aan inligting oor hul landgenote, en vrees. Vrees vir weer vreemdelinge in hul eie land word; vrees vir 'n prysgee van hul taal en kultuur waarvoor hulle so lank geveg het; vrees vir weer arm wees soos ná die Boere-oorlog; en vrees vir die onbekende.

Die Boere is 'n hardegat-klomp. Dis lekkerder om hulle aan jou kant te hê as teen jou.

Moenie verwag dat hulle ooit gaan tuis voel om te toyi-toyi of met gebalde vuiste in die lug te staan nie. Moenie van hulle vra om mekaar as kameraad aan te spreek nie (behalwe as hulle in die AWB is). Hulle is vir jou meer werd net soos hulle is, safaripakke, snorre, bakkies, Saterdagmidag-braai, rugby en al.

Nie dat ek dink jy moet hulle smeek nie. Hulle hou van reguit praat. Maar spreek hulle vrese kaalkop aan. Uiteindelik gaan hulle jou glo. Ten spyte van hulle praatjies is hulle desperaat om ook vrede en voorspoed in hulle land te geniet - en om sonder vrees of skaamte hulle mede-Suid-Afrikaners en die res van die wêreld in die oë te kyk.

En baie geduld sal jy moet hê.

Ek weet nie waar jy die wysheid vandaan gaan kry om dié dinge te doen wat ek jou vra en boonop nog die gefrustreerde, geradikaliseerde swart jeug ook aan jou kant te hou nie. Miskien is ons almal onregverdig om sulke hoë verwagtinge van een mens te koester. Ons soek 'n Salamo en 'n Dawid en 'n Moses in een mens.

Maar die Vader weet, ons het iemand nodig om ons uit hierdie gemors te help lei. My gesonde verstand sê vir my dit gaan nie FW de Klerk wees nie. En wie is daar nog?

Ek sien uit na die dag dat jy by Victor Verster se hekke uitstap. Nie net wil ek graag vrede in my eie leeftyd sien nie, ek het twee jong kinders wat ek graag 'n gesonde, vreedsame lewe hier gun.

Sterkte en groete
Max du Preez

"Universiteite in 'n Veranderende Suider-Afrika"

Konferensie by Universiteit van Pretoria 14h00 Vrydag 28 Julie tot 14h00 op Saterdag 29 Julie 1989

Hein Willemse en Es'kia Mphahlele (Letterkunde); Ruben Sher (Aids en opvoeding); Sarie Berkhout en Neil McGurk (Opvoedkunde); Johan Degenaar en Wally Morrow (Vryheid van spraak op kampus); James Moulder, Peter Booysen en Neville Alexander (Taalbeleid); Jane Hofmeyr en Merlyn Mehl (Akademiese ondersteuningsprogramme); Mala Singh, James Maseko, Susan Booyens en Nthato Motlana (Die rol van personeel, studente en die gemeenskap); Franklin Sonn

Aangebied deur die Forum vir 'n Demokratiese Suid-Afrika en die Unie van Demokratiese Universiteitsopersoneelverenigings (Udusa).

Plek: 2-23 van Opvoedkunde/ Regsgeleerdheid gebou (UP)
Lynnwoodweg tussen Roper en Tyndall
Registrasiefooi: R30
Aantal deelnemers word beperk tot 200

Stuur skeurstrokie tesame met R30 (Tjeks betaalbaar aan FODESA)

Naam: _____
Adres: _____

aan: Prof W Fouché, Departement Wiskunde, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 0002. Navrae: 012-4202788 of 012-8070449 (na-ure).

Vrye Weekblad

Die Tuynhuis-besoek

Dit maak nie saak of Staatspresident PW Botha vir Nelson Mandela in Tuynhuis ontvang het om vir FW de Klerk tong uit te steek en of hy dit om 'n ander oorweging gedoen het nie.

Die feit bly staan dat die staatspresident van Suid-Afrika een van die top-leiers van die verbode African National Congress wat 'n gevangene is vir 'n "welwillendheidsbesoek" ontvang het. En dat die twee saam in 'n verklaring hul verbintenis tot 'n vreedsame toekoms uitgespreek het.

Dié stap kan nie ongedaan gemaak word nie.

Wat ook al die motivering daarvoor is, dit is een van die belangrikste ontmoetings tussen twee leiers in ons land se geskiedenis.

Mandela se verdere verbintenis tot vrede wat op SAUK-TV se hoofnuus Woensdagaand aan die nasie voorgelees is, kan ook nie ongedaan gemaak word nie.

Die Nasionale Party-regering het die afgelope veertig jaar baie absurde dinge gedoen. Maar so absurd as om Mandela ná die gesprek mooitjies na sy "sel" te laat teruggaan en te wag vir die dag dat die NP gaan besluit hulle kan dit waag om hom vry te laat, kan hulle sekerlik nie wees nie.

Ons vertrou die verwagte vrylating van Walter Sisulu en ander politieke gevangenes sal die klimaat genoegsaam voorberei vir Mandela se onvoorwaardelike vryheid.

'n Vrye Mandela en Sisulu gaan nog steeds leiers van die ANC wees en gaan ongetwyfeld so optree. Daar is dus nie 'n keuse nie: die beperkinge op die ANC moet opgehef word.

Ons hoop die regering gaan volwasse genoeg wees om te besef dat hulle die demonisering van dié organisasie tydens die verkiesingsveldtog onmiddelik moet staak. Laat die landsburgers self oordeel of die ANC uit die bose is of nie.

Ons hoop ook die ANC, die UDF, Cosatu en ander organisasies in dieselfde kamp gaan die Tuynhuis-besoek sien as 'n teken om nou alle retoriek eenkant te skuif en aktief te begin voorberei vir Mandela en sy makkers se vrylating.

Suid-Afrika kan nie 'n losbandige en gewelddadige verwelkoming vir een van sy mees geëerde leiers bekostig nie - en Mandela verdien beter as dit.

Daar's hoop!

Suid-Afrika is vandeesweek met die nuus van 'n styging in die petrolprys en die inflasiekoers weereens herinner aan die fundamentele krankheid van ons ekonomie.

Benewens wanbesteding en wanadministrasie van die kant van die staat, is ekonome dit eens dat dit sanksies en disinvestering is wat byt.

Geen regdenkende Suid-Afrikaner glo meer dat dié stappe gedoen word deur "vyande van Suid-Afrika" nie.

Dit word gedoen weens die onwelriekende staatsbestel in ons land.

Die gebeure in Pole en Hongarye die jongste tyd, waar Amerika en die Weste demokratiseringsprosesse in dié lande met grootskeepse geldelike hulp en bystand soos die herskedulering van skuld vergoed het, is 'n bewys dat ons nie altyd in dié toestand van verarming hoef te lewe nie.

Die welwillendheid van die Thatchers, die Kohls en die Bushe teenoor Suid-Afrika in die jongste tyd is 'n bewys dat ons dieselfde behandeling sal ontvang as ons ons eie huis in orde kry.

So sê hulle . . .

""Die swartmense was gelukkig onder my beheer. Hulle is mislei deur die kommuniste. Ek dink demokrasie is in elk geval 'n klug." - Ian Smith, oud-premier van die destydseRhodesië.

"'n Mens kan nie die goeie dinge in die lewe boikot nie." - Alexander Atanassov, ambassadeur van Bulgarye in Harare, met verwysing na Suid-Afrikaanse rooiwyn.

"Daar is geen sin in om jou jongmense in 'n oorlog te laat doodskiet as jy presies dieselfde resultaat met onderhandeling kan bereik nie." - Dirtymas Matara, speaker van die Volksraad, Zimbabwe.

"Om teen apartheid te wees is normaal., nie heroïes nie." - Breyten Breytenbach by die gesprek tussen digters uit Suid-Afrika en die ANC.

BRIEWE

Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.

Moenie Mosambiek romantiseer nie

Chris Claassen van Bloemfontein skryf:
André Zaaiman se verslag oor 'n besoek aan Maputo (VW 30 Junie 1989) amuseer. 'n Chaotiese doeanekantoor, 'n slaggatbesaaide pad vanaf die lughawe stad toe, 'n rammelkas-taxi sonder voorruit, word geromantiseer as "'n uitbundige ervaring".

As hierdie die eerste indrukke is van die hoofstad, kan 'n mens maar net ekstrapoleer om te besef hoe totaal vervalle Mosambiek is.

Die legitieme vrees bestaan - en nie net by blankes nie - dat post-apartheid Suid-Afrika ook so gaan lyk. Dit is geen sonde om vir 'n stelsel, 'n ekonomie te pleit waarin dinge werk nie.

(Om sommer losweg 'n paar dinge te noem: heel paaie, vliegtuie wat betyds vertrek, bekombare verbruikersgoedere wat almal kan bekostig, betroubare posdienste, 'n aktiewe aandelebeurs, ens.)

Dit is 'n soort perverse paternalisme om die mislukkings van Afrikalande te ontken, en selfs te romantiseer. Die verskuilde redenasie is dat 'n mens dit kan verskoon omdat dit maar Afrika is, of die skuld op blankes pak. (Kolonialisme, of uitbuiting deur die kapitaliste van die noordelike halfrond, of apartheid in die geval van Mosambiek.)

Afrika is besig om verantwoordelikheid vir sy eie mislukkings te aanvaar. Post-apartheid Suid-Afrika moet van meet af geen kompromis tref met tweedehandse standaarde nie.

Die maklikste verweer teen hierdie standpunt is om dit as rassisme af te kam. Nee. Baie van ons wat so dink is hewig teen apartheid. Maar ons is net so hewig teen middelmatige verval.

Daarom: in plaas daarvan om die Suid-Afrikaanse lugwaardin se stem as "gemilitariseerd" te ervaar, is dit ons hoop om vir altyd ten minste doeltreffende lugwaardinne en dies meer in die omgewing te hê.

16 Junie 'n groot "brag"?

Ben Smit van Irene skryf:
Ja, ek stem saam 16 Desember en 16 Junie het iets vir mekaar te sê. 16 Desember het egter reeds vir hom 'n saak uitgemaak: Dingaansdag het Geloftedag geword; vergete is Bloukrans, Weenen én Bloedrivier.

Die boodskap aan 16 Junie is duidelik: daar sal nie weer 'n Bloedrivier wees nie. Nasionaal het ons boete (of soos u dit stel belydenis) gedoen en vra ons daagliks om versoening. Baie volwasse.

Wat van 16 Junie? Dit is van onsekere aard. Die dag is òf 'n geleentheid vir die groot "brag" òf vir kollektiewe derm-uitrykery. Selfs die lemmings pleeg vrywillig selfmoord - hulle hoef ten minste nie gedwing te word nie.

Ons gesprek sal ongelukkig nou in 'n noodtoestand moet plaasvind, maar dink daaraan - as jy die eendimensionele pessisimisme kan afskud - noodtoestand is wapen sowel as beskerming as geleentheid.

Of hou jy daarvan om Uncle Tom te wees? Wil jy honorary white bly? Jy het, paternalisties gesproke, misbruik gemaak van jou "please sir, may I have some more"-status. Dít en nie eise/geweld nie is ongelukkig deel van die politieke grootword.

Maar 16 Junie: kom ons praat die waarheid, die hele waarheid. Weerlose kinders? Redelose is dalk meer gepas. Waaraan is die maatskaplike werker, dr Edelstein, dan dood? Hartversaking?

Hy wat sy hele fisieke en intellektuele vermoëns aan pre-16 Junie gewy het. Wat het hy dan gedoen om nou te lê en doodbloei? Mag ek jou aan suster (dr) Mary-Aiden Quinlan herinner?

Bloedrivier probeer hard om ten minste 'n skyn van redelikheid te bewaar. Sy simbole word soos 'n kleinnood opgepas. Soweto gee geen snars om nie en blykbaar het die fynere nuanse van die Peterson-simboliek hom ontsnap. Praat harder, dalk hoor jou mense nie.

Maar wil jy luister 16 Junie? Het Quinlan en Edelstein dan vergeefs gesterf. Vir hulle en vir honderde ná hulle is die monument vir die slagoffers van terrorisme opgerig; mense wat nie vir hulleself kan of kon praat nie.

Maar let tog op die metaalletters: EK is in hoofletters. Eerbied genoeg? Te min gesê? Het jy nie al te veel gepraat en te min geluister nie? Miskien moet ons 'n derde gespreksgenoot toelaat: 20 Mei.

Indien jy nie weet nie, dit is slagofferdag. Sy plek is nie geografies soos Bloedrivier of Soweto vasgelê nie. Dit is nêrens en oral: Strijdomplein, Amanzintoti, Durban en elders.

Hy het geen stem nie - gevolglik maak hy nie aanspraak op 'n vakansiedag nie. Sy probleem was net dit: hy was op die verkeerde plek en sy hande was leeg. So jammer dat Hector Peterson nie dieselfde kan sê nie.

Kom ons speel 'n speletjie: jy word ek en ek jy, 16 Desember word 16 Junie - Ek wed jou dat jy dan nie sal kan sê van 16 Junie wat jy nou van 16 Desember sê nie.

Lóóp die Natte

Henk Bester van Montagu skryf:
Egbertus skryf oor ET. (VW 23 Junie). Ek hoor as ET nie in Rustenburg regkom nie, gaan hy glo Nigel probeer (vra maar vir die Sunday Times).

So terloops: ook maar goed hy het nie daardie kiesafdeling van meet af aan probeer nie - wat sou ons dan met al die swastikatjies gemaak het?

In meer ernstige trant: Ek wil u gelukwens met u koerant. Haal al die hel uit die Nattes uit. Hulle het ons land tot op sy knieë geregeer. Rasseverhoudings het hul beduiwel, die gewone man struggle om te survive, terwyl hulle daar bo hul beursies hard hou, met korrupsie onder die dekmantel van skoon administrasie.

Inflasie is so hoog dat niemand dit kan bekostig nie, 'n land wat eens 'n geldskieter was is in 'n geldlener verander, 'n eens gerespekteerde land het die muishond geword, 'n toonaangewende Eerste Wêreld-moondheid het in 'n Derde Wêreld-land verander.

En so kan ons aanhou om dinge te noem hoe hulle ons land deur hul agterent getrek het totdat die koeie huis toe kom.

Ek dink dis Brolloks wat sê dié een is darem slimmer as sy voorganger. Wat van slu? As hy so voortgaan soos nou op sy onlangse oorsese besoek en dit nog boonop sonder 'n mandaat, dan sal die Madam eersdaags, na die verkiesing natuurlik, hier van

Na Bladsy 18

En wanneer drink Winnie en Tannie Elize saam tee?

Brolloks

'n Paar weke gelede het Brolloks gewaarsku: pasop vir 'n laaste paar swaaie van die Groot Krokodil se stert! Dié woorde was nog nie mooi koud nie, toe piets die stert en daar is FW se donder gesteel.

Hoor hoe dikbek reageer FW toe op die ontmoeting: "Dit is die Staatspresident se prerogatief om te ontmoet wie hy wil, en ek lê my neer by sy besluite oor sulke sake."

Nou wonder 'n mens wanneer FW van die tee-drinkery gehoor het. Want 'n hele paar kabinetslede het dit eers Saterdagaand op die sesuur TV-nuus gehoor!

En luister nou maar vir Brolloks: dis nie die laaste piets van die stert nie ...

Brolloks wonder wanneer Tannie Elize en Winnie ook saam tee gaan drink? Met handtertjies en al. Op 'n pienk frilletjies-tafeldoek. En dan kan Rozanne vir Zinzi na haar kamer toe vat en haar jongste Bles Bridges-plaat speel. En so aan.

* Maar dalk is daar te min tyd oor vir Tannie Elize om nóg teepartytjies by te woon. En dan, vrees Brolloks, sal dié takie op Marike de Klerk se skouers val. Solank die gekraakte koppies regkry, Marike!

Daar boemerang dit al weer

PW is nie meer so goed met politieke binnegevegte as voor sy siekte nie.

Eers maak hy die fout om ontydig as NP-leier te bedank en daar vat FW die gaping soos 'n wafferse Danie Gerber. En voor jy kon sê "ons staan agter ons leier" toe's FW by Maggie en Helmuth en word hy in die wêreldpers voorgehou as 'n Boere-Gorbatsjof. En PW sit in die Kaap en word al bitterder.

* Uit weerwraak nooi hy Nelson vir tee, en 'n paar dae later vertel Beeld hoe dit die pad oopgemaak het vir FW Washington toe ...

Hou Winnie van Boere-barok?

Dink julle nie ook Nelson het skelmpies rondgekyk tydens sy 45 minute in Tuynhuis en Maandag aan Winnie gerapporteer oor die kleurskema en watter soort meubels daar staan nie?

Winnie se dossier

En hoeveel van julle glo dit was toeval dat Winnie se dossier drie dae ná haar man se ontmoeting met die Krokodil skielik na die prokureur-generaal gestuur word vir moontlike vervolging nadat almal wat met die nare moord op Stompie Moeketsi te doene gehad het, máánde gelede al hul verklarings afgelê het?

Supervan was weer reg

'n Paar weke gelede het Van Zyl Slabbert in 'n onderhoud met Vrye Weekblad gesê die Demokratiese Party moet sy sokkies optrek, of die NP haal hom in wat skakeling met buite-parlementêre groepe betref.

* Van was wéér reg. Terwyl die DP sy leide en kandidate belet om met die ANC te skakel voor 6 September, sit PW Botha die ANC se grootbaas.

Ters en Koedoe

PW is nie meer deesdae so baie op TV nie, maar julle sal nog onthou dat daar altyd so 'n mooi flink man in 'n wit vlootuniform langs of agter hom gestaan het waar hy ook al gaan.

Dié man is sy aide-de-camp, kaptein Ters Ehlers, vroeër 'n duikbootbevelvoerder. (Kan daar enige beter opleiding wees vir iemand wat heeldag en aldag in PW se teenwoordigheid moet wees?)

Nou verneem Brolloks Ters gaan nie aanbly om saam met FW op TV te verskyn nie. Hy gaan ook nie terug na die Johanna van Jaarsveld nie. Hy gaan saam met Riaan Eksteen (onthou julle nog vir Koedoe van SAUK-faam?) 'n politieke konsultant word.

* 'n Lekker kombinasie. Die tweetjies kan vir maande lank net skinderstories uitruil oor wat PW alles aan hulle gedoen het. Miskien met Ters sy kollega in Tuynhuis, Jack Viviers, ook betrek, want ná Jack se kategoriese ontkenning Saterdag dat sy baas nooit met Nelson gesels het, gaan niemand hom weer glo as hy later vanjaar Rapport se Kaapse korrespondent word nie!

Die SAUK/AB-Alliansie

Die Broederbond was nog nooit eintlik subtiel nie. Die SAUK ook nie. Daarom was die aanstelling van twee top-Broeders as die grootbase van die SAUK, Christo Viljoen en Hendrik Sloet, nie 'n verrassing nie.

Viljoen is die laaste akademikus op Stellenbosch wat nog 'n openlike Nat is, en Sloet is die baas van die Broederbond se kulturele arm, die FAK.

* Toemaar, Christo, die hele land glo jou beloftes verlede week dat die SAUK van nou af heeltemal onpartydig gaan wees, ook met die komende verkiesing. Soos hulle glo in tandfeetjies.

'n Afgevaardigde na die ANC?

Die koerante van die Nasionale Pers was in die verlede vóór in die histeriese koor oor mense wat met die ANC gaan gesels. Toe hul eie verslaggewers Tanzanië toe is om met die ANC te praat, was hul verklaring dat dié mense as joernaliste gaan, nie as afgevaardigdes nie.

* En verlede week is dié koerante vol stories van een van hul verslaggewers wat 'n afgevaardigde was na die ANC se beraad met skrywers in Zimbabwe. Het die wiel gedraai het, of is dié koerante net plein oneerlik?

Romantiese Fidel

'n Brolloks-fan van Seepunt bel om te vertel waar die Kubaanse koerant Granma waarvan Brolloks verlede week geskryf het, sy naam gekry het. Granma was glo die seiljag wat Fidel en sy kamerade in die laat 1950's aan die Kubaanse kus gaan aflaai het net voordat hulle die regering gaan oorneem het. En toe noem hy sy partykoerant ook sommer Granma.

* 'n Mooi storie. Brolloks hou van 'n staatshoof met 'n sin vir die romantiek. As ons leiers ook so 'n bietjie meer styl gehad het, dan het Die Burger dalk vandag bekend gestaan as die SAS President Kruger...

Dís nou inflasie

Net voor julle wil begin kla oor 'n inflasiekoers van 16 persent, rentekoerse van 20 persent en 'n 20 persent verhoging in die prys van petrol, luister hoe gaan dit met die arme mense van Argentinië: 'n inflasiekoers van by die 10 000 persent die afgelope jaar; petrol word dié week 500 persent duurder en rentekoerse draai om by die 80 persent.

* Miskien moet 'n mens dit nie te hard sê nie. Netnou sien Barend dit as 'n uitdaging.

Die meriete van Miesies van der Spuy



Egbertus Klaagvoort

Geliefdes, Miesies Klaagvoort is op hol. Hierdie keer gaan dit oor die nuwe opposisieparty wat Miesies van der Spuy wil stig, as mens werklik kan glo dat sy ernstig is oor die gedoente.

Meritokrasie is darem 'n baie swanky naam vir so 'n absurditeit, smaak my daar's iewers 'n skroef los. Die lig in Egbertus se lewe vrees nou dat Miesies van der Spuy dalk nog die koeksistergilde kan hijack, jy kan nooit te versigtig wees in hierdie tye nie, en dan split sy dalk die vote en laat Madam de Klerk by die agterdeur in.

Dis naelbyt affêres dié, glo my. Maar sappiger as al die politiekery is die vervolgingsgenoeptheid van Miesies van der Spuy, as die berigte daaroor geglo kan word. Ek weet darem nie of dit waar kan wees nie.

Oswald, wat sedert die winterrus on the rampage is met al sy kennis oor die regswêreld, wonder juis of 'n mens straks die regering kan vervolg omdat dié te min regters aanstel juis wanneer jou man beskikbaar is vir 'n regterskap.

Dis mos 'n uitstekende plan, vervolg die ou spul tot hulle almal in die tronk sit, dan kan hulle mos sommer daar hul samesprekings met Vader Mandela hou. Spaar die reiskoste, mos.

Volksheld en Vader Mandela

Dís nou vir jou 'n heerlikheidjie! Die ou Volksheld, op sy laaste politieke bene (en terselfdertyd onaktief in die politiek, sal julle onthou), tree in gesprek met Vader Mandela terwyl die res van die Party hul kleintongetjies afbyt soos hulle protesteer teen enige gesprek met mense links van Cliff Saunders.

Egbertus wonder so in die stilligheid of Madam de Klerk se man enigiets weet van die Volksheld se manewales. Is dit die laaste perverse stuiptrekkings van a Volksheld scorned? Wie weet wat daar nog in die mou gevoer word.

Kerriesous raak nou dik

Mister Poovalingam maak nou regtig die kerriesous 'n bietjie te dik aan.

Dis goed en wel om 'n bietjie te huff en te puff wanneer die politieke kollig jou agterlaat, veral wanneer jy op 'n ander party se sponsorship staatmaak om jou deur die verkiesing te sien, maar aantygings van rassisme teen die stomme DP is darem verregaande, selfs vir Mister P.

Laat my dink aan die kêrel wat 'n treinkompartement met 'n vreemdeling moes deel, Semitiese kêrel val dit my by. Vra hy die vreemdeling of hy dié se kam kan leen, en hy kry sy sin. Vra hy of hy die mans se sokkies kan leen, en hy kry sy sin. En sy onderbroek. En sy Brylcream. Hy kry sy sin.

Toe wil hy die arme vent se tandeborsel leen, en dié sê toe: Kyk vriend, hier moet ek nou voet neersit, tot hiertoe en nie verder nie, hier sterf ek 'n bloeddood. Kom die respons: A, anti-Semities, hê!

Neanderthals sterf uit

Dis 'n tragiese wêreld wat 'n afgesloofde entertainer soos Egbertus van sy genotjies ontneem. In die paar maande wat hierdie gevleuelde woorde op die meningsblad kon nesmaak, het sovele ou vrinde die kop gaan neerlê.

Liewe Heunis, Sy Onverstaanbaarheid die Eerste, is daarmee heen. Kyk net hoe word hy geïgnoreer, selfs deur His Master's Voice; Stoffel Both, wat koerante kon intimideer sonder om self sy redes daarvoor te begryp, laat nie eens 'n piep van hom hoor nie.

Die ou Volksheld is ook aan die ontrafel, net sy verborge agenda bly oor. Waar's Admiraal Savimbi? Waar's Sy Edele A Ragsbanjo? Eens was die Klaagvoorts se lewens bevolk deur die sappigste verskeidenheid sukkelaars, goëlaars en Neanderthals.

Nou bly nog net Magnus PI, bekende oorlogsheld oor. Plus so een of twee trawante. En gaan ons hulle nog enigsins hoor na die verkiesing?

Ons eie Cicero en Patton

Van Magnus gepraat, hierdie Cicero en Patton rolled into one het darem 'n besige tydjie agter die rug.

Oswald berig dat die Weermag se onderonsie met die ECC (mag mens van hulle praat, noudat die Volksheld met die land se voorste leier aan die gesels is, of is die blote gedagte aan so 'n organisasie ook al verbode?) in die hof nie van alle pret ontbloot is nie.

Hy beweer dat die Weermag erken dat hulle in 1986 en 1987 vals bewerings oor die organisasie gepubliseer het met die bedoeling om die ECC te benadeel. Dié publikasies is onder 'n vals naam en vanuit 'n vals adres gedoen.

Meer lafhartig kan jy natuurlik nie kry nie; maar ironies genoeg was een van die bewerings wat die Weermag maak, juis dat die ECC se lede lafhartig is!

Die arme Weermag se erkende plan om met die smeerveldtog voor te gaan, is toe tog te wreed deur die hof kortgeknip in 'n interdik.

Die regter sê: "Die erkende veldtog (teen die ECC) gaan verder as wettige opposisie. Die opsetlike gebruik van vals uitlatings van die soort wat daarop gemik is om skade te berokken is 'n misbruik van die reg om te kritiseer en is prima facie onwettig."

Nou wil Moeder weet of hierdie onwettighede deel uitmaak van die Total Onslaught. En of die Weermag dán nie altemit ook tot verbode organisasie verklaar gaan word nie. Nee moeder, waar's jou sin vir geregtigheid?

Het die mal hond gehap?

Onse ou volkie is tog so ver van beskaafd. Jy sou dink dat elke beskaafde, geletterde wese ook die regverdigheidsin en verstand het om nie te val vir elke propoganda trick wat mense soos Adriaan Vlok so goedsmoeds uit die hoed haal nie. Soos die Grosskopf gedoente.

Enige sot kan uit die hoogte iemand beskuldig wanneer hy weet die slagoffer het nie die geringste kans om hom teen die lasterlikhede te verdedig nie. Maar soos ons weet was dit nie enige sot nie, maar 'n spesifieke een wat Grosskopf toe links en regs van gruweldade beskuldig.

Maar wanneer 'n groep sogenaamde liberated siele dan van aangesig tot aangesig met die kêrel kom in Lusaka, duik dit agter die sofa in, sing Prys den Heer (mens bid nie net in Hollands nie, maar sing ook as dit oor dié dinge gaan in die hoogste Hollands beskikbaar, mens moet darem indruk maak, sê Moeder), en gryp na die smelling salts.

Al die propoganda het soos 'n stadige gif selfs die onderbewuste van die Five Freedoms Forum ingesypel. Shame. Het die man dalk soos 'n mal hond happe uit julle agterstewe gehap? Details please.

Onthou die plurals!

Haai, nie net kan Vyand Malan Ingels praat nie, maar Doctor Wobble gooi die boeretaal soos 'n wafferse hulpspanleier. Nou moet Madam de Klerk se man darem probeer byhou: dis nie dat hy nie met selfvertroue praat nie, vrinde, dié het hy in oorvloed, tot uitsluiting van sovele ander belangrike dinge.

Maar die Ingelse sinne is darem te ingewikkeld, self vir stadsjapies. En gee tog meer aandag aan die plurals, meester, miskien kan jy sommer oefen terwyl jy jou triomfglimlag in die spieël oefen. Bye for now.

Himalayas se lente eis 12 lewens

Philippe Agret

KATHMANDU - Elke jaar lok die lente-bergklimseisoen in die Nepalese Himalayas bergklimmers van dwarsoor die wêreld. Vanjaar het 12 nie huis toe gegaan nie.

Die wêreld se hoogste bergketting is bedrieglik, onvriendelik en ongenadig. Dit was vanjaar weens die slegte weer selfs gevaarliker om die Himalayas te klim.

Vanjaar is vyf Pole, 'n Joego-Slaaf en 'n Nepalees dood aan die hange van Berg Everest, die wêreld se hoogste bergpiek van 8848 meter.

Drie Japanners is dood op Berg Langtang Lirung, terwyl nog 'n Nepalees dood is op Kanchanjunga en 'n Spanjaard op Manaslu.

Tydens die lente-klimseisoen, wat verlede week geëindig het, het 48 ekspedisies van 20 lande 'n aanslag op 23 pieke gemaak.

Die meeste het misluk omdat die weer sleg was, het 'n woordvoerder van Nepal se Departement Toerisme gesê.

Vier van die agt aanslae op die berieglike Berg Everest het geslaag, maar 'n hoë prys is betaal.

Die vyf Poolse bergklimmers het omgekom in 'n massiewe sneeustorting op 27 Mei. Vier van hulle is lewendig begrawe toe hulle deur sneeu duisende meters ver in 'n kloof meegevoer is.

Die Snowbird Everest Expedition uit die VSA, 'n VSA-Mexikaanse span en 'n Joego-Slawiese span het Everest ook suksesvol geklim.

'n Nepalese berggids Phu Dorji, wat Everest saam met die eerste Mexikaanse span oorwin het, is op 16 Mei dood toe hy op 'n hoogte van 8550 meter gegly en na sy dood geval het. Nog 'n gids is op dié dag dood.

Verlede jaar is vyf bergklimmers in die lente dood.

Van die 48 ekspedisies is die lot van een, 'n Wes-Duitse span wat probeer om die 7371-meter hoë Berg Himalchuli te verower, nog onbekend.

Die grootste sukses is behaal deur 'n Sowjet-ekspedisie met 37 lede onder die leierskap van A Myslovsky wat die vier bergmassiewe van die 8586 meter hoë Kanchanjunga geklim het. Dit is die derde hoogste bergpiek ter wêreld en is tussen Indië en Nepal geleë.

Dis die eerste keer in die geskiedenis dat al vier die massiewe geklim is. Hul hoogte wissel tussen 8586 meter en 8505 meter. Sommige van die bergklimmers het suurstof gebruik en ander nie.

'n VSA-Indonesiese span het ook 'n prestasie behaal deur Kanchanjunga te klim oor die noordelike wand, wat baie aan sneeustortings onderhewig is. Ses klimmers het dit op 18 Mei bestyg en drie ander drie dae later.

'n Vroue-ekspedisie uit die VSA het die 7160-meter hoë Berg Pumori op 25 April sonder suurstof bestyg.

Maar twee ekspedisies wat gelei is deur die veteraanklimmers Marc Batard van Frankryk en Italië se Reinhold Messner kon weens die swak weer nie daarin slaag om die berge Everest en Lhotse te bestyg nie.

Die herfs-klimseisoen begin op 1 September en eindig middel-November. Meer as 50 ekspedisies het aansoek gedoen om pieke hoër as 8000 meter te klim.

Die dood van 21 bergklimmers verlede herfs is klaarblyklik nie genoeg van 'n afskrikmiddel vir die obsessie om die "dak van die wêreld" te bereik nie. - AFP



Die bedrieglike Berg Everest

Meer mense in Iran tereggestel

BAGHDAD - 'n Iranese opposisiegroep het 'n lys van 2023 politieke gevangenes wat sedert Augustus in Iran tereggestel is aan die VVO se algemene sekretaris Javier Perez de Cuellar oorhandig, het die groep hier gesê.

Die "People's Mujahedeen" het beklemtoon dat die lys name van gevangenes wat sedert die staakvuur tussen Iran en Irak op 20 August teregggestel is, nie volledig is nie. 'n Aantal vroue en kinders is ook tereggestel.

Die teregstellings het toegeneem sedert 3 Junie, toe Iran se geestelike leier Ayatollah Khomeini dood is.

Die Mujahedeen het gevra dat Iran uit die VN geskop word. - AFP

Skandale, vroue kan Japan se regering sink

Elizabeth Zingg

TOKIO - Met nog minder as twee weke voor die belangrike hoërhuisverkiesing berei Japanse vroue hul voor om hul stem deeglik te laat hoor in 'n land wat tradisioneel deur mans gedomineer word.

Die aktiewe deelname van vroue aan die verkiesing skud die wankelrige magsbasis van die Liberaal-Demokratiese Party (LDP), wat nou al 30 jaar lank die land regeer, nog verder.

Die LDP word reeds deur aandele- en seksskandale, en die instelling van 'n ongewilde verbruikerswet geteister.

"Kom ons versprei vrouemag oor die hele land," het Takako Doi, voorsitter van die Japan Sosialistiese Party (JSP) gesê toe sy haar party se verkiesingsveldtog loods. Die JSP is die grootste opposisieparty.

'n Rekordgetal van 146 vrouekandidate het hulself vir die verkiesing op 23 Junie beskikbaar gestel. Dit is twee keer meer as in 1986.

Die verkiesing op 23 Junie word as 'n belangrike toets vir die LDP beskou. Altesaam 670 kandidate ding mee om 126 setels mee in die Huis van Raadgewers.

Vroue, wat tradisioneel gesinne se begrotings beheer, is sterk gekant teen die nuwe Verbruikerswet wat in April van krag geword het. Amptelike syfers wat dié week vrygestel is, toon dat kospryse met 3,1 persent en dienstepryse met 3,5 persent gestyg het.

Die LDP is vroeër vanjaar geruk deur 'n aandelemarkskandaal, wat tot die bedanking van eerste minister Noboru Takeshita gelei het. Japanse vroue is ook verontwaardig oor 'n seksskandaal waarin die huidige eerste minister Sosouke Uno en 'n geishameisie betrokke is.

Vroue is nie soseer teen die verhouding gekant nie, maar is moeg om "soos 'n handelsitem behandel te word", het die onderleier van die JSP, Manae Kubota, gesê. Sy het die skandaal in die parlement op die lappe gebring.

In die verkiesing vir Tokio se Metropolitaanse Vergadering, met 128 lede, het vroue hul setels van sewe tot 17 opgeskuif. Twaalf van die vroue is lede van of geniet die steun van die JSP.

Die LDP het hierdie verkiesing verloor en 20 van sy 63 setels afgestaan.

'n Week vantevore het die LDP 'n onverwagte nederlaag gely toe 'n vroue-kandidaat van die JSP, Kinuko Ofuchi, 'n tussenverkiesing in 'n konserwatiewe plattelandse setel in Niigata in Noord-Japan gewen het.

Sy het die seun van 'n voormalige plaaslike goewerneur verslaan.

Die toenemende invloed van vroue op Japan se politiek is merkwaardig omdat hulle tot onlangs net in omgewings- en verbruikersorganisasies betrokke was.

'n Politieke kenner meen die LDP het die gevolge van die Verbruikerswet op vroue "onderskat".

Maar dit is die seksskandaal wat baie vroue van die regering vervreem het.

Nog 'n merkwaardige ontwikkeling is dat vyf persent meer vroue in die munisipale verkiesing in Tokio gestem het as mans.

"Die meeste vroue het nog geen voordeel uit hierdie stelsel ontvang nie," het 'n prominente dagblad, die Asahai Shimbun, berig. "Daarom het hulle niks om te verloor nie."

Die LDP het dié week aangekondig dat 'n vrou en 'n gestremde man bo-aan die party se lys van proporsionele verteenwoordiging geplaas is. Die nominasie van Kayako Shimuzu, 'n 53-jarige voormalige burokraat van die Departement van Gesondheid, is in regstreekse konflik met die LDP se beleid. Haar nominasie het gevolg op 'n hewige debat, wat volgens nog 'n dagblad, die Mainichi Shimbun, die "angs" in die party weerspieël.

Veertig politieke partye sal aan die hoërhuis-verkiesing deelneem. Vyftig kandidate staan in kiesdistrikte, en die oorblywende 76 word deur proporsionele verteenwoordiging aangewys. - AFP

Pryse 'onthoof' in Parys!

PARYS - "Revolusionêre uitverkoping: pryse onthoof", lees die advertensieborde in die ondergrondse spoorwegstasies.

En oor 'n prent van die berugte Bastille-gevangenis staan geskryf: "Ons hou nou uitverkopings want Parysenaars het dikwels geldprobleme in die middel van Julle."

Die slagspreuke verwys na 14 Julie 1789 toe honderde honger Franse die Bastille vir brood en vryheid afgebrand het, en daarmee die Franse Revolusie begin het.

Vandag se Parysenaars, en die verwagte 3 miljoen toeriste wat die stad vir die herdenkingsfees gaan besoek, gaan groot geld bestee op allerlei snuisterye, sommige in goeie smaak en ander uiters vulgêr.

Daar is outydse hoedjies en blou-wit-en-rooi langbroeke, die tradisionele uniform van die revolusionêre 200 jaar gelede.

Daar is gelykheidsbrood, vryheidskoek en broederskap-brioche - 'n ryk broodjie waarna die ongelukkige Marie Antoinette verwys het toe sy van die honger massas gesê het: "Laat hulle koek eet."

Daar is natuurlik ook ontelbare herdenkings-T-hemde en blou-wit-en-rooi versiersels en bybehore om elke sak te pas, van haute couture tot goedkoperes by die stalletjies langs die Sacré Coeur en die Eiffeltoring.

Wat van revolusionêre kondome in wit, blou en rooi? Dit is te koop in 'n stel van drie: die blou een het 'n prent van Lodewyk XVI daarop, die witte die woorde "Gelykheid, vryheid en broederskap" daarop en nou wonder julle seker wat is op die rooie?

'n Guillotine. Maak gou, voor die voorraad uitverkoop is! - AFP

Kom ons rook in die museum

Philippe Agret

LONDEN - Vliegtuigskure, ongebruikte fabrieke, plaasskure en selfs 'n spoorwegmuseum het die ongewone teikens van polisieklopjagte in Brittanje geword in 'n poging om dwelmpartytjies hok te slaan.

Die hoeveelheid dwelms - dagga, kokaïen, LSD en die "ontwerpersdwelm" "ecstacy" - waarop beslag gelê is, het die klopjagte die moeite werd gemaak.

Maar die arrestasies skrik nie die "Acid Teds" af om hul partytjies op die Britse platteland te hou nie.

Serpe, lamswolklere, groot glimmende T-hemde, jeans en knopies met glimlagte daarop kenmerk die nuwe gier.

Uitnodigings word by nagklubs en kroeë aan honderde jeugdiges uitgedeel. "Kaartjies" vir die partytjies word teen 15 pond (R60) verkoop, en slegs die tyd en 'n telefoonnommer word verskaf. Die nodige inligting word deur antwoordmasjiene verskaf.

Die Acid Teds - die naam verwys na 'n groep werkersklas-jeugdiges van die sestigerjare - word na afgeleë plase en skure geneem. Soms parkeer hulle myle ver van die party en stap daarheen.

The Britse skinderkoerant The Sun het berig dat jeugdiges onder die invloed van dwelms duiwe in Berskshire onthoof het.

Die minister van Binnelandse Sake van Brittanje, Douglas Hurd, het 'n ondersoek na "acid parties" geloods. - AFP

Mog dit voorgeskryf word!

boeke-blad

Onder redaksie van VICTOR MUNNIK

New Nation New History, uitgegee deur die koerant New Nation, kan teen R5 van die New Nation (in Darragh House, Wandererssstraat 13, Johannesburg) gekoop word, of bestel word met 'n posorder van R7 (binnelands) of R5 plus posgeld (uit die buiteland)

Elsabé Brink



1919: Stakers op pad tronk toe

GESKIEDENIS is, by wyse van spreke, eergister se nuus vandag. Hoe droog en vervelig dit ook al by tye op skool en universiteit aangebied word, kan die kern van drama en opwinding nooit heeltemal doodgesmoor word nie.

New Nation se "People's History" spreek juis hierdie kern van drama aan, want die kort artikels, eenvoudig geskryf, laat die gebeure en die mense leef. Hierdie reeks oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis het van Oktober 1986 as "Learning Nation" in die koerant verskyn.

Die boek is fassinerend, want dit kloof brokke Suid-Afrikaanse geskiedenis wat nog nie dikwels op 'n maklik-verstaanbare en gewilde manier gepubliseer is nie, oop. Dit is inderdaad die geskiedenis van alledaagse mense, in hierdie geval gewy aan die swart mense van ons land. Tog is hierdie boek vir alle Suid-Afrikaners van belang, want die land se wit mense is onbewus van die geskiedenis wat in hierdie boek uitgebeeld word. Dit bevat geen Afrikaner-nasionalistiese "volksgeskiedenis" waarop hulle gespeen is nie, maar vertel die verhaal van die ander volk.

Hoewel die boek 'n joernalistieke styl het, anker die skrywers van die reeks artikels, wat lede van die universiteit van die Witwatersrand se Geskiedenis-Werkswinkel is, dit stewig in intensiewe en deeglike navorsing. Die swart geskiedenis van die Transvaalse platteland, Natal en die Oos-Kaap word vertel, asook die verhaal van swart verstedeliking en die opkoms van swart politieke bewussyn en swart letterkunde.

Die insluiting van die bydrae van swart vroue tot die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse samelewing is 'n baie welkome vernuwing. In dié verband sou 'n mens graag die volle verhaal agter die foto van Eva Mahuma Morake wat saam met Sol Plaatje gewerk het, wou hoor.

Hoewel daar seker 'n bewuste keuse in die verband gemaak is, is dit jammer dat die skrywers steeds anoniem bly. Eer kom hulle toe dat hulle hul akademiese togas kon afgooi om die geskiedenis toeganklik te maak. Hulle tell only part of the story and it is not always easy to look at them. The rest must be gathered from people's memories... Before these memories are lost or forgotten, we must record them so that we can record our own history."

Die boek se tematiese benadering versnipper die deurlopendheid en is soms onbevredigend. Hoewel dit moeilik is om al die stukke van die geskiedenislegkaart tegelyk voor 'n mens uit te lê, sou dit handig wees om 'n kort sintetiese oorsig byderhand te hê, om te weet waar die hoofstukke in die boek by die geheelbeeld inpas.

Selfs 'n diagram waarop die kaarte wat by individuele artikels verskyn, saamgevoeg word, sou baie help.

Die eenvoudige styl waarin die artikels geskryf is, is 'n groot pluspunt. Die boek bied nie net interessante leesstof vir die man en vrou op straat nie, maar die talle illustrasies maak dit 'n opvoedkundige hulpmiddel wat met groot vrug in die onderwys gebruik kan word. Skoolkinders se belangstelling sal geprikkel word en 'n liefde vir die vak sal so aangewakker word.

Mog die boek op die TOD se lys van voorgeskrewe en naslaanboeke beland!

PRONTUIT deur Gerrit Olivier

Tot in die laaste loopgraaf

EK hoop dat die stof rondom die polemiek oor die Afrikaanse letterkunde, wat opgeskop is deur André Brink se conspiracy theory, genoeg gaan lê het sodat ek vandag 'n paar vraagstukke kan oprakel.

Daar is natuurlik baie dinge waaroor daar verder gepraat kan en sal word, maar twee kwessies wil ek in hulle eenvoudigste vorm ter sprake bring.

Die eerste is dat die opkoms en bestaan van die Afrikaanse letterkunde as instelling baie nou verbonde is aan die groei van die Afrikaner-nasionalisme. Dit beteken dat geen skrywer of letterkundige met 'n sosiale bewussyn die vraag na die institusionele verbondenheid van sy of haar eie werksaamhede kan ontwyk nie.

Dit is hoekom Etienne van Heerden daartoe genoop voel om sy aanvaarding van die Hertzogprys te verduidelik en nogmaals te verduidelik, totdat 'n mens voel dat hy maar liewers die prys en die geld moet vat en vakansie op Toorberg moet gaan hou.

Die tweede kwessie is ietwat ingewikkelder, omdat dit te make het met die feit dat elke vorm van skryfwerk tradisie-gebonde is. En dit bring mee dat 'n roman wat op die oog af teen apartheid protesteer, in die vesels van sy vormgewing 'n bevestiging mag wees van magstrukture wat ook aan apartheid onderliggend is.

Oor hierdie dinge het niemand nog regtig begin praat nie omdat die debat beheers is deur wedersydse beskuldiginge en wantroue, deur gekwetste ego's en ou bitterhede. Dit beteken nie dat ek iets teen 'n ouderwetse skeldparty het nie. So 'n uitbarsting is selfs heel sinvol omdat dit opgevolg kan word deur 'n meer konstruktiewe gesprek.

Binne 'n nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika sal die strukture waarbinne die Afrikaanse literatuur tradisioneel beoefen is, sonder twyfel anders lyk.

Die vraag oor die toekoms van Afrikaans is nie 'n sentimentele vraag nie, maar 'n konkrete, politieke aangeleentheid waaroor nugter gedink moet word.

Binne die debat wat nou aan die gang is, is daar een persoon wat hard probeer om die politieke agenda weer sterk op die voorgrond te bring: Marlene van Niekerk.

Van Niekerk maak egter 'n fout deur aan elke deelnemer aan die debat die eis te stel dat hy of sy (i) 'n politieke stellingname moet maak, (ii) 'n literatuurbeskouing moet hê en (iii) dit alles met behulp van voorbeelde moet ondersteun.

Ons weet almal dat ons standpunte op versweë veronderstellings berus, dat alles wat ons sê, uiteindelik na ons keuse teruggevoer kan word. Maar dit is 'n tirannieke eis om te verwag dat al hierdie dinge ook deur elke deelnemer aan die gesprek ondubbelsinnig geformuleer moet word.

Dis byna asof Marlene van Niekerk die gesprekvoerder tot in die laaste loopgraaf wil dwing. My eie reaksie sou wees dat ek nie aan haar eis kan voldoen nie. Ek kan nie met vers en kapittel en ook nog voorbeelde aantoon wat my literatuurbeskouing is en watter literatuur daarvolgens aanvaarbaar is al dan nie.

Dit sou my ook verbaas as enige van die ander deelnemers aan die gesprek dit kan doen. Dit gaan hier om dinge wat nooit met finale sekerheid gesê kan word nie.

Daar is Marxiste wat hulle stellings oor literatuur kan fundeer in 'n bewering dat hulle die noodwendige gang van die geskiedenis ken.

By gebrek aan so 'n steunpilaar, so lyk dit vir my, vra Van Niekerk dat letterkundiges hulle kritiek moet fundeer in 'n duidelike ideaal van wat die toekoms moet wees.

Daar is mense wat nóg die geskiedenis ken, nóg 'n toekoms kan postuleer, maar nietemin daarmee sal voortgaan om hulle krities met die Afrikaanse letterkunde besig te hou.



Meesterskagsinker Chris van der Westhuizen en sy manne gaan ondergrond by Western Deep Levels. Dis een van die illustrasies in die boek Down Where No Lion Walked, geskryf deur Alan John Oxley (voorheen redakteur van die Anglo American/De Beers-tydskrif Optima) en uitgegee deur Southern Books teen R49,99. Die boek vertel die verhaal van die diepste myn in die wêreld: mynwerkers werk tot vier kilometer onder die grond.

Vervolg vanaf bladsy 14

Lóóp die Natte ...

die kantlyn af haar vlaggie horisontaal uithang.

Die SAUK-TV. Elke aand die mees gesogte tyd tussen 8 en 9, 'n uurlange Nasionale Party vergadering. Hulle noem hulself 'n nutsorganisasie.

Dit is blatant skandalig hoe hierdie organisasie ten gunste van die NP in die verkiesingstryd aangewend word. Hoeveel mense besit TV? Almal betaal lisensies. Daar is net een TV-diens beskikbaar.

Selfs onder die blanke deel van die bevolking is die Nattes in die minderheid. Tel die res van die bevolking wat TV kyk by en jy sal agterkom dat die politieke sienings van 'n handjievol mense deur TV in ons keelgate afgedruk word. Ons wurg daarvan, dit is walglik.

Ek sal dit waardeer as u die SAUK bykom oor hul eenogigheid. Publiseer gerus 'n artikel waarin hulle hieroor getakel word.

Voorspoed en sukses vorentoe!!

Bloedrivier moes Zoeloes straf

Prof ISJ van Tonder van Pietersburg skryf:

Vergun my asseblief om 'n paar opmerkings te maak na aanleiding van die artikel deur ds Steward Gillan waarin hy 16 Desember behandel in die lig van 16 Junie, soos gepubliseer in u blad van 23 Junie.

In paragraaf 6 van sy artikel is hy van oordeel dat "... dit nie 'n Boere-God was nie, maar gewere in die Boere se hande wat die oorwinning by Bloedrivier behaal het", en hy negeer dan die geloofsdaad van 'n Gelofte deur mede-christengelowiges heeltemal.

Ek gloni dat Gillan bewus is van die feit dat die Boere by Bloedrivier 'n strafkommando was nadat Zoeloes vroue en kinders te Bloukrans en Weenen koelbloedig vermoor het nie. En dit terwyl Piet Retief en sy manne afwesig was om op 'n ordentlike manier met Dingaan te onderhandel.

As die strafkommando 'n nederlaag gely het, sou dit 'n einde gebring het aan enige verdere positiewe invloed van blankes in die Noorde ... dus was oneindig veel op die spel.

Dit is nie my doel om net na geskiedkundige feite te verwys nie, want dan sou ek na Kanadese toestande soos die bloedvergieting tussen Franse en Britte op 'n breedvoerige wyse verwys. Asook die ongeluk wat leef in die harte van Noord-Amerikaanse Indiane, dié wat in ds Gillan se land, Kanada, 'n bestaan moet voer.

Ek het dit egter veral teen die absolute vrypostigheid van 'n geestelike om tot sulke krasse oordele te kom soos wat in die artikel geopenbaar word. Het hy al daaraan gedink dat sosiale en ekonomiese wantoestande in hierdie land moontlik meer aan demografiese redes as aan die "Boere" toegeskryf kan word?

Onbeheerde bevolkingsgroei is in alle ontwikkelende lande 'n akute probleem. Hoekom word nie daaraan prominensie verleen as dit by Suider-Afrika kom nie?

Dit lyk vir my na growwe oneerlikheid ...

Ten slotte wil ek net onder aandag bring dat daar sedert 1916 al 'n universiteit spesiaal vir swart studente is (te Fort Hare), en dié feit alleen plaas 'n groot vraagteken agter Gillan se bewering dat blankes "swartmense ... ongenaakbaar van hul menslikheid ontdaan het" (par 9 van sy skrywe).

Ek sou graag puntsgewys op vele ander van sy vlak oordele kommentaar wou lewer, maar laat my afsluit deur daarop te wys dat Suid-Afrikaners weet dat baie verbeterings nog aangebring moet word in hierdie land, en dat alle betrokkenes by onluste (ook die Veiligheidsmagte) hierdie konflik betreur en dit probeer voorkom.

VryeWeekblad

KLEINADVERTENSIES

Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Gwynne of Karien (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.

Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan

SIT HAND BY*LAAT DIE POPPE DANS
***SPESIALE AANBOD**
Unieke Hand-gemaakte Porselien Handskoen Poppies vir R32 elk/Volledige stel (4) net R120 Stuur tjek/ poswissel na **PEOPLE'S PUPPETS**, Posbus 232, Judith's Paarl 2045 (2 - 4 weke vir aflewering) Dui aan (a) PIK (b) TUTU (c) P.W. (d) WINNIE Ons maak ook U gunsteling karakter VOLGENDE: DE KLERK

PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede rinkink in die buiteland

WOONPLEK

Die Vriende van die Takhare vir Vrede sit sonder 'n dak oor hulle koppe. Hulle soek dringend woonplek vir twee in Westdene, Melville, Kensington of die People's Republic van Yeoville. Bel Andrea. 836-2151.

DIENSTE

Probleme met rumatiek (artritis)? Skryf aan Rael Simanowitz, Delkloof Mansions 1, Kloofnekstraat, Tamboerskloof, Kaapstad 8001

Diensplig Adviesdiens. Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 320 2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Methodiste Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Vir meer inligting skakel (011) 642 4345

Kry jy gereeld jou Vrye Weekblad? Indien nie, skakel Jan van den Bos (011) 836 2151

Soek vertaalwerk. Engels na Afrikaans. Redelike tariewe. Bel Annemarie by tel (011) 836 2151 (w) of 726 2285 (h)

Spesiale Aanbod: Stoomskoonmaak van Tapyte en Stoffeersel. Laat jou drie slaapkamers, sitkamer, eetkamer en gang of ses stuk sitkamerstel professioneel diep stoomskoongemaak word vir net R55. Plus gratis vlekverwyderaar en reukverweerder. Skakel: (011) 724 0784

Vir 'n alternatiewe transaksie op 'n alternatiewe motor deur 'n alternatiewe verkoopsman. Kontak Nick Wildeboer te Bill Troskie BMW, Welkom (0171) 52591

GEBEURE

Kaapse Demokrate hou 'n video-aand op 17 Julie om 7.30 nm in Lesingsaal nommer 1 van die Fakulteit Opvoedkunde op die middelkampus van die Universiteit van Kaapstad. Tema: History, conflict and resistance in Namibia

Demokratiese Party Kermis: 29 Julie. Donasies van tweedehandse klere, snuisterye ens. sal waardeer word. Bel Di Franklin (011) 836 9541

Die André Letoit-klub vergader elke oggend in die Bakoven op Stellenbosch om die beton in die Boer te bespreek

Vrye Weekblad se telefoonnommer het verander. Die nuwe nommer is 836 2151 en die faksnommer 838 5901

MARK

ZONA in Norwood verkoop eksklusiewe inheemse handwerk en kuns

Kashgar
KASHGAR Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880 3566

Vir die mooiste dwarslêermeubels - eetkamerstelle, koffietafels, tuintafels en -bankies - en teen die billikste pryse, skakel Arnold by (011) 848-1297

Third World Spectator in Melville verkoop die pragtigste handgemaakte vroue- en mansklere in die hele wêreld. Skakel Murray by (011) 726 6615

Die nuwe STET 5-4 het verskyn. Bestel nou by STET, Posbus 39400, Bramley 2018. Die prys is R3,50

Vir Mikro-rekenaars teen die beste pryse asook die beste opvolgdiens, bel vir Paul, Boet of Arrie by PC 2000 (011) 7265885/5919

JACOB REGOP

HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: .....
Adres: .....
.....
..... Poskode: .....
Telefoon: .....

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK

Moenie jou gewilde strokieskarakters misloop nie!

Vir R60 (AVB ingesluit) kry jy Vrye Weekblad 12 maande lank, en vir R30 (AVB ingesluit) 6 maande lank. Stuur aan Posbus 42637 Fordsburg 2033.

Naam: .....
.....
Adres: .....
.....
.....
Tjek/poswissel ingesluit vir R60/R30

VryeWeekblad

Doodstraf vir die verkeerde dop

BEIJING - 'n Regsamptenaar is in Suid-China ter dood veroordeel omdat hy drank onder 'n vals handelsmerk verkoop het.

Volgens 'n dagblad hier het Peng Jingxing, 'n amptenaar in die Tongren-streek in die Guizhou-provinsie, ongeveer 5 000 dollar in Julie en Augustus verlede jaar verdien deur nagemaakte Maotai, China se bekendste drank, te verkoop. Peng was sekretaris van die Kommunistiese Party in sy gebied.

Intussen is 'n maatskappybestuurder, Pei Weizhong, in die noordelike provinsie Shanxi lewenslank tronk toe gestuur omdat hy vals kontrakte vir kunsmis en staal geteken het.

Weizhong, 'n bestuurder van drie maatskappye het meer as 11 000 TV-kleurstelle en 2.6 miljoen dollar verdien met vals kontrakte wat hy tussen Mei 1984 en November 1985 geteken het.

Pei is ook daaraan skuldig bevind dat hy 'n polisieman in Oktober 1986 omgekoop het.

Korrupsie deur regeringsamptenare is verlede maand veroordeel in die pro-demokratiese studentebetogings, wat deur die regering onderdruk is. - AFP

Ses van die 10 rykstes is Japanners

NEW YORK - Japan spog met ses van die tien rykste mense ter wêreld, maar daar is meer biljoenêrs in die VSA as in enige ander land.

Volgens die tydskrif Forbes is Yoshiaki Tsutsumi, hoof van die Seibu-spoorweggroep vir die derde agtereenvolgende jaar eerste op die lys van private biljoenêrs. Sy persoonlike rykdom word op ten minste 15 miljard dollar geraam.

Dit is 'n skerp daling teen verlede jaar se raming van 18.9 biljoen dollar. Dit word toegeskryf aan die styging van die dollar teen ander geldeenhede.

Tweede op die Forbes-lys is Taikichiro Mori, 'n voormalige professor in ekonomie. Hy besit 72 kantoorgeboue in Tokio. Sy rykdom word op 14.2 biljoen dollar beraam.

'n Amerikaner, Sam Walton, is derde op die ranglys. Hy is die stigter van die derde grootste winkelgroep in die VSA, Wal-mart Stores Inc. Hy en sy familie is 8.7 biljoen dollar werd.

Vierde is die Reichmann-broers van Kanada. Hulle is die eienaars van die Olympia and York-eiendomsryk met 'n gesamentlike waarde van sowat 8 biljoen dollar.

Die ander ses is:

* Shin Kyuk-Ho, Suid-Korea, eiendom en hotelle.
* Hirotomo Takei en familie, Japan, uitgewers en eiendom.
* Kitaro Watanabe, Japan, eiendom en hotelle.
* Haruhiko Yoshimoto en familie, Japan, eiendom.
* Hans en Gad Rausing, Swede, vloeistofverpakking.
* Eitaro Itoyama, Japan, eiendom.

Daar is 226 individue en families ter wêreld wat meer as 1 biljoen dollar werd is.

Daar is 55 biljoenêrs in die VSA, 41 in Japan en 20 in Wes-Duitsland. - AFP



Chinese kan nou 'Lotus' lees

BEIJING - 'n Beperkte oplaag van 'n klassieke Chinese boek, wat jare lank weens sy seksuele inhoud verbied is, het hier verskyn. Maar dit sal net aan sekere mense verkoop word.

Volgens die New China-nuusagentskap sal die eerste oplaag van 8000 kopieë van die erotiese boek Jinpingmei (die goue lotus) aan professore en navorsers van Chinese taaldepartemente by universiteite beskikbaar gemaak word.

Dit die eerste Chinese boek wat in die spreektaal en nie in die klassieke taal van akademici geskryf is. Dit beeld aspekte van die gesinslewe van 'n handelaar in die Ming-dinastie (1368-1644) uit.

'n Internasionale simposium oor die boek in die stad Xuzhou is deur 100 buitelandse en Chinese letterkundiges bygewoon. - AFP

Liewe hond, geen baba

BUCHHOLZ, Wes-Duitsland - 'n Twee week oue baba is deur sy gesin se wolfhond hier aangeval en opgeëet.

Volgens die ouers het hulle die babaseuntjie ná sy laaste voeding op die rusbank gelos en gaan slaap.

Die volgende oggend het die pa die koplose liggaam van die baba op die vloer gevind. Die hond was besig om aan 'n been te kou en daar was bloed om sy bek.

Die gesin het die hond vroeër vanjaar by 'n troeteldierskut gekry.

Die polisie het bloedmonsters geneem van die ouers, wat van manslag aangekla kan word omdat hulle die baba alleen gelos het. - AFP

Forel 'was 'n Nazi'

ZURICH - Die psigiater August Forel, wie se gesig op Switzerland se 1000 frank-noot verskyn, het nazi-agtige denkwyses van rassesuiwerheid voorgestaan, het 'n menseregtegroep hier gesê.

Die Burgerlike Kommissie van Menseregte sê Forel, 'n voormalige hoofpsigiater by die universiteitshospitaal in Zürich wat in 1931 dood is, het geestelik versteurde pasiënte gesteriliseer omdat "siek, kranksinnige en minderwaardige mense hul seksueel moet onthou".

Die groep sê hulle neem aan dat die Central Bank en die Swiss National Bank nie bewus was van Forel se siening dat "minderwaardige rasse" geleidelik uitgedun moet word nie.

'n Woordvoerder van die bank, Werner Abbegg, het gesê Forel was 'n groot humanis wat baie vir minderbevoorregte mense en alkoholiste gedoen het.

"Dié teorieë word vandag as grusaam beskou, maar in daardie dae was dit algemeen," het hy gesê. - AFP

360 000 dollar vir Aids-bloed

PARYS - 'n Franse hof het beslis dat 360 000 dollar uitbetaal word aan 'n vrou wat Aids-besmette bloed tydens 'n oortapping na 'n motorongeluk ontvang het.

Die bedrag moet deur versekeringsmaatskappy en die motorbestuurder betaal word.

Die 62-jarige Emilienne Courtellement was in Januarie 1985 in 'n motorongeluk betrokke waarin haar sleutelbeen gebreek is en haar milt gebars het. - AFP

Vlieër lei tot drie se dood

BEIROET - Drie mense is in 'n skietvoorval dood ná 'n rusie toe 'n vlieër verlore geraak het in die Christelike woonbuurt van die Libanese hoofstad.

Volgens die polisie het 'n paar kinders se vlieër weggeraak en op 'n hoofweg naby hul huis in Jal Addib te lande gekom.

Toe hulle en hul vader die vlieër wou gaan optel, het 'n motoris gestop om die vlieër aan sy kinders in die motor gee.

Die twee vaders het begin stry en mekaar met die vuiste bygedam. Terwyl 'n groep mense om die mans saamgedrom het, het 'n bende onbekende gewapende mans probeer om die geveg stop te sit.

Een van die mans se outomatiese geweer het "per ongeluk" afgegaan en die vaders en 'n omstander noodlottig gewond. Nog drie mense is in die voorval beseer.

Die polisie het 'n ondersoek na die voorval geloods, maar wou nie bekend maak of iemand in hegtenis geneem is nie.

Vlieërs is baie gewild in die Christelike woonbuurt nadat skole weens geweld moes sluit. - AFP

Dié week in die nuus

Suid-Afrika

Die gevangenisdiens maak bekend dat ANC-leier, Nelson Mandela, die staatspresident, PW Botha, verlede week in Tuynhuis besoek het. In dié verklaring word gesê dat die "hoflikheidsbesoek" 45 minute lank geduur het. Mandela spreek hom Woensdag in 'n persvrystelling ten gunste van vrede uit.

Die derde nasionale kongres van Cosatu, Suid-Afrika se grootste vakbondbeweging, vind buite Johannesburg plaas. Besluite oor die Wet op Arbeidsverhoudinge, vrede in Natal, onderhandelings en 'n anti-apartheidskoalisie word geneem.

Die veiligheidsmagte van Bophuthatswana neem nog talle inwoners van Leeuwfontein in hegtenis. Dié gebied, wat by dié tuisland ingelyf is, was die toneel van 'n bloedbad waarin 12 mense dood is na gevegte tussen die Bophuthatswana-polisie en Leeuwfontein-inwoners.

'n Rapport-meningsopname toon 'n beduidende swaai weg van die Nasionale Party. Die Demokratiese Party geniet nou groter steun as die Konserwatiewe Party, sê die opname.

Bejaardes en gestremdes gaan gratis deur taxi's na pensioenbetaalpunte vervoer word. Dié onderneming word deur die drie grootste taxi-verenigings in die land gegee.

Die ANC, Cosatu, die UDF en Inkatha staan op die punt om 'n belangrike alliansie te vorm om met die regering te onderhandel, word bekend gemaak. 'n Ontmoeting tussen ANC-leier Oliver Tambo en Inkatha-leier Gatsha Buthelezi word moontlik vir volgende maand beplan.

Die Soweto-stadsraad keur 'n rekordbegroting van R300-miljoen goed. Die raad is in die finansiële knyp vanweë die uitgerekte huurboikot.

'n Belangrike UDF-afvaardiging onder leiding van Albertina Sisulu maak 'n belangrike deurbraak deur die Britse eerste minister, Margaret Thatcher, te ontmoet. Dit is die eerste keer dat sy UDF-leiers ontmoet.

Negentien werkers word beseer nadat die polisie teen stakers by 'n Dunlop-fabriek in Benoni optree, sê die Chemical Workers' Industrial Union.

Meer as 6000 mense woon 'n vredesbyeenkoms van Cosatu/UDF in Edendale naby Pietermaritzburg by. Geen voorvalle van geweld vind plaas nie.

Die motorbedryf berel hom voor vir 'n verdere prysverhoging. Die goedkoopste motor kan 'n R1000 meer kos - R25 000 met AVB en versekering.

Die leier van die Konserwatiewe Party, Andries Treurnicht, waarsku op 'n vergadering in Benoni dat witmense in opstand sal kom as mense "saamgedwing" word.

Vyf-en-veertig Suid-Afrikaanse skrywers ontmoet 25 ANC-lede by Victoria-valle in Zimbabwe. Die skrywers onderskryf die kultuur-boikot.

Nelson Madela se dogter Zinzi se digbundel, Black As I Am, word tien jaar nadat dit die eerste keer in Amerika verskyn het, in Suid-Afrika vrygestel.

Twee nuwe hotelle wat saam meer as R250-miljoen sal kos, gaan in Durban gebou word.

Wêreld

George Bush word die eerste Amerikaanse president om Hongarye te besoek. Hy belowe volle steun vir politieke en ekonomiese hervorming in die Oosblok-lande. Hy lê ook besoek af aan Pole waar hy private samesprekings hou met die leier van die vakbond Solidariteit, Lech Walesa. Dit word gesien as simboliese steun vir dié onafhanklike vakbond.

Laurence Olivier, een van die grootste figure van die Britse verhoog, sterf in die ouderdom van 82 jaar. Lord Olivier het ewe gemaklik in Shakespeare-dramas as in kommersiële rolprente gespeel.

Spoorweg-, hawe- en plaaslike owerheidsdienste in Brittanje word heeltemal ontwrig in die ergste week van stakings in eerste minister Margaret Thatcher se tien jaar van regering.

Krygswet bly geldig in China nadat 'n paar wapens wat verlede week van soldate gesteel is nog nie teruggevind is nie.

Twee bomme ontplof in die heilige stad Mekka tydens die jaarlikse Moslem-pelgrimstog. Een persoon is dood en 16 beseer in die ontploffing.

'n Onbekende sluipskutter skiet 'n Palestyn in die Gaza-strook dood. Vyf ander Arabiere word gewond in die besette gebiede. Intussen word twee Israeliese soldate lig in botsings met guerrillas in Suid-Libanon gewond.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill.

Liggaamsbou

Die ouma wat die yster pomp

SPORTHATERS sal beslis nie beïndruk wees met wat in een van Johannesburg se voorste gimnasiums, Vic's Fitness World, aangaan nie.

Dit is hiér waar een van Suid-Afrika se voorste vroue-liggaamsbouers, Kathy Daschner, die ander aand reeds twee uur hard aan 't oefen was. Die enigste teken van inspanning was lipstiffie-merke aan haar geel sweetpaktrui en ligte sweetstrepies op haar gegrimeerde wange.

Aan die woord is die 41-jarige ouma met bene wat dié van menige eerstespan-rugbyspeler na n baba-Chihuahua s'n sal laat lyk: Ek het met liggaamsbou begin omdat ek altyd 'n "hang-up" oor my lang maer bene gehad het.

Ek haat lang dun bene. Dit was eers net oefeninge en ek het besef dat ek fikser begin word. In 1978 het ek vir Miss Body Beautiful ingeskryf en dit gewen.

Toe het ek begin om my bene te bou. Dit was nie liggaamsbou nie. Dit was net 'n geval van reg maak wat verkeerd is.

Van 1983 het ek aan liggaamsbou deelgeneem met my eie dieet en oefenprogram. Dit was doodgewoon uithongering. Dit het my vreeslik swak gemaak. Ek vir drie weke lank niks geëet nie en het naderhand so swak geword dat ek nie 'n gewig kon oplig nie. Daar was niemand om vir my raad te gee nie.

Baie mense sê dat jou oefening belangrik is, maar eet is net so belangrik. Ek dink 60 persent - indien nie meer nie - van jou sukses as liggaamsbouer hang van jou dieet af.

Kathy Daschner is een van Suid-Afrika se voorste liggaamsbouers. Hoewel sy reeds 'n ouma is, was sy verlede jaar die Suid-Afrikaanse kampioen in die swaargewig-afdeling. Sy het die titel ook in 1983, 1985 en 1987 verower. CHARLES LEONARD het met haar gesels

Ek eet enigiets en alles, selfs gemorskos.

So ses tot agt weke voor 'n kompetisie begin ek met 'n spesiale dieet. Net voor 'n kompetisie eet ek agt tot tien keer 'n dag. Ek dwangvoed myself.

Nou eet ek drie of vier maal 'n dag. Tussen-in knibbel ek.

Wanneer jy dieet, wil jy spiere opbou en van alles ontslae raak wat jou liggaam nie wil hê nie. Ek sny al die gemors uit. Ek neem geen sout nie. Ek drink gedistilleerde water, omdat gewone kraanwater sout in het. Selfs my kos kook ek in gedistilleerde water.

Ek eet nie 'n groot verskeidenheid kos nie. Wit gekookte vis en gekookte aartappels, natuurlik sonder sout. Dit is baie onsmaaklik. In die oggend is dit hawermout met vrugte tussen-in, en gekookte vis. Geen rooivleis of hoender nie, omdat dit moeilik verteer. Naderhand kan jy nie na die vis kyk nie ...

Na aan die kompetisie is dit all-bran-vlokkies met water. Gedistilleerd. Dit smaak dan soos poeding, omdat jy siek is vir vis.

Jy mag groente eet, maar die enigste soort wat ek kan verdra, is lemoenpampoentjies. Ek eet 'n piesang nou en dan en 'n appel voordat ek gaan oefen.

As die dieet reg is, is die lyf reg. Jy moet in proporsie wees. Een deel van jou lyf kan nie groter as die res wees nie. Ek weet waar my foute is. My bene is baie lank. Ek is soos 'n man gebou met breë skouers en nou heupe.

Ek is nou op die tydstip waar ek kan kies waaraan ek kan deelneem. Ek gaan vir die grotes.

Die ander gims vra die heeltyd of Kathy gaan deelneem? Oefen sy? Ek oefen basies vir die SA kampioenskappe. Almal wat goed is, neem daar deel. Die bestes is daar. Dis gewoonlik so in Oktober/November.

Ek moet 'n man hê om saam met my te oefen. Met 'n man kan jy kompeteer.

Nou bestee ek twee ure per dag in die gimnasium. Nader aan die kompetisie oefen ek vier ure, drie ure in die sonbed en nog 'n ruk in die son daarna ook.

Ek is 'n huisvrou. My bediende het nou onlangs geloop. Wanneer dit by die kompetisie kom, verstaan my man. Einde van die storie. Dit is dit.

Sonbrand is baie belangrik. Jy kan 'n wonderlike lyf hê, maar as jy spierwit is en langs iemand staan wat bruin is, gaan jy aaklig lyk. Die man met wie ek pare gedoen het laasjaar het vir my gesê: Kathy, ek wil jou swart hê. Elke aand het ons gekyk wie die donkerste is.

Jy staan op die verhoog en hulle bekyk jou van kop tot tone. Dan moet jy draai, eers eenkant toe, dan anderkant toe, en dan draai jy in die rondte. En dan kyk hulle na jou liggaamslyne vir die foute.

Ek ontspan nooit nie. Een 'slip-up' en daar gaan jou maag. Ek bly hard al sê die beoordelaars jy mag ontspan. Jy is op die verhoog vir omtrent 'n uur.

Ek wil eerlik met jou wees. As ek van die verhoog af kom, wil ek opgooi, soveel spanning is daar op jou. Jy staan en staan.

Span my bene, druk my skouers terug en stoot my gat uit. Jy staan doodstil. Daar is vyf poserings waardeur elke liggaamsdeel met spiere gewys kan word.

Kathy Daschner pronk voor die landsvlag

Jy kom terug en poseer met musiek. Jy het 'n minuut en 'n half van vrye posering. Dit gee my die geleentheid om my spiere te wys wat ek nie vroeër kon wys nie.

Ek weet wat my beste poserings is - ek hou daarvan om te poseer soos 'n man. Ek het die gespierdhied om dit te doen. Ek wys graag die mees gespierde deel van my lyf, hoewel dit dalk nie aantreklikste deel is nie. My rug lyk goed, daarom wys ek die spiere daar graag.

Ek gaan lê nie graag op die grond nie. Party meisies doen dit graag en lyk baie vroulik, maar ek verkies om plat op my voete te staan.

Ek voel soos 'n draak as ek op die verhoog klim. Jy tree op teen meisies van 18-19, hulle dieet en dit wys nie in hul gesigte nie.

By 'n kompetisie, fweh! my hele gesig trek inmekaar en my oë peul uit.

Kan ek eerlik met jou wees: ek hou nie eens van my liggaam só nie. Ek verkies as daar vet aan is en ek normaal lyk soos al die ander mense.

Verlede jaar was veronderstel om my laaste te wees. Hier is ek weer vanjaar en dit gaan my laaste wees. Maar dan, volgende jaar kyk ek na die "dolls" en besluit ek ek doen dit weer.

Ek het 'n dogter en 'n kleindogter van twee en 'n half.

My grootste bekommernis in die lewe is dat wanneer ek ophou ek massief gaan word. Jy blaas jou liggaam op deur jou oefening, jou dieet en die aanvullings wat jy inneem. Die aanvullings kos tussen R800 en R1000 'n maand. Ek neem lewensessens: Jy neem 40-50 tablette in die oggend en dieselfde hoeveelheid in die aand.

Ek betaal gelukkig nie by die gim nie omdat ons 'n tipe aantrekkingskrag by 'n gim is. By kompetisies vind mense uit by watter gim jy oefen en bel dan om aan te sluit: Ek het Kathy gesien en sy oefen by jou gim.

Daar is baie pyn betrokke. Dan gaan ek toilet toe en trek gesigte. Daarna voel ek beter. Ek voel ek moet pyn ervaar anders het ek nie ordentlik geoefen nie.

Ek drink niks nie en ek rook ook nie.

Mense kom spioeneer selfs in die gim voor die kompetisie om te sien hoe ek lyk. Ek warm op met my klere aan, want almal wag vir Kathy om haar klere uit te trek. Ek trek eers my klere so twee aande voor die tyd uit vir die gim-mense. Dan eers kan hulle my sien.

Ek oefen met ligte gewigte. Jy moet besef ek is "carbo-loaded, protein-loaded". Vandag is die "guys" en die "girls" so goed dat jy met 'n enkele liggaamsfout nie 'n kans staan nie. Gelukkig het ek my kind gehad toe ek jonk was.

"Beautiful hairstyles, beautiful faces, beautiful bodies."

Oorsee praat hulle van mense wat "steroid-free" is. Maar dit is 'n hoop bullshit, verskoon my Frans. Niemand kan vertel dat hulle niks neem nie. Dis nonsens!

Die fietsryers neem dit. Selfs die boksers neem dit. Hulle sê dit is net liggaamsbouers wat dit neem, maar dit is bullshit!

Tommy Bedford hou Sacos weg

Charles Leonard

SACOS het nou finaal sy voet neergesit. Hy weier om te kom saampraat by die National Sport Congress (NSC) en die South African Tertiary Institutions Sports Congress (Satisco) se sportkonferensie wat die naweek in Johannesburg gehou word.

Sacos (South African Council on Sport), wat homself al die jare die mantel van die enigste nie-rassige sportliggaam in die land toeëien, het sy gashere se uitnodiging na een van die belangrikste sportbymekaarkomste nog van die hand gewys.

Sy belangrikste rede: Wit sportmense soos Tommy Bedford (rugby), Issy Kramer (swem) en Tony Wilcox (sokker) is sameroepers van besprekingsgroepe op die konferensie en hulle is "erkende veelrassige sportadministrateurs".

"Dit sal nie-rassige sportmense ernstig in die verleentheid plaas en Sacos se dubbel-standaarde resolusie beïnvloed," sê Sacos.

Sacos se hoofbestuur en die presidente van hul geaffilieerde sportliggame het die afgelope naweek in Kaapstad besluit om nie aan die konferensie deel te neem nie.

Nog 'n rede waarom Sacos nie aan die konferensie wil deelneem nie is omdat hulle hulself as die enigste en ware verteenwoordiger van nie-rassige sport beskou.

Sacos voel dat die stigting van 'n tweede nie-rassige sportliggaam duplisering is.

Van Sacos se leiersfigure soos Ebrahim Patel (rugby), Krish Mackerdhuj (krieket) en Rama Reddy (sokker), is egter aktief betrokke by die naweek se konferensie.

Die beswaar wat in baie sportkringe teen Sacos geopper word, is die feit dat hulle nog glad nie in swart townships georganiseer het nie. Op sokkergebied het die grootste liggaam, die Nasionale Sokkerliga (NSL), geen bande met Sacos nie.

Die ander beswaar teen Sacos is hul beleid van politieke neutraliteit.

Hulle wil nie werklik kant kies vir die nie-rassige breë demokratiese beweging nie.

Die rede hiervoor, sê Sacos-teenstanders, is dat heelparty lede van hul hoofbestuur baie simpatiek staan teenoor die swart bewussynsgesinde Unity Movement.

**** Die konferensie begin vanaand op die kampus van die Universiteit van die Witwatersrand en duur tot Sondag.***

VRYPAG
Bylaag tot Vrye Weekblad, 14 Julie 1989

Sien Eric Clapton en red 'n renoster



"Wat?! R125 vir 'n kaartjie?!"

Eric Clapton hou nie verniet sy kop vas nie, want dit is presies hoeveel die kaartjies vir sy binnemuurse konsert op Vrydag 28 Julie in die Boipuso-saal in Gaberone kos.

Slowhand sal vir twee ure lank voor 3 000 toeskouers optree. Hy gaan speel saam met die groep wat hom in die rekord-verwoestende konserte onlangs in die Royal Albert Hall ondersteun het.

'n Plaaslike groep van Botswana, Kgwanyape, gaan ook optree.

Ligte aandetes en drankies sal beskikbaar wees.

'n Deel van die opbrengs gaan aan die Cheshire Homes in Botswana en ook aan Projek Renoster.

Meer inligting kan by by (011) 804 2437 verkry word.

*Clapton tree ook in Swaziland op Vrydag 22 Julie op. Die kaartjies, wat by Computicket verkrygbaar is, kos net 'n honderd rand minder as by bogenoemde konsert.

Grahamstad: Wit Wolf se gedagtes en ander gruwels

Twak voer hoogty op Rand

POLITIEKE brabbelpratery is nie 'n suiwer Suid-Afrikaanse tydverdryf soos potjiekos of jukskei nie; maar in die afgelope ongeveer 40 jaar het ons dit verhef tot 'n vorm van verhewe grootpratery wat geen gelyke het sedert die Caesars of Genghis Khan nie.

Ons probeer dít in ons kuns weergee.

Gereeld - en dit was grootliks die geval met die Randteater vanjaar - eindig ons met kommentaar en werke wat niks beter is nie en dieselfde mate van brabbelpratery is.

ANDREW DONALDSON

Byvoorbeeld het ons vanjaar twee pogings om 'n kykie in die gedagtes van Wit Wolf Barend Strydom te kry. Een, 'n Truk-produksie onder regie van Francois Swart, het hopeloos gefaal; die ander een - die PAA van Wits se Die Groot Vrek, of Time of the Signs - het dit reggekry.

Eersgenoemde was 'n stuk amateuragtige en sleg-geskrifte onsin, so vol clichés as enige van die regse gruwels wat die ingeteeldes in ons rigting slinger - dit is die tydperk ná apartheid en wit pappie se wêreld val aan skerwe wanneer wit dogter met 'n swart geurilla omgang het, verwagtend word en die huis belet word. Pappie gaan te gronde. En so aan. (Is hierdie mense ernstig?).

Aan die ander kant was Groot Vrek 'n somber, intelligente strooptog van morele blindheid en die lafhartige domheid van die ideologie van self-vernietiging, hoewel sommige kritici van mening was dat dit té na aan karikature en versterkte stereotipes gekom het.

Nogtans was dit waarskynlik een van die beter sosio-politiese produksies vanjaar. Daar was ook ander wat aandag verdien.

Truk se produksie van Jean Genet se The Blacks, onder regie van Dieter Reible, was besonder geïspireerd en goed gehanteer. Genet het opdrag gekry om 'n stuk vir 'n swart teatergroep te skryf; in 'n sekere sin het hy opgeëindig met 'n breedvoerige en veelvlakkige ondersoek na wat dit beteken om swart te wees in 'n wêreld van wit baasskap en bevooroordeling.

Die Cape Flats Player se "Freedom Now (Inkululeko Ngoku)", 'n reeks satiriese liedjies en sketse, het my laat voel ek is in die bekende milieu van die Baxter-Mark-kerk van bekeerdes, maar dit was die moeite werd.

Ismail Mahomed se No More Mistletoes, aangebied deur die Kuluma Cultural Theatre, was 'n openhartige, eenvoudige aanbieding van gewetensbeswaarde David Bruce se verhoor. Dit kon maklik - en geweldig - gefaal het, maar het tog gewerk; 'n oortuigende stuk toepaslike teater.

Maar dit was nie die spreekwoordelike "struggle" wat, soos almal verwag het, vanjaar se Beste op die Rand opgelewer het nie; dit het eerder van die gebied van seksuele politiek gekom - Kruik se produksie van Steven Berkoff se From My Point of View 'n ontstellende ondersoek van wat een kritikus beskryf het as "'n vrou wat deur mans se seksdrange gemartel word". Elkeen in dié produksie verdien melding: regisseur Johan Esterhuizen, choreograaf Jeanette Ginslov en geselskap, Bo Petersen en Mark Hoeben.

In der waarheid verdien al Kruik se produksies by die rand melding; van al die provinsies se uitvoerende kunsrade, was hulle vlak van professionaliteit deurlopend hoog. Wendy Kesselman se My Sister in the House, 'n aangrypende ondersoek van die psigo-seksuele verhouding tussen twee susters wat hulle werkgewer en haar dogter in die

Vervolg op bladsy 2



Suid-Afrika se eie Boy George, Nathaniël sal vir slegs ses aande vanaf die 17de Julie om 7nm by die After Dark restaurant in Pretoria optree.
Hy word ondersteun deur musikante van die Gereformeerde Blues Band, wat onlangs soveel probleme met die Vrye Weekblad Voëlvry-toer in die hoofstad ondervind het.
Besprekings kan gemaak word deur 012-925 6613 te skakel.
Toegangsgeld is R10 en ete is vepligtend.

Prente wat kritiek op die staat lewer vir Vita-pryse benoem

Andrea Vinassa

Ondanks die klagtes dat die AA Lewens/M-Net Vita Rol-prenttoekennings hulle te geredelik aan die staat se sensuurstelsel onderwerp het, het die beoordelaars prente benoem wat die staat - in watter mate ookal - kritiseer.

Mapantsula, die verbode prent waarvan die toekoms onseker is, is in ten minste sewe kategorieë benoem - onder meer vir Beste Suid-Afrikaanse prent.

Die ander prente wat vir beste Suid-Afrikaanse rolprent benoem is, is A Private Life, Brutal Glory (net dié prent het nie 'n "politieke" boodskap nie), Jobman, The Native Who Caused All the Trouble en The Stick, wat ook verbied is.

Darrell Roodt vir Jobman, Oliver Schmitz vir Mapantsula en Manie van Rensburg vir The Native Who Caused All the Trouble is vir beste regisseur benoem.

Die benoemings vir beste akteur is Bill Flynn as Jack in A Private Life, John Kani as Tselilo in The Native Who Caused All the Trouble, Thomas Mogotlane as Panic in Mapantsula en Kevin Smith vir die titelrol in Jobman.

In die Beste Aktrise-kategorie is daar drie benoem - Jana Cilliers as Stella in A Private Life, Vanessa Cooke as Edna in The Native Who Caused All the Trouble en Thembi Mtshali as Pat in Mapantsula.

Nege akteurs en aktrises is benoem vir die vier toekennings in die ondersteunende rol-kategorie. Hulle is Graham Hopkins as Bruce in The Native Who Caused All the Trouble; Tertius Meintjies as Karel de Ras, Sann de Lange as Ouma en Josephine Liedeman as Petra in Jobman; Ian Roberts as Sergeant Smit en Kevin Smith as Older Paul in A Private Life; Marcel van Heerden as Stander en Dolly Rathebe as Ma Modise in Mapantsula; en Greg Latter as Cooper in The Stick.

Die wenners, wat R500 000 se kontantpryse sal ontvang, sal op 10 September by die Vita Toekennings-plegtigheid in die Hippodrome in Gold Reef City aangewys word.

Te wyte aan vanjaar se groot hoeveelheid inskrywings, sal die tegniese toekennings, wat toekennings vir teksskrywer, rolprentoperateur en klank- en kunsregie insluit, by 'n afsonderlike plegtigheid op 13 Augustus oorhandig word.

Vita se direkteur Philip Stein sê "die gehalte van vanjaar se inskrywings is besonder hoog en 'n betroubare weerspieëling van die groei van die industrie in Suid-Afrika. Die standaard van tegniese prestasie is uitsonderlik, veral op die gebied van die rolprentkunde."

The Blacks - 'die witman se las' - 3

Dierasies van Marna Schoeman (regs) en ander - 3

Nuwe wendings in Reza de Wet se lewe - 5

Vanaf bladsy B1

Randtwak

suide van Frankryk in 1933 vermoor het, was besonder goed uitgevoer deur Mary Dreyer, met goeie optredes deur Belinda Koning en Diana Wilson.

Wilson was ook skitterend in Kruik se produksie van Eugene O'Neil se "Long Day's Journey into Night", onder regie van Ralph Lawson. Hoewel lank - drie ure (wat hel is op die houtbankies) - was dit nogtans meesleurende drama. Hulle komedie, David McGillivray se draakstekery met amateur-dramaverenigings, "The Bergvliet Municipal Ratepayer's Voluntary League of Woman Dramatic Society's Murder Mystery", was baie gewild, hoewel sommige van die aanmatiges dit as laf beskou het.

Ander randhoogtepunte was die verskeie jazz-konserte wat groot waarderende gehore getrek het. Vanjaar was die eerste keer dat daar 'n fees binne-in die fees was - die Smirnoff G-Town Jazz Fest - en met geluk (genoeg borgskap) kan dit 'n jaarlikse instelling word. Besondere hoogtepunte was Basil Coetzee en Babanza, Darius Bruback en die Victor Ntoni Quartet en een van verlede jaar se hoogtepunte - Thandi Klaasen.

In 'n ander deel van die rand was nog 'n musikale hoogtepunt, Robbie Jansen se mengsel van Kaapse jazz; dit is jammer dat hy nie deel was van die G-Town-program nie; instede moes hy sy hart uit speel in 'n donker, koue lykshuis van 'n plek.

Flop van die rand was ongetwyfeld kunstenaar Leon de Bliquy se "Een kuns"-uitstalling in die Rhodes Universiteit se Oppiden-kamer.

Dit was nie noodwendig die eerstejaarsgevoel van die werke of die man se besliste penis-fiksasie nie, maar sy beeld "Stop Aids/Apartheid". Dit was 'n gieting van 'n wit man wat met 'n swart man sodomie pleeg en 'n rowwe struktuur met 'n vergrootglas wat op die man se orgaan gerig is.

As sosio-politiese kommentaar is dit mos 'n hoë graad van twak, of hoe?

As jy mal is oor Michael Jackson, sal jy mal wees oor Moonwalker, 'n "maglese, musikale reis in die wêreld van Michael Jackson in". Die prent bevat juweeltjies soos Smooth Criminal, Speed Demon en Come Together. Die regie word waargeneem deur Jerry Kramer. Colin Chilvers (wat die spesiale effekte vir Superman - The Movie gedoen het) doen die regie vir die opwindende deel: Smooth Criminal. Ei, mal man, mal.

Pryse vir dans

DIE 1990 Danssambreel sal die fokus wees vir AA Lewens Vita se nuwe pryse vir hedendaagse Suid-Afrikaanse dans. R3 000 sal toegeken word aan die beste hedendaagse choreograaf, en R1 000 elk vir die beste manlike en vroulike dansers. Meriete-toekennings van R500 elk sal gaan aan die twee mees belowende dansers.
Hierdie pryse sal nie saamval met die Vita Prysseremonie in September nie, maar elke jaar by die finale vertoning van die Danssambreel oorhandig word.
Skakel Nicola Danby by AA Lewens Vita (011) 832 2001 of Posbus 1653, Johannesburg 2000, vir meer inligting.

Waterverf

DIE 35e ope uitstalling van die Waterverfgenootskap van Suid-Afrika word tot 26 Julie in die Totalgalery in Johannesburg (h/v Rissik en Smitstraat, Braamfontein) aangebied.
Altesame 73 van die beste werke in hierdie stemmingsvolle medium word aangebied.

HITKAS

Charles Leonard

'Doobie or not Doobie'- hiér is die antwoord

Plate word beoordeel op 'n skaal van 0 tot 10

Doobie-doo-wa: Die broers is terug!

Street Fighting Years - Simple Minds (6)

Die beste snitte op dié plaat is die laaste drie: Mandela Day, Belfast Child en Biko.

Simple Minds is bekend vir hoogdrama. In die verlede was dié Skotte se hoogdrama opwindend soos 'n goeie Steven Spielberg-fliek.

Dié rondte raak al die katedraalagtige klawerborde, folterende vokale en hartstop-tempoveranderings so 'n bietjie vervelig.

Gelukkig vir die genoemde drie snitte. Biko is nie heeltemal so goed soos Peter Gabriel se oorspronklike nie, maar die ander twee snitte is doodgewoon puik.

Die reaksie op Mandela Day sal dalk stralekrans-verontwaardiging by sommige Suid-Afrikaners uitlok, maar dit is 'n treffende huldeblyk aan een van ons grootste leiers wat al 27 jaar lank agter tralies is.

Luister eers mooi voordat jy dié plaat koop. Drie snitte maak darem nie 'n plaat nie. Simple Minds het in elk geval vroeër vanjaar 'n mini-langspeler vrygestel met dié genoemde snitte op. Dalk 'n baie beter kopie.

Intussen het Simple Minds hulle binnegoed gewys deur hul konsert wat op 12 Augustus op die Murrayfield-stadion in Glasgow sou plaasvind, te kanselleer. Die rede is dat die stadion se administrateurs, die Skotse Rugby-unie, hardnekkig teen alle versoeke in, hul spelers toelaat om deel te neem aan 'n internasionale rugbytoer na Suid-Afrika.

Cycles - Doobie Brothers (7)

Om te sê Maandae is oor die algemeen maar aaklig, is soos om te sê die pous is 'n Katoliek of dat die konstabel 'n snor het. Dit is só.

Behalwe as daar soos die afgelope Maandag 'n eksemplaar van een van jou gunsteling-groepe van die sewentigerjare op jou lessenaar land.

Treffers soos Listen To The Music, Long Train Running, China Grove en Take Me In Your Arms verskaf my nog oneindig baie luistergenot.

Met Cycles kom die stigterslede, Tom Johnston, Patrick Simmons, John Hartman, Tiran Porter en Michael Hossack - saam met Bobby LaKind - weer bymekaar om met vet ghitaarklanke en handskoen-harmonieë voorste rockmusiek aan ons op te dis.

Die beste snitte is die solussewe, The Doctor, Here And Gone, en hul weergawes van die Four Tops se klassieke One Chain (Don't Make No Prison) en die Isley Brothers se Need A Little Taste Of Love.

Die gebroeders is juis nou op 'n landwye konserttoer in Amerika. Dit sluit aan by my enigste beswaar teen Cycles: Snitte soos Too High A Price en Take Me To The Highway klink te veel na die voorspelbare stadionrock wat soos Japanse motors deur middelmatige Amerikaanse groepe uitgeryg word.

Die res van die plaat laat egter enige Maandag soos 'n langnaweek voel.

Amnesia - Richard Thompson (9)

Goed, goed, ek weet dié plaat het al 'n hele rukkie gelede verskyn.

Gelukkig is daar die mooi Afrikaanse uitdrukking van agteros wat ook by sy maters in die kraal aansluit. Ter regverdiging kan ek sê dat die plaat selfs by die voorste invoerende platewinkels onbekombaar was.

Omdat dit een van die vernuftigste, besgemaakte folk-rockplate in 'n lang tyd is, móét dit geresenseer word.

Richard Thompson se musikale loopbaan strek so ver terug as 1968 toe hy lid van die folkgroep Fairport Convention was.

Om en by 1972 het hy saam met sy vrou Linda ook 'n paar plate gemaak totdat hulle in 1985 geskei is en met solo-loopbane voortgegaan het.

Op Amnesia bewys Thompson nie alleen dat hy een van die mees onderskatte ghitaarspelers in rockmusiek is nie, maar ook dat hy 'n liedjieskrywer sonder weerga is.

Sy stem is iets tussen David Byrne en Bruce Springsteen s'n. Sy lirieke en wysies is in dieselfde klas.

Dit is een van daardie plate wat ek sonder enige voorbehoude kan aanbeveel en wat 'n mens nog jare lank genot uit sal put.

All The Hits And More - The Hollies (8)

The Hollies het eenvoudig die vermoë besit om goeie popmusiek te maak en dié plaat met sy sub-titel The Definitive Collection, bewys dit met hoofletters.

Vanaf hul eerste treffer in 1963, Just Like Me, 1966 se Bus Stop, die lieflike I Can't Tell The Bottom From The Top, tot 1981 se Take My Love And Run, maak dié dubbellangspeler 'n móét vir enige nostalgie-vraat.

BE ONE OF THE DISCERNING 3500 TO ENJOY AN INTIMATE EVENING WITH THE MASTER OF ROCK

ERIC CLAPTON

THE WORLD'S BEST GUITARIST INDOORS IN CONCERT



BOIPUSO HALL
28 JULY 1989
8.00PM
GABORONE
BOTSWANA

INDIVIDUALLY ALLOCATED SEATS
SUPERIOR VIEWS

TICKETS — R125 — AVAILABLE FROM TRAVELGOLD
TELEPHONE: 804-1537
804-2437

KING'S TRUST 21 ANNIVERSARY CONCERT
3-DAY ROCK EXTRAVAGANZA!
SOMHLOLO STADIUM
SWAZILAND

FRI JULY 21 ... Zia ... Sipho Mchunu & Amabhubesi ... Brenda Fassie ... plus others ...
SAT JULY 22 ... **Eric Clapton & his all-star band!**

SPECIAL GUEST APPEARANCE BY

JOAN ARMATRADING

Plus! Stimela...MarcAlex...Mango Groove...Tananas...Peto...& others...
SUN JULY 23... LABI SIFFRE - DIRECT FROM THE UK!

THE HOUSEBAND!...featuring Vivieen Wray & other international artists...Plus!...Bayete...Robbie Jansen...Bright Blue...Friends First...& others...

*BOOK AT COMPUTICKET OUTLETS/OR BUY TICKETS AT STADIUM/OR AT THE BORDER

*VALID PASSPORTS OR TRAVEL DOCUMENTS ESSENTIAL

Inyanga: 'n Stap vorentoe

Inyanga - Women In Africa Met Jennifer Ferguson, Thembi Mtshali, Gcina Mhlope, Sophie Mgcina en die ORKES! Vars uit Grahamstad by die Markteater.

CHRIS DU PLESSIS

Die toyi-toyi is besig om ietwat van 'n kulturele mode te word met selfs Sipho "Hotstix" Mabuse wat munt slaan uit die revolusie (op een snit van sy nuwerige langspeler Chant of the Marching).

Maar die vryheid-towerspreuk se teatrale insluiting in die Inyanga - Women in Africa-repertoire is voldoende onirriterend en heel gepas by die atmosfeer wat die vier vroue op die verhoog skep.

Dit (die toyi-toyi) sluip in met die inleiding van die laaste lied van die eerste helfte, Mampondo, wat vinnig omslaan in 'n aantreklike crossover-deuntjie met lomerige kore wat herinner aan vroeë Masekela.

Dan weer in digter/sanger Gcina Mhlopo se weergawe van Funeral Dancer - seker die mees uitstaande sosio-politieke kommentaar van die vertoning.

Jennifer Ferguson se insluiting by die opvoering is interessant. Behalwe vir koorsangsnitte hier en daar saam met die ander drie, bestaan haar bydrae basies uit klaar-verpakte materiaal uit haar onlangse konserte by die Markteater wat, in die geheel gesien, nie mooi aansluit of inpas by die res van die opvoering nie.

Sy skep en vul tegelykertyd 'n gaping.

Hoewel al die ander sangers ook van hulle bestaande werk gesing het, het die vreemdheid van Jenni se spesifieke eiesoortige voordrag, hoewel altyd welkom, mens ongemaklik bewus gemaak van die interkulturele musikale leemte in ons land.

Maar die blote feit dat sy DAAR is, dat sy optree en alles gee in so 'n kruiskulturele vertoning, vul weer 'n gaping wat te alle tye ondersteun en verheerlik moet word. Dit is 'n stap in die regte rigting. En meer as genoeg. Tot tyd en wyl...

Die vertoning is ook grotendeels 'n sukses (dit het 'n staande toejuiging met die openingsaand op Grahamstad ontvang) omdat die begeleiding uit van ons land se beste musikante bestaan. McCoy Mrubata, wie se saksofoon-insetsels die nuwe Ray Phiri en Stimela-langspeler wat verlede week uitgereik is, so wonderlik opgeknap het, moet uitgesonder word. Sowel as Trevor Don Jeany se bas wat saam met Vusi Khumalo (tromme) vir 'n uitstekende ritmeseksie gesorg het.

Die opvoering in geheel is dus meer as slegs 'n vertoning "oor vroue" en dié se besondere lief en leed.

Thembi Mtshali, 'n selferkende Makeba-fanatikus, het heelwat van Mama Afrika se wêreldbekende musikale kinkels en keel-gimnastiek ontwikkel. Sy hyg en blaas soos die Empress self en kan gemaklik, sonder paranoia, tot sukses toetree.

En Sophie Mgcina se energie is ewe aansteeklik. Met tye lyk dit gevaarlik baie of sy in 'n ongebonde sessie Inhlagwini - die tradisionele Zoeloe-dansstyl uit die Keats Drift-vallei wat deur Johnny Clegg bekend gemaak is - gaan losbars. Maar sy hou die spanning perfek.

Die "tradisionele" (laatveertiger en vroeë-vyftigerjare) mbaqanga-botone van een van haar ou, bekende deuntjies, Mambela, het 'n kollektiewe nostalgiese snaar onder die gehoor geroer. Mambela is geskryf deur die bekende saksofoon-meester van die vyftigerjare, Mackay Devashe, wat ook verantwoordelik was vir die pragtige Lakutshon Langa wat deur Makeba tot internasionale treffer verhef is. (Dit is altyd eienaardig om te sien alle Suid-Afrikaners - jonk, oud, pienk of pers - vir een of ander rede op dié basiese formaat wat in dié tydperk gewild geword het, reageer.)

Party van die meer afgeseepte komposisies toon aaklige Las Vegas-agtige nagklubneigings.

Maar dit, en die soms vermoeiende genetiese en politieke kommentaar, kan vergewe word. Gaan sien dit vir die musiek en die stap vorentoe vir dié kuns se kulturele samesmelting.

Inyanga - Women in Africa, wat tot 3 September in die Warehouse van die Markteater is, se sangers is van links Sophie Mgcina, Gcina Mhlope, Jennifer Ferguson en Thembi Mtshali.

Diere as mense

Johan Bruwer

IN die Galery op die Mark in Johannesburg word - tot 26 Julie - 'n groeptentoonstelling gehou wat toegespits is op die uitbeelding van diere - die tema waarmee die mens tien tot dertig duisend jaar gelede die eerste meesterstukke in die beeldende kuns geskep het. Dis boeiend om die werk van vandag se kunstenaars te vergelyk met dié van hul kollegas in die Steentyd.

Daar het 'n verandering in die kunstenaars se gesindheid teenoor diere gekom. Die kunstenaars van die Steentyd gebruik diere altyd as 'n teken van begeerlike lewe. Hulle bewonder en begeer diere se lewenskrag - 'n lewenskrag wat hulle letterlik wil deel deur die diere te jag en te eet. Kortom, hulle vereenselwig hulle met diere.

Vandag se kunstenaars, daarenteen, gebruik diere dikwels as simbool van magte waarmee die mens hom nie wil vereenselwig nie - destruktiewe menslike eienskappe wat hy as onmenslik wil uitbeeld deur hulle in 'n "dierlike" gestalte te giet. Ironies kan die dier net as simbool van onmenslikheid gebruik word deur hom herkenbaar menslik te maak.

Diere word in Norman Catherine se Predators 'n simbool van menslike geweldadigheid en aggressie, in Mama Schoeman se Rapunzel en die Tandemuis 'n simbool van menslike dekadensie, in Deuse Reich se Leader 'n simbool van menslike magsug en bombasme, in Braam Kruger se Madonna of Berea 'n simbool van menslike boosheid en haat...

Om as simbool van bepaalde menslike eienskappe te dien, word diere se voorkoms noodwendig vermenslik. Hulle dra op dié tentoonstelling soms klere, speel bal, sit aan tafel, lig hul wenkbroue meewarig, en koggel die aanskouer selfs geamuseerd uit ("Bow wow, I'm an animal and so are you" deur Toni Nkotsi). Die versmelting van mens en dier kan 'n baie oortuigende lewende entiteit tot gevolg hê waarmee die kyker hom emosioneel kan vereenselwig, soos Fanie Matjie se treffende Animal, wat op twee bene loop met die kop triestig tussen die skouers gedruk.

So 'n ewewigtige en oortuigende versmelting van mens en dier tot 'n lewenskragtige entiteit word egter nie altyd bereik nie. Wanneer die dier menslike gesigsuitdrukkings kry, kan die resultaat maklik 'n karikatuur wees wat 'n mens verstandelik amuseer, maar wat jou nie emosioneel oortuig nie.

'n Sekere karikatuuragtigheid in die menslike gesigsuitdrukking op die leeuagtige dier in Braam Kruger se Madonna of Berea ontneem dié dierasie egter van sy trefkrag as simbool van onheil. Teenoor die brose skoonheid van die vrouefigure à la Da Vinci word tekens van dreigende geweld gestel. Maar die dierasie se skeelooggesigsuitdrukking laat hom skadeloos komieklik lyk.

Daarteenoor het die kameel in Judith Mason se skildery Unfinished sketch for the journey of the Magi sy lewenskrag juis daaraan te danke dat hy geen kop het nie.

Ander boeiende stukke is Mboy Moshidi se Dancing Animal, 'n beeld wat lewende beweging eerder as 'n bepaalde dier vergestalt en Erika Hibbert se Suburban Empire, waarin die vel van Blake se vlammende tier as vloerbedekking diens doen.

Nog een wat opval is Anette Loubser se makabere skildery Vhavenda Incident, waarin 'n luislang iemand sensueel oorweldig.

The Blacks is moeilik, maar boeiend

The Blacks deur Jean Genet met Soli Philander, Peter Se-Puma, Nomsa Nene, Bill Carey en Kurt Egelhof.

ANDREW DONALDSON UIT GRAHAMSTAD

'n Hele ruk ná die aanvang van die Sondagaandvertoning van Truk se produksie van Bernard Frechtman se vertaling van Jean Genet se "The Blacks", het die Noluthando-saal skielik volgepak geword deur township-beskermhere wat laat was.

Dit het diegene wat van die begin af daar was, glad nie gepla nie; hulle was òf so meegevoer deur wat hulle aanskou het - en dit is 'n verbeeldingryke en boeiende produksie - òf andersins kon hulle bloot glad nie omgee nie; dat die steuring 'n welkome afleiding was omdat die werking van Genet se werk, 'n veelvuldigheid van verhoogdimensies (maskers, gesigte, dans, sang, ritme, ritueel, ens.) hulle nie geraak het nie.

Laasgenoemde was veral die geval, vermoed ek. Inderdaad was daar ná die vertoning die spreekwoordelike "rugger buggers" Kev, Gary en Wayne ("Hey, man, where's that chick with our beers) wat ernstig vir hulleself om verskoning gevra het dat hulle hulle geld gemors het.

Jammer, regtig, maar ek kan die gevoel verstaan. Hierdie is gewigtige werk; Genet, 'n tydgenoot van Sartre en wat deur baie as een van die beste dramaturge van die 20ste eeu beskou word, is in 1957 genader om 'n drama vir 'n dramagroep wat net uit swartes bestaan, te skryf en die produk, wat 'n oorsig van die intellektuele neigings van die tyd weergee, was 'n eksistensialistiese en sosio-politieke ondersoek van die swart mens se lot in 'n wêreld van wit heerskappy.

Volgens die programnotas "kan swartes hulleself nie as mense handhaaf solank as die 'deeglik-neergelegde mite' van die 'neger' wat oor meer as 300 jaar deur wit rasisme daargestel is, nie uitgeroei word nie." (Jeanette Savona, "Jean Genet").

Hierdie is dus Genet se intellektuele gewaarwordings en siende dat ons - in dié deel van die wêreld ten minste - te doen het met amper 400 jaar se wit rasisme, het regisseur Dieter Reible dit effens vir die plaaslike mark aangepas; die teks is gepeper met "kaffers", hier en daar 'n "kitskonstabel" en my gunsteling - "die witman se las".

Die struktuur is dié van teater self: 'n mooi voorbeeld van groepswerk, 'n swart geselskap (onder leiding van Soli Philander) wat die rolle vertolk van 'n groep swart akteurs wat 'n klugspel voor 'n wit gehoor aanbied en die tradisionele koloniale magsfigure - die aristokrasie, die weermag, vorstelike persone, die Katolieke kerk - verteenwoordig. Gevolglik is die weg gebaan vir dubbelsinnigheid (wie oordeel wie is hier die belangrikste?) en ontwikkelende parallelle.

Op die eenvoudigste vlak - te oordeel aan die laatkommers se reaksies - was The Blacks amper as 'n klug geslaagd; die groteske optrede van die gemaskerde "wittes", soms 'n rowwe, masterberende, rug-graatlose spul, het onmiddelik 'n reaksie van gelag en toesnouery by die gehoor uitgelok.

Hoër op was dinge moeiliker en ingewikkelder: dit was nie maklik om te volg nie, soms ontstellend, soms raaiselagtig, maar die hele tyd boeiend. Terwyl ek Noluthando verlaat het, het ek oorweeg om na Kev, Gary en Wayne te gaan soek en 'n bier saam met hulle te drink; ek het gevoel ek het dit verdien.

Alternators, los drade en tiemie

TOE breek my kar op Mooirivier.

Gelukkig kon kollegas dié ruimte op die kosblad vul, en dié week is ek terug.

Ek het reeds geruime tyd probleme met die elektriese stelsel van my kar, en het dit 'n hele paar keer na 'n sekere outo-elektrisiën geneem.

Ek moes onder meer omtrent R200 opdok vir werk wat aan 'n ou alternator gedoen is, terwyl 'n nuwe een R220 kos.

Op Mooirivier vertel die jong garage-eienaar, 'n Fransman, dat hy "my" outo-elektrisiën ken, en dat hy en sy broer "lanies" is wat nie toesig hou oor hul werkswinkel nie.

'n Halfuur later lig hy my in dat ek 'n trekker-alternator in my motor het, en dat die "nuwe" battery wat vroeër aan my verkoop is in werklikheid 'n ou battery is.

R288, 'n paar vasgemaakte drade en 'n nuwe battery verder, en ek is op pad. Las daarby oor die R300 wat ek vantevore betaal het, en ek sit nog steeds met 'n trekker-alternator, al werk hy nou.

Koskook het ook sy onderdele, en as een onderdeel foutief is bederf dit die hele gereg.

En lanies moet hulle ook nie met koskook besig hou nie. As jy nie wil toesig hou oor kos nie, moenie koskook nie.

Vandag wil ek skryf oor 'n klein maar baie belangrike onderdeeltjie van goeie kos: 'n krui met die naam tiemie.

Ná uie, sout en peper, knoffel en pietersielie, is tiemie die smaakmiddel wat miskien die meeste gebruik word - in Franse kos altans.

'n Basiese bouquet garni, wat 'n bossie kruie is, bevat altyd tiemie, pietersielie en 'n lourierblaar. Jy kry baie variasies op die tema: 'n groot verskeidenheid ander kruie, seldery en selfs lemoenskil kan deel vorm van 'n bouquet garni.

Gedroogde Suid-Afrikaanse tiemie is 'n onding. Daar is omtrent niks van die smaak oor nie, maar al die byt is daar.

Ek het onlangs by gebrek aan vars tiemie ingevoerde Duitse tiemie by Woolworths gekoop. Dit was 'n openbaring: die blaartjies is nog groen, en nadat ek daarmee gekook het, het ek agtergekom dat 'n groot deel van die smaak behoue gebly het.

Die botteltjie sê die tiemie is "gevriesdroog om die geur en kleur van vars kruie te behou". Plaas dit langs ons plaaslike produk, en jy sal nooit weer Suid-Afrikaanse gedroogde tiemie koop nie.

Die botteltjie sê ook 1 g gedroogde tiemie staan gelyk aan 10 g vars tiemie: oppas dus ...

Maar selfs hierdie ingevoerde tiemie is 'n flou skadu van die ware jakob: vars tiemie uit die tuin. Jy kan die gehalte van jou kos 'n hele paar grade opskuif deur 'n bossie tiemie of twee in jou tuin of selfs in 'n blombak op die vensterbank te plant.

Vars tiemie is die Heer se eie genade.

Om my vriend Jak - wat 'n klaagpot is dié man tog nie - gelukkig te hou, gee ek vandag 'n resep waarin vars tiemie onontbeerlik is.

Baie van ons het seker al Ierse bredie (Irish stew) geëet. Dis maar 'n valerige, sopperige mengsel van groente en vleis, en soos die Britte dit kook nie die moeite werd nie.

Maar gebruik die regte vars kruie, en siedaar, die vaalheid van die bredie word oorskadu deur die geur en smaak daarvan.

Dié resep is vir 6 mense en dit moet 2 uur of langer stadig kook.

1.5 kg lamskouer, bors, nek, dikrib in enige kombinasie, verkieslik ontbeen

3 groot melerige aartappels, geskil en in fyn skywe gesny (om die bredie dik te maak)

3 groot uie, geskil en fyngekap

sout en peper

bouquet garni (met 2-3 takkies vars tiemie)

12 baba-aartappels

12 baba-uie

2 selderystokke, slegs die wit gedeeltes

knippie fyn, vars salie (gaan steel dit by 'n vriend)

gekapte pietersielie

Sny die vleis is 50g-stukke. Plaas die aartappelskywe en uie saam met die bouquet garni op 'n bord.

Plaas 'n derde van die uie en 'n derde van die aartappels op die bodem van 'n swaar kastrol. Pak die helfte van die vleis op hierdie laag. Sprinkel sout en varsgemaalde swart peper en voeg die bouquet garni by.

Pak nog 'n derde van die aartappels en uie in 'n laag, dan die res van die vleis, nog 'n bietjie sout en peper en dan die res van die uie en aartappels. Voeg nog peper by: die bredie moet smáák hê.

Bedek met warm water tot net bokant die inhoud. Verhit tot kookpunt bo-op die stoof, en plaas in 'n oond teen 300 grade Fahrenheit (150 grade Celsius) vir 'n uur en 'n half.

Skil die baba-aartappels - as jy nie klein aartappeltjies het nie kan jy groot aartappels soos baba-aartappels sny. Plaas dit in koue water totdat jy dit by die bredie gooi.

Na 'n uur en 'n half moet die aartappels en uie heeltemal disintegreer. As daar stukke oorbly, kan jy die groente deur 'n sif druk. Voeg die klein uitjies, aartappeltjies en die seldery (in groterige stukke gesny) by. Druk dié groente goed onder die oppervlak van die vloeistof in, en voeg nog warm water by indien nodig.

Verhit tot kookpunt, bedek die kastrol met waspapier en plaas die deksel op. Plaas 45 minute in die oond of totdat die groente net-net sag is.

Verwyder die seldery (as jy wil) en bedien baie warm op warm borde. Sprinkel met fyngekapte pietersielie.

Selfs uit Ierland kom goeie goed - nadat die Franse dit beetgekry het.

As jy nie vars tiemie gebruik het nie, sal jy die verskil proe. Dis miskien nie 'n alternator nie, maar baie beslis 'n los draad.

Lekker eet en laat die wyn vloei.

KOOS COETZEE

ETE EN DRINKE





Ons is 'macho' genoeg

DIT het my báie seergemaak. 'n Hele 29 persent van Vrye Weekblad se lesers lees glad nie hierdie blad nie.

Miskien moet ons die rubriek staak, wonder ek toe in my skok en verbasing.

Maar toe sien ek 26 persent van die lesers lees dié blad altyd en en 'n hele 45 persent soms. Die vroue wat Vrye Weekblad se vraelys ingevul het, was maar 33 persent van die totaal.

As ons aanvaar dat al die vroue die blad lees, beteken dit nog steeds dat meer as die helfte van die mans die rubriek (soms) lees. Dit beskou ek as 'n deurbraak in ons "macho"-samelewing.

Is die dae van "vrou in die kombuis, kaalvoet en swanger" stadig besig om verby te gaan?

Maar miskien bluf ek as kosskrywer myself. Miskien lees die mans net kollega BJ Lankwarden se drankrubriek, en wil met resepte niks te make hê nie.

My vriend Jak het allerhande klagtes oor die kosrubriek: hy sê ek moet meer resepte vir die lesers gee. Ek skop daarteen, want ek wil oor kos gesels (en soms oor ander dinge ook).

Moet Vrye Weekblad se kosrubriek soos vrouetydskrifte s'n lyk? (baie resepte en aanwysings?)

Ek wil nog 'n paar artikels oor goeie kookboeke skryf. Skaf twee of drie daarvan aan, en kook lekker.

Stem jy met Jak saam? Het jy enige ander kritiek? Ete en Drinke is nie bang vir kritiek nie. Ek en BJ is "macho" genoeg om 'n hou op die kakebeen te vat. Ons hoor graag van jou.

KOOS COETZEE

Vergeet van wyn: Drink water!

BJ Lankwarden, ons drankskrywer, gesels oor 'n onderskatte drankie: water

EK kom nou net terug van 'n kort vakansie in Europa en wil iets sê oor 'n drankie wat altyd op die tafel is - oggendete, middagete en aandete. Dit is doodeenvoudige water, gebottelde mineraalwater.

In die verlede het veral die Franse dit gedrink, maar deesdae is dit oral in die mode - van San Francisco tot New York, van Londen tot Tokio tot Johannesburg.

Iemand het gesê die verkope van dié drankie styg die vinnigste ter wêreld, en hy is reg. Water is terug in die mode; nie net vir sy terapeutiese waarde nie maar ook omdat dit lig en maklik verteerbaar is.

In Suid-Afrika drink ons min mineraalwater - nie eens 'n liter elk per jaar nie. Die Franse drink gemiddeld 55 liter! Tog is daar baie soorte mineraalwater in Suid-Afrika op die mark, ingevoer sowel as 'n paar plaaslike soorte.

Schoonspruit is veral gewild en is beskikbaar met of sonder borrels. Die bruissoort bevat 5 of 6 gram koolsuurgas - 'n gemiddelde hoeveelheid - 'n liter en is lekker verfrissend.

Die meeste mineraalwaters bevat dieselfde hoeveelheid, terwyl Badoit en Vichy effens minder bevat.

Die Suid-Afrikaanse mineraalwater, Aquamaine, val ook in hierdie groep. Dit is is 'n interessante watertjie van Muldersdrift in die Transvaal, baie aangenaam en dit verdien wyer erkenning.

Caledon is nog 'n bruiswater in die medium-kategorie, soos die ingevoerde Perrier-water. Die Duitse Appolinaris, wat nie meer hier beskikbaar is nie, is 'n besondere sterk bruiswater omdat dit tot 9 g koolstofdiokside 'n liter bevat.

Net soos by wyn, word mineraalwaters in 'n sekere volgorde bedien.

Sterk bruiswater is 'n goeie aperitief en ligte bruiswater pas goed by 'n ete. "Stil" water soos Vittel, Evian en Abatilles is lekker saam met kos, maar dit is 'n móét saam met whisky, veral mout-whisky. Omdat die Franse Vichy, soos Vittel, effe alkalies is, word dit soms gedrink om voedselvertering aan te help.

'n Voorbeeld is Vichy Saint-Yorre. Dit het 'n sterk smaak weens sy hoë natrium-inhoud en is lekker indien jy daaraan gewoond raak.

In sommige lande het mense se drinkgewoontes so verander dat wyn-snobisme nou plek maar vir water-snobisme. By ons begin dit nou eers.

Ons eie Schoonspruit en Aquamaine kan kers opsteek by hul eweknieë in Europa. Ander soorte, soos Caledon, wat al 'n geruime tyd op die mark is, is soms smaakloos. Montaque en Baden ruik en smaak vreemd en jy sal 'n halwe kis moet uitdrink om daaraan gewoond te raak.

Onder die ingevoerde waters verkoop Perrier die beste - die verspreiding, smaak en advertensies is uitstekend. Badoit, wat soms beskikbaar is, is 'n lekker water en die eerste wat in plastiekbottels bemark is.

Ons plaaslike mineraalwater is net in glasbottels beskikbaar.

Vittel Grande Source is bruisloos en is bekend vir sy lae natriuminhoud. Dit is goed vir die niere, lewer en galblaas.

Evian is nog 'n stil water met 'n lae mineraalinhoud en die topverkoper in Frankryk. Meer as 800 miljoen liter word jaarliks gebottel.

Luso is 'n stil Portugese water met 'n lae mineraalinhoud en die topverkoper in dié land.

Hoewel die Britse Ashbourne soms hier beskikbaar is, is dit onverstaanbaar waarom hul Highland Spring nie op die mark is nie. Die koninklike gunsteling, Malvern Water, is ook nie hier te koop nie.

Italië se San Pellegrino is 'n ware mineraalwater omdat dit 'n verstommende hoë mineraalinhoud het. Dit is baie suiwer, goed vir lewer- en nierprobleme en is beskikbaar in die meeste Italiaanse restaurante. 'n Baie goeie water.

Onthou...

Koala Blu Restaurant

bedien besonderse kos uit Suidoos-Asië

Bel vir Eric om uit te vind van die wonderlike jazz Sondagaande:
482-2477/8

THE COMPANY

Vegetariese
en seekos-restaurant
Oop elke dag behalwe Maandae
11vm - 3.30nm en 6.30nm - 12.30
Rockeystraat 9a
Bellevue
648-0801

THE COMPANY IS SO LEKKER

HARRIDANS RESTAURANT

JANET TELIAN
JACQUI CRAIG

By die Mark-teater
Breëstraat, Newtown
Tel: 838-6960

Reza: In 'n ander lig gesien

Terry Norton en Reza de Wet repeteer.

CHRIS DU PLESSIS

Reza de Wet het jare gelede 'n belaglike tesis getiteld "The Alienation of Modern Man in Modern Drama" (of so iets - sy kan nie mooi onthou nie) tydens haar nagraadse kursus wat deur die gerespekteerde, wyle Robert Moore aangebied is, ingegee.

"Pretensieuse twak," sê sy nou daarvan. "Ons was jonk. Mens se twintigerjare is vreeslik deurmekaar..."

Sy is nog verwaaid (hoewel nie so ver verwyder van die realiteit dat sy nie huiwer voor sy haar ouderdom gee nie). Maar dit lyk of sy heel tuis voel met haar verstrooidheid.

Die belangrike ding is dat sy nog groei. Sy het nou 'n "nuwe fase" betree. Haar trefferstukke soos "Diepe Grond", "Nag Generaal" en "Op Dees Aarde" was grotendeels voertuie om haar persoonlike reaksionele gevoelens te verwerk en ten toon te stel - die reaksionele gevoelens wat in enige sensitiewe, denkende jong Afrikaner opduik ná 'n sessie met Christelike Hoër Onderwys en die aaklighede wat daarmee gepaard gaan. En daarvan het Reza gelukkig of ongelukkig 'n goeie dosis gehad as leerling van Oranje Hoër Meisies in Bloemfontein en 'n dramagraad op Kovsies.

Maar die aggressie ("Dit het my goed gedoen") is besig om te kwyn. Sy sien haarself en dinge nou in 'n ander lig. En sy is verbaas as ek daarop wys dat dit moontlik die oorsprong is van die titel van haar nuwe stuk, "In a Different Light", wat volgende week by die Markteater open.

Ons is nog in Grahamstad en praat oor 'n koppie tee, of iets, by die Settelaars Motel. Ons het hiernatoe gekom omdat dit "stiller" sou wees as die onderdorp waar derduisende feesgangers manies rondrits om die meer as duisend feesteliknede in een week in te pas. Die motel se stilte word verbreek deur iemand wat in die vertrek langsaan probeer blues oefen.

Reza vertrek die volgende dag Johannesburg toe. Sy is opgewonde oor die nuwe wendings in haar openbare lewe (buiten die tematiese verskuiwings in haar werk en lewenshouding, speel Reza - tien jaar ná haar eerste groot rol by die Markteater - weer self in haar stuk), maar ietwat huiwerig om die settelaarsdorpie te verlaat vir die wêreld se enigste groot stad sonder 'n rivier.

"Grahamstad was goed vir my," verduidelik sy. Sy en haar man Lindsey (wat sy 15 jaar gelede tydens haar werk aan Truk se kortstondige "avante garde"-projek in die Arena-teater ontmoet het), het sowat ses jaar gelede na die dorpie verhuis. Sy kon vir die eerste keer die druk van ouers, vriende en mense se verwagtinge afskud. "Alles is hier so lekker deurmekaar. Bietjie oorblyfsels van kolonialisme, Afrika...Dis 'n no-mans land."

"In a Different Light" is 'n weerspieëling van Reza se persoonlikheid SONDER die reaksie op sosiale druk. Die Tsjechof-agtige stuk behandel die intense perspektief-verskuiwings wat in menslike kommunikasie plaasvind. Die chaotiese verstrengeling in mekaar se psiges. Hoe mense se persoonlikheidstrukture verander afhangende van die mense met wie hulle te doen kry. Die magspeletjies. Sielkundige oorlewing...

Dis ook in 'n ander sin kommentaar op die eh... deurmekaar verlede. Die dae toe sy en Clarabell van Niekerk in *Parktown "voltyds mal was"*.

Sy het lank gesukkel om die regte akteurs te kies. En het gekry wat sy gesoek het in Andrew Buckland, David Minaar, Terry Norton en haarself. Hulle sal saam die "kommunikale ritualistiese ervaring" tussen die akteurs en die gehoor bewerkstellig.

Wat hulle NIE sal doen nie, is lesse leer.

Reza HAAT konsep-teater. Hoewel sy self skuld dra vir die skepping daarvan in "vroeër dae". Met konsep-teater bedoel sy "teater wat 'n sekere wêreldsiening propageer of 'n sekere PUNT maak. Iets sê wat jy van die stuk kan skei."

'n Teaterstuk moet selfstandig staan en nie gebruik word vir enige doel behalwe die stuk self nie, volgens Reza. "Teater kan van sulke issues gebruik maak, maar moet nooit daardeur *gebruik word* nie."

Sy noem weer Tsjechof as voorbeeld - hy het dit reggekry om sy stukke selfstandig te hou. En die Rus Meyerhold, wat deur Stalin ter dood veroordeel is omdat hy nie politieke propaganda wou opvoer nie.

"Sensuur is sensuur," verduidelik Reza. "Maak nie saak waar dit vandaan kom nie - van links of regs. Dis fasisties om van teater te VERWAG om ENIGE boodskap oor te dra buiten dit wat natuurlik uit die stuk spruit..."

Verskuiwing en nuwe insigte of nie. Die stuk beloof om weer eens 'n gewilde persoonlike revolusie onder Johannesburgse teatergangers te bewerkstellig.

'n Gawe liberale verhaaltjie

An African Dream, onder regie van John Smallcombe. Met Kitty Aldridge, Dominic Jephcott, John Kani en Joy Stewart-Spence

ANDREA VINASSA

Kitty Aldridge en John Kani in An African Dream

In die geval van An African Dream is die pad na die hemel vol goeie bedoelings.

Hoewel dit - dankie tog - afwyk van die klomp kommersiële snert vir die Amerikaanse mark wat in die afgelope jare hier verfilm is, ontgin die prent nie die potensiaal van die storie nie.

Die prent se groot probleem is sy simplistiese siening van rasse-diskriminasie in koloniale Afrika teen die eeuwending en daar is net te veel teepartytjies met die Susters van die (Britse) Ryk.

Die prent herinner aan David Lean se A Passage to India, eerder as A Room with a View, Picnic at Hanging Rock en Out of Africa - wat die filmmakers heel ambisieus as hul inspirasie aangee. Die voor-op-die-wa feministiese gees van die Australiese prent My Brilliant Career word in die hoofkarakter weergegee... die Britse aktrise Kitty Aldridge speel 'n Britse onderwyseres wat Afrika toe kom om saam met haar nuwe man in die Karoo te boer.

Sy knoop 'n platoniese vriendskap aan met 'n swart onderwyser wat teruggekeer het na die kolonie waar hy grootgeword het, nadat hy in die buiteland 'n paar grade ingepalm het.

Natuurlik steek die twee se verhouding die preutse gemeenskappie - 'n voorbeeldige Britse heerskappy in die kleine - dwars in die krop.

Die dames hoes en proes en die rowwe man besluit om die saak met geweld op te los... dis 'n heel gawe liberale verhaaltjie, maar sonder veel binnegoed.

Dis die Britse vervaardiger en regisseur John Smallcombe se eerste en enigste prent en sy gebrek aan ervaring - op 'n tegniese sowel as artistieke vlak - is al te duidelik.

Te oordeel aan die stywe toneelspel van veral John Kani, wat deurgaans die stemming van vrome selfgenoegsaamheid handhaaf, lyk dit of Smallcombe gesukkel het om met die akteurs te werk.

Pioniersverhale soos dié is die soort prent wat die Australiese rolprentbedryf op dreef gebring het, maar die Australiërs het hul eie geskiedenis met meer diepte en passie benader as wat hier die geval is.

An African Dream is per slot van rekening net 'n koloniale verlenging van die Britse rolprentbedryf waarin die Britte probeer vergoed vir hulle misdrywe in die kolonies.

Die belangrikste saak is nie die swartman se dilemma nie - hy is in die buiteland opgevoed en sukkel dus om weer by die tradisionele Afrika-lewenstyl aan te pas - maar die hardegat Britse vrou se soeke na selfbeskikking.

dié week by die
MARK-TEATER

MARK-TEATER
Maan - Vry: 8nm
Sat: 5.30nm & 9.15nm
MY CHILDREN! MY AFRICA!
Regie deur Athol Fugard
Met John Kani, Kathy Jo Ross en Rapulan Seiphemo.

UPSTAIRS-TEATER
IN A DIFFERENT LIGHT
deur Reza de Wet
Maan - Vry: 8.30nm
Sat: 6.15nm & 9.15nm

DIE LAAGER
Maan - Vry: 8.30nm
Sat: 6.15nm & 9.15nm
BIG BOYS
Regie deur Gerrit Schoonhoven

WAREHOUSE BY DIE MARK
INYANGA WOMEN OF AFRICA
Dins tot Vry: 8nm
Sat: 6nm tot 9nm Son 6nm

KIPPIES BY DIE MARK
Dins - Don: 8.30 (Ingangsfooi R6)
Vry - Son: 8.30nm (Ingangsfooi R8)
GENUINES

MARKGALERYE
Groot Galery
Peter Magubane
Kinderarbeid in Soweto
Klein Galery
Alf Khumalo
Foto's van vroue uit 'n fotograaf se portefeulie

EKSPERIMENTELE MUUR
Johan Inglefritz

Telefoon 832-1641

MUSIEK

Jameson's Bar, Commissionerstraat: 'n Wye verskeidenheid SA musiek: van mbaqanga tot pseudo-samba. Jazz saam met Saterdagmiddagete; geen toegangsgeld. Wired the Floor speel vanaand, Saterdag- en Sondagaand. Johannesburg City Stars, 'n jive-band, speel Dinsdag-Woensdag- en Donderdagaand.

Koala Blu, Melville: Jazz elke Sondag in die binnehof aangebied deur die Transvaalse Jazzklub.

Roxy Rhythm Bar, Mainstraat, Melville: Luidrugtige bierpens-studenteplek. Vanaand: African Jazz Pioneers. Saterdag: Jack's Band. Maandag: Wendy Oldfield. Dinsdag: Little Sister. Woensdag: Rush Hour. Donderdag: The Jive.

The Junction, h/v Breë- en Claimstraat: "Ouer" rock en new wave, beter as die disko-twak op ander plekke. Chris Prior en Neil Johnson is soms op Saterdagaande die platejoggies. Aanbeveel vir denkende jollers.

Kipples, Mark-teater, Newtown: Township-jive se meer voorstedelike gelyke. Genuines speel hier tot 22 Julie.

The Thunderdome, h/v Claim- en Noordstraat: "Mega"-disko, kroeë en groepe. Baie spieëls en hoë hakke. Oop van Dinsdae tot Saterdae.

Rumours, Rockeystraat: 'n Tipiese Rockey-straatse laataand-"joint" vir mense wat soms werk ook.

Late Nite Duke's, Melville: Laatnag-alternatief vir Rockey-straat. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdae vir middagete. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien.

Club Manzattan, Moletsane, Soweto: Hoër-inkomstegroep disko. Oop van 11 nm. Maandae en Dinsdae is toegang gratis. Twee gratis biere op aande wanneer toegang gevra word. Alle soorte musiek.

Idols, bokant van Endstraat: Juppie-paradys! Lang toue van baie entoesiastiese jollers buite. Almal baie mooi.

Easy By Night, Natalspruit: Hoë-inkomstegroep jollers. Baie gewild onder Sowetane op Woensdagaande.

Club Status, Fun Valley: Disko met baie dansplek. Syndicate met Ronnie Joyce speel gereeld.

Hard Rock Cafe, Oxfordlaan 204, Illovo: Gewilde tiener-uithangplek wat so goed doen dat hulle selfs T-hemde (met hulle naam op) met welslae bemark.

King of Clubs, h/v Marken Von Wiellighstraat: Hi-NRG gemors op boonste verdieping op Woensdae, Donderdae, Vrydae, Saterdae en Sondae.

Blues, Marshallstraat 165: Wesens van die noordelike voorstede (se uithangplek.

Reggae vibes is koel

Dis koele vibrasies by **The Base** waar die hele week gewy word aan 'n Reggae Sunsplash! Met drie orkeste, Africa Iration (nou bekend as Brüder Mann Workshop (BMW)), Sufferers and Regulars elke aand tot die laaste mense waai.

Tatler's, Silversands, Seepunt: Rumours speel vanaand en Saterdagaand. Sondagaand is Jeff Weiner en Mainstream aan die beurt. Rumours tree weer Woensdag- en Donderdagaand op.

Arties Cellar Pub, Riebeeckstraat 34: Verskeie jazz-groepe tree elke Saterdagmiddag tussen 2 en 6 hier op.

TEATER

Big Boys, Laager, Markteater. Geskryf deur Charles Fourie, regie deur Gerrit Schoonhoven. Baie local, baie lekker. Tot 22 Julie.

The Pied Piper deur Joyce Levinson is by Windybrow se Adcock Ingram-teater te sien. Met Johnathan Taylor en Cassandra Holliday.

André Huguenet-teater, Hillbrow: **Who Goes Bare** met Errol Hart, Eleni Cousins en Malcolm Terrey duur tot 5 Augustus.

My Children! My Africa! Hoofteater, Markteater, Newtown. Met John Kani, Kathy Jo Ross en Rapulan Seiphemo. Eenvoudige, roerende Fugard.

Inyanga Women of Africa by die Markteater se Warehouse. Met onder andere Jennifer Ferguson. 3 September.

Vanessa Cooke, Paddy Canavan en John Whiteley in Blithe Spirit deur Noel Coward wat Sondagaand by die Alhambra-teater in Doornfontein begin.

Black Sun: (Louis Bothalaan - Orange Grove). **The Devil and Billy Markham** met Mike Aronstan is Dinsdae tot Sondae om 8:30 nm in die hoofteater te sien. 'n Musikale Revue, **Blonde Sisters,** met Sue Marshall, Judy Broderick en Mandy Kunene (en Brian Schmimmell op Klavier) is 10:30 op Dinsdag-, Donderdag- en Saterdagaande. **A Piece of Sky,** 'n musikale blyspel deur Michelle Hill en Van Schoombee is elke Woensdag-, Vrydag- en Sondagaand om 10:30 te sien. **Elsabe Zietsman** verskyn slegs vir middernagvertonings in **Cabaret,** elke Vrydag- en Saterdagaand. Die bekroonde **Bring Back the Drums** deur Maishe Maponya is net vir een week te sien voor dit oorsee vertrek.

In a Different Light deur Reza de Wet open 20 Julie in die Markteater se Upstairs. Voorskou 17 Julie. Tot 12 Augustus.

KAAPSTAD

Baxter-teater, Mainstraat: **"Buckingham Palace" - District Six** van die onlangs-vermoorde Richard Rive duur tot einde Julie. Stagedoor: **A Room with a Review** tot 29 Julie. In die Studio is daar kinderteater met **The Princess and the Pea.** Tot 15 Julie. Pieter Dirk Uys se **Just like Home** begin 19 Julie. Tot 5 Augustus.

Nico Malan, Strandgebied: **Aspoestertjie** word deur Kruik in die Teater aangebied, tot 15 Julie. Shakespeare se bloedige **Macbeth,** oorgeskryf deur Heiner Müller en onder regie van Marthinus Basson, open 15 Julie en duur tot 12 Augustus. Jill Fletcher se **Blarney, SA!** met Ronald Barnes en Michelle Galloway is in die Arena te sien tot 15 Julie. **Skeletons** begin op 17 Julie, en duur net tot 21 Julie; opgevoer deur 'n dramagroep van die Universiteit van Namibia. 'n Musiekblyspel deur Andrew Lloyd Webber en Tim Rice, **Joseph and the Amazing Technicolor Dreamcoat,** is in die Operahuis te sien tot 22 Julie; met André Schwartz en Johan Engelbrecht.

GALERYE

Johannesburgse Kunsmuseum, Joubertpark, Kleinstraat: Beelde: Images in Wood. Duur tot 13 Augustus.

Kim Sacks-galery, Cavendishstraat, Bellevue: klere, krale- en handwerk uit Botswana. Kuns van die San, Herero en Mbukushu.

Markteater, Newtown: Foto-uitstalling van Peter Magubane genaamd Child Labour in Soweto. Tot 5 Augustus.

Gallery on the Market, Newtown: Uitstalling genaamd Animals. Sluit werk van talle bekende plaaslike kunstenaars in.

Galery 21: Izak de Villiers se uitstalling van skilderye en etswerke open 18 Julie. Tot eerste week van Augustus.

Cassirer-galery, Mutualplein, Rosebank: Skilderye en tekeninge deur Nel Erasmus. Tot Saterdag. Algemene uitstalling van Japanse en Chinese kunswerk. Tot einde Julie.

African Magic: Inheemse handwerk en kunsartikels. Ongewoon en outentiek. Rockeystraat 20, Bellevue, Johannesburg, en Milkwoodsentrum 9a, Plettenbergbaai.

Zona. Naïewe Afrika-kuns en -appliek; inheemse handwerk en kuns. Grantlaan 64, Norwood, Johannesburg.

KAAPSTAD

Baxter-kunsgalery: Groepsuitstalling van kuns en fotografie genaamd Hanover Street - oor Distrik Ses. Tot einde Julie.

Cape Gallery, Kerkstraat 60: Galeryversameling van onder andere Ruth Squibb, Nico Verboom en Douglas Treasure. Tot einde Julie.

NU METRO THEATRES PRETORIA
Now Showing 14 July - 20 July
OSCAR 341-7682 Jeppe Street, Sunnyside
INDIANA JONES and the LAST CRUSADE
Action Adventure (A) Harrison Ford Sean Connery DAILY 9 30 12 00, 2 30 5 15 7 45 10 15
METRO 44-9867 Esselen Street, Sunnyside
THE 'BURBS
Comedy (A) Tom Hanks, Carrie Fisher DAILY 9 45 12 15, 2 30 5 15 7 45 10 00
VILLAGE 44-6096
1 POLICE ACADEMY 6
A Riotous Comedy (A) Bubba Smith, Michael Winslow DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00 JULY 17, 9 45 a m SOLD OUT
2 THE PRINCESS BRIDE
A Comic Tale of Love and Adventure (A) Mandy Patinkin, Chris Sarandon DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
MENLYNPARK 47-4568/348-8611 Atterbury Rd., Menlyn Park
1 INDIANA JONES and the LAST CRUSADE
Action Adventure (A) Harrison Ford, Sean Connery DAILY: 9 30 12 00 2 30 5 15 7 45 10 15
2 TIMOTHY DALTON as IAN FLEMING'S JAMES BOND 007 LICENCE TO KILL
(PG 2-10) DAILY 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10 15
3 POLICE ACADEMY 6
A Riotous Comedy (A) Bubba Smith, Michael Winslow DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 THE PRINCESS BRIDE
A Comic Tale of Love and Adventure (A) Mandy Patinkin, Chris Sarandon MON-SAT 6 00 8 30
150 TEQUILA SUNRISE
An Erotic Thriller (2-18) Mel Gibson, Michelle Pfeiffer MON-SAT 6 00 8 30
BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO THEATRES
NOW SHOWING 14 JULY-20 JULY BOOK AT COMPUTICKET
NU METRO CITY 1-8 CLAIM STREET 337-3033
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE Harrison Ford, Sean Connery (A) DAILY 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10 15
THE 'BURBS Tom Hanks, Carrie Fisher (A) DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
POLICE ACADEMY 6 Bubba Smith, Michael Winslow (A) DAILY 9 45, 12, 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 15
THE PRINCESS BRIDE Mandy Patinkin, Chris Sarandon (A) DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
TEQUILA SUNRISE Mel Gibson, Michelle Pfeiffer (2-18) DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
LAST RITES Tom Berenger, Daphne Zuniga (2-18) DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
KINJITE Charles Bronson, Perry Lopez (2-16) DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
A CRY IN THE DARK Meryl Streep, Sam Neill (2-14) DAILY: 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10 15
MARKET ST. METRO 29-8493
POLICE ACADEMY 6 Bubba Smith, Michael Winslow (A) DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE Harrison Ford, Sean Connery (A) DAILY: 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10 15
THE 'BURBS Tom Hanks, Carrie Fisher (A) DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
HYDE PARK METRO 447-3091
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE Harrison Ford, Sean Connery (A) DAILY: 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10 15
THE 'BURBS Tom Hanks, Carrie Fisher (A) DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45 10 00
BALFOUR PARK METRO 887-8548
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE Harrison Ford, Sean Connery (A) DAILY: 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10 15
THE 'BURBS Tom Hanks, Carrie Fisher (A) DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
ALBERTON METRO 907-2362
THE 'BURBS Tom Hanks, Carrie Fisher (A) DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
POLICE ACADEMY 6 Bubba Smith, Michael Winslow (A) DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
LEBA KLERKSDORP (018) 24564
THE 'BURBS Tom Hanks, Carrie Fisher (A) DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE Harrison Ford, Sean Connery (A) DAILY: 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10 15
VAAL VEREENIGING (016) 21-1339
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE Harrison Ford, Sean Connery (A) DAILY: 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10 15
THE 'BURBS Tom Hanks, Carrie Fisher (A) DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 THE PRINCESS BRIDE Mandy Patinkin, Chris Sarandon (A) MON-SAT: 6 00, 8 30
150 TEQUILA SUNRISE Mel Gibson, Michelle Pfeiffer (2-18) MON-SAT 6 00, 8 30
MEGACITY METRO MMABATHO (0140) 2-3553
LICENCE TO KILL Timothy Dalton as James Bond (PG 2-10) DAILY 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10 15
MOONWALKER Michael Jackson, Sean Lennon (A) DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
KINJITE Charles Bronson, Perry Lopez (2-16) DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
YOU CAN'T HURRY LOVE Charles Grodin, Kristy McNicol (2-18) DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
CINESUN MMABATHO SUN HOTEL (0140) 2-1144 EXT. 2830
NOW SHOWING: Ted LePlat, Sandra du Plessis IN THE NAME OF BLOOD Thriller (2-12)
HILLBROW METRO 724-2511 1-7
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE Harrison Ford, Sean Connery (A) DAILY 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10 15
THE 'BURBS Tom Hanks, Carrie Fisher (A) DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
POLICE ACADEMY 6 Bubba Smith, Michael Winslow (A) DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
LAST RITES Tom Berenger, Daphne Zuniga (2-18) DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
THE PRINCESS BRIDE Mandy Patinkin, Chris Sarandon (A) DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
OLIVER AND COMPANY Walt Disney's Biggest Animated Feature Ever! (A) DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10 00
